

**DIE IMPAK VAN DIE GRENSOORLOG (SWA/ANGOLA) OP DIE LEWENS VAN  
SOLDATE, AAN DIE HAND VAN VERTELLINGS UIT DIE OORLOG**

**Alida Boshoff**

**Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereiste vir die graad van Magister  
in die Lettere en Wysbegeerte (Afrikaanse Kultuurgeskiedenis) aan die Universiteit van  
Stellenbosch**



**Studieleier: Dr. M. Burden**

**Maart 2000**

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.



## OPSOMMING

Die veronderstelling is dat gebeure gedurende die grensoorlog (SWA/Angola) 'n invloed/impak op die soldate wat daaraan deelgeneem het, se lewens gehad het. Sekere ervarings is in hulle geheue vasgelê en kom in die vorm van belewenisvertellings en staaltjies na vore, wat 'n ryke skat van volkswoordkuns bied. Dit verdien daarom om vanuit 'n kultuurhistoriese oogpunt opgeteken en bewaar te word. Die studie vertolk die vertellings teen die agtergrond van die grensoorlog en bepaal die verband tussen die vertellings en die invloed van die oorlog op die lewens van soldate.

Voorbeelde van oorlogshumor word gegroepeer in verhale wat handel oor persoonlike higiëne, misverstande, kwajongstreke, poetse en ander humoristiese insidente. Soos in enige oorlog, is soldate gekonfronteer met onaangename wedervarings soos slegte nuus van die huis af, die dood van makkers en die vyand, wedervarings met wilde diere en die verlies van troeteldiere. Vertellings oor soldate se ervarings tydens kontak met die vyand verleen insig in die werking van die menslike gees en is gegroepeer in heldedade, noue ontkomings en gevoelens wat ervaar is in kontak met die vyand. Sover bekend bestaan daar nie legendes uit die grensoorlog nie, maar daar is van 'n hele paar legendariese karakters vertel. Vanweë hulle onverskrokkenheid en vernuf kan verhale oor helikoptervlieëniërs en spoorsnyers met verloop van tyd legendes word. Mites is verhale wat uit die volksgeloof spruit en waarin God of gode 'n belangrike rol speel. Verhale uit die grensoorlog wat handel oor kapelane en godsdienste, is egter nie mites nie maar belewenisvertellings met 'n godsdienstige strekking.

Uit die vertellings blyk dit dat godsdienste 'n belangrike rol in die lewens van soldate gespeel het en dat daar 'n kinderlike vertrouensverhouding in 'n Hoër Hand was. Leiersfigure, spoorsnyers en helikoptervlieëniërs is geïdentifiseer as belangrike persone in soldate se oorlewingstryd. Daar was ook 'n behoefte aan vroulike geselskap en teenwoordigheid. Troeteldiere het 'n belangrike rol gespeel om uiting te gee aan emosies. Soldate het konfrontasie met die dood en die vyand elkeen op sy eie unieke manier beleef. Ten spyte van ontberings, is daar heelwat verhale met 'n humoristiese strekking vertel en dit kan beskou word as 'n manier om onaangename ervarings te hanteer en te verwerk.

## SUMMARY

It is assumed that events during the border war (SWA/Angola) had an influence/impact on the lives of soldiers who took part in it. Some experiences have become embedded in their memories and are reflected in yarns about such episodes and anecdotes that constitute a wealth of oral art. From a cultural history point of view, these therefore deserve to be recorded and conserved. The study interprets the narratives against the background of the border war and determines the relationship between these stories and the influence of the war on the lives of soldiers.

Examples of war humour are grouped into stories about personal hygiene, misunderstandings, boyish pranks, practical jokes and other humorous incidents. As in any war, soldiers were confronted with unpleasant experiences such as bad news from home, the death of comrades and the enemy, adventures with wild animals and the loss of pets. Tales about soldiers' experiences during contact with the enemy allow one to gain insight into the functioning of the human mind. These stories are grouped into heroic deeds, narrow escapes and feelings experienced in contact with the enemy. As far as is known, no legends had their origin in the border war, but stories about quite a few legendary characters are told. Stories about helicopter pilots and trackers might eventually develop into legends, because of the fearlessness and skill of these people. Myths are stories originating in folkbelief, in which God or the gods play an important role. However, stories from the border war about chaplains and religion are not myths, but tales about personal experience with a religious inclination.

It is clear from the narratives that religion played an important role in the lives of soldiers and that they had a child-like trust in a Supreme Being. Leaders, trackers and helicopter pilots were identified as important people in soldiers' battle for survival. They also had a need of female company and the presence of women. Pets played a significant role in allowing them to express their emotions. Each soldier experienced confrontation with death and the enemy in his own unique manner. In spite of hardships, many tales of a humorous nature were told. This can be regarded as a way of dealing and coping with unpleasant experiences.

**Opedra aan die gewone mense wie se lewens deur die grensoorlog geraak is**





## INHOUDSOPGAWE

	<u>Bladsy</u>
INLEIDING	1
1 AGTERGROND	4
1.1 Agtergrond tot die grensoorlog	4
1.1.1 SWAPO gaan oor tot die gewapende stryd	4
1.1.2 Die veiligheidsituasie in Angola	5
1.1.3 SWAPO trek voordeel uit die situasie in Angola	6
1.1.4 Toenemende magsopbou in Angola	6
1.1.5 Oponerende magte na die konferensietafel	7
1.1.6 Samevatting	7
1.2 Die Afrikaanse volksverhaal in die algemeen	7
1.2.1 Die waarde van die volksverhaal	7
1.2.2 Die rol van taal in die volksverhaal	8
1.2.3 Die volksverhaal as deel van volkskunde en <i>folklore</i>	8
1.2.4 Die volksverhaal teenoor letterkunde	9
1.2.5 Die rol van die volksverhaal in historiese en kultuurhistoriese navorsing	10
1.2.6 Navorsing oor die Afrikaanse volksverhaal	10
1.2.7 Soorte Afrikaanse volksverhale	11
1.2.8 Omskrywing en geskiedenis van 'n belewenisvertelling	11
1.2.9 Tydgenootlike belewenisvertellings	13
1.2.10 Tydgenootlike stadstories	14
1.2.10.1 Navorsing in Amerika	14
1.2.10.2 Navorsing oor <i>urban legends</i>	15
1.2.11 Samevattend	16
1.3 Oorlogsliteratuur	17
1.3.1 Literatuur oor die grensoorlog vanuit 'n historiese perspektief	17
1.3.2 Literêre werke en fiksieverhale met die grensoorlog as tema	17
1.3.3 Literatuur wat handel oor die Anglo-Boereoorlog	18
1.3.4 Belewenisvertellings van die grensoorlog wat reeds opgeteken is	19
1.3.5 Slotsom	20

2.	OORLOGSHUMOR UIT DIE GRENSOORLOG	22
2.1	Inleiding	22
2.2	Weermagtaal en -uitdrukkings	22
2.3	Verhale wat handel oor persoonlike higiëne	23
2.3.1	Die las van motte en vlieë	23
2.3.2	Om te was en te bad	23
2.3.3	Badtyd op die vlaktes	24
2.3.4	Die mediese personeel se bad	24
2.3.5	Die lugmagpersoneel se toilet	24
2.3.6	Die luukse van toiletpapier en toiletpapiergebruik	25
2.4	Ander humoristiese insidente	25
2.4.1	Probleme met die suster	25
2.4.2	Geheimhouding oor optredes in Suidwes-Afrika en Angola	28
2.4.3	Spottery oor geklassifiseerde dokumente	29
2.4.4	Mense wat onder dekking gewerk het	29
2.4.5	Koffiedrinkery	29
2.4.6	Die burgemeester van Rundu	30
2.4.7	Drawwery op die Rehobothpad	30
2.4.8	'n Funksie vir burgerlikes	30
2.4.9	'n Lid van die vyand in 'n bevelsvoertuig	31
2.4.10	Tsetsevlieg-beheerpunte	32
2.4.11	Die dronk kriptograaf	32
2.4.12	Die inbring van helikopters	33
2.4.13	Brugspeel	33
2.4.14	Die hardekwass Portugees	34
2.5	Kommunikasieprobleme en misverstande	34
2.5.1	Misgissing deur die vyand	34
2.5.2	Die onwillige passasier	35
2.5.3	Kommunikasie met rou Boesmans	35
2.5.4	Kommunikasie met Portugese kinders	35
2.5.5	Die kommunikasiegaping oor teaterdoeke	36
2.5.6	Die groot misverstand	36

2.6	Poetse en kwajongstreke	36
2.6.1	Poetse op die samjoor	37
2.6.2	Die episode met die springhaas	37
2.6.3	Kwajongstreke	37
2.7	Evaluering	38
3	ONAANGENAME WEDERVARINGS	39
3.1	Inleiding	39
3.2	Weermagtaal en -uitdrukkings	40
3.3	Afsêbriewe en slegte nuus van die huis af	40
3.3.1	Belangrikheid van pos	40
3.3.2	Gevoelens na 'n <i>dear Johnny</i> brief	41
3.3.3	Die netjiese korporaal	41
3.3.4	Kansvatters	42
3.4	Die dood van makkers en die vyand	42
3.4.1	Ontkenning van die dood	42
3.4.2	Die Portugese pelotonleiers en Robbie Robeiro	42
3.4.3	Dood van makkers as gevolg van 'n landmyn	43
3.4.4	Die breker	43
3.4.5	Die dood van 'n vriend	44
3.4.6	Die helfte van 'n peloton uitgewis	44
3.4.7	Gevoelens oor 'n broer	45
3.4.8	Die laaste eerbetoon	45
3.5	Wedervarings met wilde diere	45
3.5.1	Die honger leeus	45
3.5.2	Leeus in die Etoshapan	46
3.5.3	Vasgekeer tussen twee gevare	46
3.5.4	Ondervindings met olifante	46
3.5.5	'n Ondervinding met 'n slang	47
3.6	Troeteldiere wat aangehou is	48
3.6.1	Die arend	48
3.6.2	Die honde van Katima Mulilo	48
3.6.3	Aasvoël	49



3.6.4	Jolinda en Castro	50
3.7	Evaluering	50
4	IN KONTAK MET DIE VYAND	52
4.1	Inleiding	52
4.2	Weermagtaal en -uitdrukings	52
4.3	Heldedade	53
4.3.1	'n Vyandelike tenk uitgeskiet deur 'n Ratel	53
4.3.2	Vyandelike tenks uitgeskiet deur pantserkarre	54
4.3.3	'n Aanval op 'n voorbereide vyand	55
4.3.4	'n Lugaanval op Cuvelai	55
4.3.5	Heroïese chirurgie	56
4.4	Noue ontkomings	57
4.4.1	'n Ratel byna uitgeskiet	57
4.4.2	'n Hewige mortieraanval	57
4.4.3	'n Alouette met min brandstof	58
4.4.4	Die Puma wat uitgebrand het	59
4.4.5	'n Landing op Mpacha	60
4.4.6	Teikenfiksasie	60
4.4.7	Die penarie van valskermsoldate	61
4.5	Ander situasies in kontak met die vyand	61
4.5.1	Die aanval op Katima Mulilo	61
4.5.2	Die parate lugmag	62
4.5.3	Die disko	62
4.5.4	Die watertoring by Ongiva	63
4.5.5	Jakkalsoperasies	63
4.6	Gevoelens tydens kontaksituasies	63
4.6.1	Gevoelens in loopgrawe	63
4.6.2	Belewing van tyd in 'n kontaksituasie	64
4.6.3	Gewaarwordings wanneer vliegtuie gehoor word	64
4.6.4	'n Gekwelde vraag	65
4.6.5	Vrees vir verdwaal	65
4.6.6	Stilte in die bos	65



4.7	Evaluering	66
5	GROOTLIEGVERHALE EN LEGENDARIESE KARAKTERS	68
5.1	Inleiding	68
5.2	Weermagtaal	68
5.3	Grootliegverhale	69
5.3.1	Rambo	69
5.3.2	'n Medalje vir grootliegstories	69
5.3.3	'n Moontlike verklaring vir grootspog- en grootliegverhale	69
5.4	Legendariese karakters	70
5.4.1	Jan Breytenbach	70
5.4.2	Constand Viljoen	71
5.4.3	Die Baron	71
5.4.4	Tant Poppie	72
5.4.5	Helikoptervlieëniers	72
5.4.6	Grootvoet	73
5.5	Spoorsnyers	73
5.5.1	Dewald de Beer	74
5.5.2	Die reuk van vrees	74
5.5.3	Vambovernuf	75
5.6	Evaluering	75
6	KAPELANE EN GODSDIENS	78
6.1	Inleiding	78
6.2	Weermagtaal	79
6.3	Vertellings oor kapelane en godsdiens	79
6.3.1	Die nuwe stad	79
6.3.2	Die dominee en sy whisky	79
6.3.3	Die kortste preek	79
6.3.4	'n Ongelowige kom tot bekering	80
6.3.5	Die Hoër Hand	80
6.3.6	Kersfees in die bos	80
6.3.7	'n Lewensles	81
6.4	Evaluering	81

7	EVALUERING	83
7.1	Hipotese	83
7.2	Die rol van kapelane en die godsdiens	83
7.3	Belangrike persone in die lewens van soldate	84
7.4	Die gebrek aan vroulike teenwoordigheid	84
7.5	Die rol van troeteldiere	84
7.6	Konfrontasie met die vyand en die dood	85
7.7	Die rol van humor	85
	BRONNE	87

## INLEIDING

### **Probleemstelling**

Gebeure gedurende die grensoorlog (SWA/Angola) het 'n vermeende invloed/impak op die soldate wat daaraan deelgeneem het, se lewens gehad. Sekere ervarings is vasgelê in hulle geheue en kom in die vorm van belewenisvertellings na vore. Die verhale is nog nie vanuit 'n kultuurhistoriese oogpunt opgeteken nie en bied 'n ryke skat van volkswoordkuns. Aangesien tien jaar verloop het sedert die oorlog ten einde geloop het is dit 'n geskikte tyd om die vertellings op te teken.

Waar die vakdissipline Sielkunde moontlik 'n ondersoek sou kon loods na die sielkundige implikasies en nagevolge van die grensoorlog, is die kultuurhistorikus geïnteresseerd in die invloed van die oorlog op die alledaagse lewe van die soldaat. Die doel is ook nie om die verloop van die grensoorlog feitelik en histories korrek op te teken nie, aangesien belewenisvertellings soldate se persoonlike emosies en ervarings reflekteer en nie noodwendig histories korrek is nie. Die gewone soldaat is in hierdie vertellings self aan die woord.

Anders as tradisionele vertellings soos byvoorbeeld dié oor Paul Kruger en die heldeverhaal van Racheltjie de Beer wat in een of ander vorm bly voortbestaan, is vertellings uit die grensoorlog eietydse vertellings van die gewone moderne mens, openbarend van die tydsgees, kan as neo-folklore beskou word en behoort daarom opgeteken te word.

### **Doelwitte**

Die doelwitte van hierdie studie is eerstens om die verhale uit die grensoorlog op te teken en te bewaar. Tweedens het dit ten doel om die vertellings te vertolk teen die agtergrond van die grensoorlog en derdens om die verband te bepaal tussen vertellings uit die grensoorlog en invloed van die oorlog op die lewens van soldate.

### **Terreinafbakening**

Vir die doeleindes van die studie is daar gekonsentreer op verhale uit die SWA/Angola-oorlog wat algemeen bekend staan as die grensoorlog en vanaf 1966 tot 1989 geduur het. Die verhale



handel oor daaglikse gebeure en die invloed daarvan op die lewe van soldate tydens die oorlog.

### **Begripsomskrywing**

Die begrippe *lewe van soldate* en *volksvertellings* verdien verdere verduideliking. Die *lewe van soldate* verwys na die alledaagse lewe (doen en late) van soldate en nie na die sielkundige effek van gebeure op die lewens van soldate nie. Volksvertellings maak deel uit van volkswoordkuns en bestaan uit sprokies, fabels, eposse, mites, legendes, sages en belewenisvertellings. Die volksvertelling en belewenisvertelling word volledig in hoofstuk een bespreek.

### **Metodologie**

Die belangrikste bron van inligting was informante wat aan die grensoorlog deelgeneem het en daar is van onderhoudvoering gebruik gemaak om die verhale op te teken. Daar is gepoog om informante oor die hele tydperk wat die grensoorlog geduur het, naamlik 1966 tot 1989, te versprei. Daar is ook gepoog om 'n verteenwoordigende groep informante te betrek, bestaande uit dienspligtiges, burgermaglede en lede van die staande mag sowel as gewone voetsoldate en persone vanuit alle rangvlakke in al vier die weermagsdele naamlik die leer, lugmag, vloot en geneeskundige dienste. Aangesien die oorlog hoofsaaklik op land gevoer is, was dit moeilik om 'n informant van die vloot op te spoor.

In die werwing van bronne is daar sekere stremmende faktore ondervind. Sedert die beëindiging van die oorlog het die politieke klimaat in Suid-Afrika verander en informante was onseker oor die vertroulikheid waarmee die stof hanteer sou word. Potensiële informante was bang dat hulle of hul makkers gekompromitteer sou word en moontlik betrek sou word om voor die Waarheids- en Versoeningskommissie te getuig. Tydens die werwing van bronne, het die instelling van 'n internasionale hof vir die verhoor van oorlogsmisdade ook ter sprake gekom, met gevolglike huiwering by informante om van belewenisse uit die grensoorlog te vertel.

Skriftelike bronne is geraadpleeg om kortliks die historiese verloop van die oorlog saam te vat en die belewenisvertelling in die konteks van volkswoordkunde, neo-folklore en die

volkskultuur te plaas.

### **Evaluering van die bronne**

Informante het waardevolle inligting verskaf oor die verskillende fases van die grensoorlog. Twee informante wat uitgesonder kan word, is kolonel Jan Breytenbach wat 'n legendariese karakter in eie reg is, en meneer D. Watson wat as die Suid-Afrikaners se vyand betrokke was by die oorlog. Hy het die bestaan van die legendariese Grootvoet bevestig. Die ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif van P.W.Grobbelaar het waardevolle agtergrondinligting oor die volksverhaal verskaf.

### **Aanbieding van die stof**

Die stof is in drie verskillende skryfstylle aangebied. 'n Formele akademiese skryfstyl is in die algemene inleiding, evaluering, hoofstuk een sowel as die inleiding en slot van elke hoofstuk gebruik. Die belewenisse is in 'n minder formele maar wel standaard skryfstyl oorvertel, terwyl 'n informele spreektaalstyl in die direkte aanhalings gebruik is. Die direkte aanhalings is gebruik vir afwisseling en om die besondere trefkrag van sommige verhale te behou. Tipiese weermagtaal en -uitdrukkings is ter wille van duidelikheid en om vloeiendheid te bewerkstellig, direk na die inleiding van elke hoofstuk geplaas.

Sedert die onderhoude met die informante gevoer is, het enkele van hulle die weermag verlaat en het die rangbenamings van die weermag verander. Om verwarring te voorkom, is alle militêre range weggelaat en slegs professionele titels in verwysings behou.

Die belewenisvertellings is onder die volgende temas aangebied: oorlogshumor, onaangename wedervarings, belewenisse in kontak met die vyand, legendariese karakters, grootliegverhale en verhale oor kapelane en godsdienste. Verwysings na die Anglo-Boereoorlog plaas vertellings uit die grensoorlog in die breër konteks van oorlogservarings. Waar van toepassing, word die ooreenkomste tussen belewenisvertellings en ander tradisionele volksvertellings uitgewys. Weermagstaal en -uitdrukkings word kortliks verduidelik. Elke hoofstuk word afgesluit met die evaluering van die verhale om te bepaal watter invloed die grensoorlog op die lewens van soldate gehad het.



## HOOFSTUK 1

### AGTERGROND

#### 1.1 Agtergrond tot die grensoorlog

Die veiligheidsmagte van die Republiek van Suid-Afrika was vanaf 1966 tot 1989 in 'n gewapende konflik in die noorde van Suidwes-Afrika (SWA)/Namibië en in Angola betrokke. Hoewel dit nooit 'n wettig verklaarde oorlog was nie, het die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte volgens Barnard tot 1 November 1988, 715 man verloor (1991:103). Met verloop van tyd is daar na dié oorlog as die "grensoorlog" of "bosoorlog" verwys.

Die opponerende magte van die oorlog kan in twee hoofgroepe verdeel word. Aan die een kant was daar die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP), die SWA-Gebiedsmag en hul latere bondgenoot die *União Nacional para a Independência Total de Angola* (UNITA). Aan die ander kant was die *South West Africa People's Organisation* (SWAPO) en sy militêre vleuel die *People's Liberation Army of Namibia* (PLAN), die *Movimento Popular de Libertação de Angola* (MPLA) met sy gewapende mag die *Forças Populares de Libertação de Angola* (FAPLA) en hul latere Kubaanse bondgenote. Vir die doel van die tesis word daar by hierdie hoofindeling volstaan.

##### 1.1.1 SWAPO gaan oor tot die gewapende stryd

Die Internasionale Geregshof het in 1966 beslis dat Suid-Afrika oor die jurisdiksie beskik om in SWA op te tree. SWAPO het dié optrede van die internasionale gemeenskap as negatief vertolk en besluit om tot die gewapende stryd oor te gaan. In 1965 het SWAPO reeds na Angola uitgewyk om die bevrydingstryd van buite die landsgrense te voer. Teen Julie 1966 het drie groepe van PLAN die grens na SWA/Namibië oorgesteek. Die eerste militêre kontak met SWAPO het in Augustus 1966 plaasgevind toe die Suid-Afrikaanse Polisie met behulp van die Suid-Afrikaanse Lugmag 'n opleidingskamp van PLAN in Oos-Ovambo aangeval het (Barnard 1991:111-113).

Met verloop van tyd het die insydeling van PLAN lede op 'n meer gereelde basis plaasgevind en SWAPO het 'n al groter invloed op die inwoners van die gebied begin uitoefen. Dit het daartoe gelei dat kaptein Elifas, hoofraadslid van die Wetgewende Vergadering, Suid-Afrika se eerste minister, B.J. Vorster, versoek het om die militêre teenwoordigheid van die SAW en SAP in die gebied te handhaaf. Die RSA-regering het verklaar dat die Veiligheidsmagte in die gebied sou aanbly solank as wat die plaaslike bevolking hul teenwoordigheid daar verlang (Barnard 1991:112,113).

Teen 1973 het PLAN sy veldtog verskerp deur middel van politieke aktivering, intimidasie, dade van terreur en polisiepatrollies wat aangeval is (Steenkamp 1990:23). SWAPO het besluit om sogenaamde harde teikens aan te val en aanvalle op militêre basisse en polisiestasies is geloods. Dit het daartoe gelei dat die SAP nie langer effektief beheer oor die veiligheidstoestand in die gebied kon uitoefen nie. Aangesien 'n rewolusionêre oorlog van lae intensiteit reeds op die noordgrens van SWA/Namibië aan die gang was, het die SAW teen die einde van 1973 beheer oor die teeninsurgensietaak oorgeneem (Barnard 1991:113,114). SWAPO het basisgeriewe met een van die Angolese vryheidsbewegings, UNITA, gedeel. Ná hul aanvanklike gesamentlike suksesse teen die Portugese veiligheidsmagte in Angola, het die gebiedsbeheer van UNITA in 1974 begin krimp en SWAPO se beweeglikheid gevolglik ook aan bande gelê. SWAPO het nietemin voortgegaan met sy gewapende stryd (Du Preez 1989:20).

### **1.1.2 Die veiligheidsituasie in Angola**

Gebeure in Portugal het daartoe aanleiding gegee dat die militêre konflik in die noorde van SWA/Namibië en suide van Angola toegeneem het. Die Portugese regering is in 1974 in 'n staatsgreep omver gewerp en die nuwe regering het besluit om sy Afrikakolonies onafhanklik te verklaar. Die gesag sou aan die sterkste rewolusionêre groep oorgedra word. In Angola het UNITA, die MPLA en die *Frente Nacional de Libertação de Angola* (FNLA) mekaar die stryd aangesê. Kubaanse surrogaatmagte is in 1975 na Angola gestuur ter ondersteuning van die MPLA. Die Portugese militêre en burgerlike regering in Angola het gehelp om die mag aan die MPLA oor te dra (Barnard 1991:114).



Met verloop van tyd het die insydeling van PLAN lede op 'n meer gereelde basis plaasgevind en SWAPO het 'n al groter invloed op die inwoners van die gebied begin uitoefen. Dit het daartoe gelei dat kaptein Elifas, hoofraadslid van die Wetgewende Vergadering, Suid-Afrika se eerste minister, B.J. Vorster, versoek het om die militêre teenwoordigheid van die SAW en SAP in die gebied te handhaaf. Die RSA-regering het verklaar dat die Veiligheidsmagte in die gebied sou aanbly solank as wat die plaaslike bevolking hul teenwoordigheid daar verlang (Barnard 1991:112,113).

Teen 1973 het PLAN sy veldtog verskerp deur middel van politieke aktivering, intimidasie, dade van terreur en polisiepatrollies wat aangeval is (Steenkamp 1990:23). SWAPO het besluit om sogenaamde harde teikens aan te val en aanvalle op militêre basisse en polisiestasies is geloods. Dit het daartoe gelei dat die SAP nie langer effektief beheer oor die veiligheidstoestand in die gebied kon uitoefen nie. Aangesien 'n rewolusionêre oorlog van lae intensiteit reeds op die noordgrens van SWA/Namibië aan die gang was, het die SAW teen die einde van 1973 beheer oor die teeninsurgensietaak oorgeneem (Barnard 1991:113,114). SWAPO het basisgeriewe met een van die Angolese vryheidsbewegings, UNITA, gedeel. Ná hul aanvanklike gesamentlike suksesse teen die Portugese veiligheidsmagte in Angola, het die gebiedsbeheer van UNITA in 1974 begin krimp en SWAPO se beweeglikheid gevolglik ook aan bande gelê. SWAPO het nietemin voortgegaan met sy gewapende stryd (Du Preez 1989:20).

### **1.1.2 Die veiligheidsituasie in Angola**

Gebeure in Portugal het daartoe aanleiding gegee dat die militêre konflik in die noorde van SWA/Namibië en suide van Angola toegeneem het. Die Portugese regering is in 1974 in 'n staatsgreep omver gewerp en die nuwe regering het besluit om sy Afrikakolonies onafhanklik te verklaar. Die gesag sou aan die sterkste rewolusionêre groep oorgedra word. In Angola het UNITA, die MPLA en die *Frente Nacional de Libertação de Angola* (FNLA) mekaar die stryd aangesê. Kubaanse surrogaatmagte is in 1975 na Angola gestuur ter ondersteuning van die MPLA. Die Portugese militêre en burgerlike regering in Angola het gehelp om die mag aan die MPLA oor te dra (Barnard 1991:114).



Die MPLA het SWAPO onder sy vlerk geneem terwyl die verhouding tussen SWAPO en UNITA toenemend versuur het (Du Preez 1989:22). Dit is in hierdie stadium dat Jonas Savimbi, leier van UNITA, pogings aangewend het om Suid-Afrika aan sy kant van die oorlog betrokke te kry, waarop Suid-Afrika militêre en logistiese steun aan UNITA verleen het (Spies 1989:60).

Weens 'n militêre opbou deur die MPLA en die Kubaanse magte in die suide van Angola, het Suid-Afrika, met die VSA-regering se goedkeuring tot militêre bystand, Angola met operasie Savannah in 1975 binnegeval (Barnard 1991:115). Die doel van operasie Savannah was *om 'n goedgesinde regering in Angola, wat nie SWAPO basisse sou duld nie en sy land sonder kommunisties gesinde Kubaanse sou regeer, aan bewind te help stel* (Du Preez 1989:xii). Met Luanda reeds in sig, moes die Suid-Afrikaanse magte egter Angola gedurende Maart 1976 verlaat. Dit het later geblyk dat die VSA-regering die RSA op die mees kritieke stadium in die steek gelaat het (Barnard 1991:115,116).

### **1.1.3 SWAPO trek voordeel uit die situasie in Angola**

Die MPLA en sy Kubaanse bondgenoot het beheer oor die gebied waaruit die Suid-Afrikaanse magte onttrek het, oorgeneem en in April 1976 het die MPLA 'n regering in Angola gevorm. Die MPLA-regering het sy volle steun toegesê aan die rewolusionêre stryd in SWA/Namibië. SWAPO het met 'n magsopbou langs die SWA/Namibië grens begin. Die SAW was genoodsaak om verskeie oorgrensoperasies met die volgende kodename te loods: Reindeer (1978), Saffraan, Rekstok en Sceptic (1980), Protea en Daisy (1981), Super (1982), Phoenix (1983) en Askari (1983-1984). Vir die eerste keer was daar Sowjet-adviseurs tussen die ongevallen. Omdat SWAPO vermeng was met FAPLA en die Kubaanse magte, was die SAW gedwing om al meer konvensioneel op te tree (Barnard 1991:118-120).

### **1.1.4 Toenemende magsopbou in Angola**

Die Lusaka-ooreenkoms wat as die Gesamentlike Monitor-kommissie bekend sou staan, is gedurende Februarie 1984 tussen die regerings van Angola en die RSA gesluit. Die Gesamentlike Monitor-kommissie is egter in 1985 deur Suid-Afrika ontbind omdat die gevoel was dat daar geen vordering plaasvind nie. In 1985 en 1986 het FAPLA, PLAN en die

Kubaanse magte groot veldtogte teen UNITA gevoer, wat met ondersteuning van die SAW teruggedraan is. In 1987 is 'n veldtog teen UNITA beplan om finaal sy mag te breek. Die opponerende mag is aangevoer deur 'n Sowjet-generaal. Die SAW het vir die tweede keer by 'n konvensionele stryd in Angola betrokke geraak met operasies Modulêr, Hooper en Packer. Vanuit militêre oogpunt gesien was hierdie optrede in Angola vir die RSA-regering 'n sukses (Barnard 1991:122,123).

### **1.1.5 Opponerende magte na die konferensietafel**

Weens veral ekonomiese oorwegings is die RSA-regering, die USSR en die opponerende magte na die konferensietafel gedwing. Gedurende Augustus 1988 het die laaste SAW lede uit Angola onttrek. Op 13 Desember 1988 is 'n dokument wat bekend gestaan het as die Brazzaville-protokol, deur die verskillende belangegroepes onderteken. Dit het daarop neergekom dat Resolusie 435 wat tien jaar tevore aanvaar is, op 1 April 1989 in SWA/Namibië in werking sou tree. SWAPO het SWA/Namibië egter op dié dag ingeval en die Suid-Afrikaanse magte onverhoeds betrap. Na verliese aan beide kante het die SAW die inisiatief oorgeneem en het Suid-Afrika se langste militêre stryd tot dusver, uiteindelik tot 'n einde gekom (Barnard 1991:124).

### **1.1.6 Samevatting**

Die grensoorlog is gekenmerk deur twee fases. Aanvanklik is die Suid-Afrikaanse magte ontplooi om SWAPO-insypeling te stuit. Die situasie het met verloop van tyd só verander en geëskaleer, dat die Suid-Afrikaanse magte in 'n konvensionele oorlog betrokke geraak het.

## **1.2 Die Afrikaanse volksverhaal in die algemeen**

Volkskundiges en/of folkloriste bespreek die afgelope drie dekades die begrip volkskultuur of *folklore* en die herinterpretasie van die begrip volk of *folk*. Die begrippe is op die hedendaagse stedelike, geïndustrialiseerde samelewings van toepassing gemaak en is nie meer verlede-georiënteerd nie. Die volkskultuur is waar die aksie is, dit is eietyd (Van der Merwe 1990:1-3).



Belewenisvertellings van die grensoorlog is as volksverhale deel van die volk se eietydse kultuurgoedere en kan beskou word as neo-folklore, dit wil sê verhale wat die potensiaal het om mettertyd deur die volk aanvaar te word. Dit is belangrik om die volksverhaal in die konteks van die volkskultuur te beskou en aandag te gee aan die navorsing wat reeds oor die Afrikaanse volksverhaal en spesifiek die belewenisvertelling gedoen is.

### **1.2.1 Die waarde van die volksverhaal**

Volksverhale saam met die menslike geheue, gedragspatrone en tradisies, verleen aan die kultuurhistorikus toegang tot die verlede (Oberholster 1985:13). Die volksverhaal is ook 'n openbaring van die volksgees. Saam met ander uitinge van die volkskuns en volkskunde soos volksliedere, gebruike en kleredrag gee dit gestalte aan die geestelike strewes van die volk (Hattingh 1950:12). Loots is van mening dat die vertelling van 'n gebeurtenis 'n geestelike werksaamheid en so oud soos die mens self is. Dit moet beskou word as volksbesit en behoort tot 'n volk se kultuurgoedere wat van geslag tot geslag oorgelewer word (1961:2). Die waarde van die volksverhaal lê dus daarin dat dit toegang tot die verlede bied omdat dit so oud soos die mens self is en van geslag tot geslag oorgelewer word. Terselfdertyd openbaar dit die volksgees en behoort as volksbesit opgeteken en bewaar te word.

### **1.2.2 Die rol van taal in die volksverhaal**

Sonder taal is die oorvertel van 'n gebeurtenis of belewenis onmoontlik. Oberholster sê tereg 'n taal ontstaan, ontwikkel en verander saam met 'n volk en dit is die medium waardeur 'n volk se opvattinge, gewaarwordinge, kennis en belewenisse vasgelê en oorgelewer word (1987:52). Boshoff is van mening dat taal op 'n sielkundige grondslag berus. Hy bedoel daarmee dat die mens oor die vermoë beskik om van iets bewus te wees en dit aan 'n ander oor te dra terwyl die ander persoon oor die vermoë beskik om so 'n handeling te begryp (1936:23,24). Volgens Grobbelaar is taal die sentrale element van die mens se kultuur - die instrument waarmee hy kultuurdinge skep, bewaar en oordra (1981:17). Taal stel dus die mens in staat om kultuurdinge, in hierdie geval belewenisvertellings van 'n oorlog, te skep, oor te dra, te verstaan en te bewaar.



### 1.2.3 Die volksverhaal as deel van volkskunde en *folklore*

Daar bestaan verskillende sienswyses oor die betekenisinhoud van die begrippe volkskunde en die Engelse ekwivalent *folklore*. Hoewel volkskunde met die Engelse term *folklore* vertaal word, is Loots van mening dat volkskunde 'n omvattender begrip as *folklore* is. Oorspronklik het *folklore* te doen gehad met *oral traditions* en het nie die mens as skepper van *folklore* in aanmerking geneem nie. Loots is van opinie dat volkskunde die sogenaamde *oral traditions*, volkslewe of stoflike kultuur en die wisselwerking tussen die mens en sy kultuur insluit (Loots 1973:9). Daarenteen beskou Boshoff volkskunde en *folklore* as dieselfde begrip en verwys na Thoms se 1846-omscriwing van *folklore* as *the traditional beliefs, legends and customs current among the common people* (Boshoff 1936:93,94). Ongeag die verskillende sienswyses oor die betekenisinhoud van die begrippe volkskunde en *folklore*, word die volksverhaal en *folktale* of *folk narrative* daarby ingesluit omdat volksvertellings deel van 'n volk se kultuurgoedere is en die volksgees openbaar.

Ten einde die aard van die volksverhaal te begryp, is dit belangrik om kortliks 'n onderskeid te tref tussen die sogenaamde opperkultuur en die onderkultuur of volkskultuur. Grobbelaar gebruik die terme *patrisiërkultuur* en *pionierkultuur* om tussen die twee kultuurleae te onderskei. Eersgenoemde is dan die kultuur van die gegoede bolaag van 'n volk en laasgenoemde dié van die gewone volksmense (Grobbelaar 1974:23). Boshoff tref 'n soortgelyke onderskeid tussen kultuurtaal en volkstaal. As voorbeelde van kultuurtaal verwys hy na juriste- en kanseltaal en as volkstaal na delwerstaal en visserstaal (1936:33). Die sogenaamde kultuurleae bestaan egter nie onafhanklik van mekaar nie aangesien daar gedurig wisselwerking is. Volgens Coetsee is die Afrikaanse letterkunde bevrug deur volksverhale en is die volkskuns *tot nuwe lewe gewek* in die kultuurkuns (1949:49). Vervolgens word daar kortliks tussen die volksverhaal van die pionier en die letterkunde van die patrisiër onderskei.

### 1.2.4 Die volksverhaal teenoor letterkunde

In 1929 reeds onderskei Jolles tussen wat hy noem *oral literary forms* wat eenvoudige en spontane produkte van die gesproke taal is, teenoor komplekse en bewustelike literêre vorme (Dégh 1972:53). Coetsee verwys na die volksverhaal as *volkskuns of gemeenskapskuns* omdat *die skepper daarvan geen bewus-artistieke bedoelings het nie en gewoonlik anoniem bly*



(Coetzee 1949:41). In sy rubriek in *Die Brandwag* tref Coetzee onderskeid tussen die letterkunde waarvan die kunstenaar en sy geaardheid goed bekend is, teenoor die volksverhaal waarvan die oorspronklike verteller gewoonlik onbekend is en wat mondelings oorvertel word (Grobelaar 1994:112). Die volksverhaal is egter nie minderwaardig nie. Hattingh is van mening dat die manier waarop die breë massa verhale vertel, die maatstaf is vir hulle literêre vermoëns. 'n Volk moet daarom nie net trots wees op sy digters en skrywers nie, maar ook op die vertelkuns van die breë massa (1950:14). Belewensvertellings van 'n oorlog as spontane produkte van die gesproke taal en verhaalkuns van soldate, verdien ook waardering en behoort opgeteken te word.

### **1.2.5 Die rol van die volksverhaal in historiese en kultuurhistoriese navorsing**

Linda Dégh wys tereg daarop dat die vertelling 'n natuurlike metgesel van die mensdom regdeur die geskiedenis van sy beskawing was. Sy skryf dit toe aan die impuls wat van die vroegste tye af by die mens bestaan om 'n storie te vertel en terselfdertyd die behoefte om daarna te luister. Vertellings is oud en eerbiedwaardig en terselfdertyd nuut en eietyds (1972:53). Omdat die vertelling tot die gewone of volksgebonde mens gerig en mondeling oorgedra word, kan wisselvorms of variante voorkom (Coetzee 1967:2,3). Aansluitend hierby sê Hattingh die verhaalstof kan 'n metamorfose ondergaan en elemente daarvan vervaag, omdat die verteller gedeeltes vergeet of omdat hy vertellings met mekaar verwar en dan toevoegings of weglatings maak, wat 'n nuwe kleur aan die vertelling gee (1964:9). Wisselvorme, variante, toevoegings en weglatings by verhale, lewer probleme vir die historiese navorser wat ingestel is op feite. Die kultuurhistorikus probeer egter die oervorm van 'n vertelling rekonstrueer om vas te stel hoe variante en wisselvorme ontstaan het. Volgens Coetzee kan die volkskundige of kultuurhistorikus op hierdie manier uiteenlopende volke sien in wisselwerking met hul volkskultuur (1967:9). Die kultuurhistorikus lê hom toe op 'n breë ondersoek na die aard van die onder- en middelkultuurverskynsels of die sogenaamde volkskultuur wat onder andere volkstaal en volksvertellings insluit. Aangesien geen mens of volk van meet af opperkultuurdraers is nie en die kultuurhistorikus met die basiese werk, verkry hy waardevolle insigte in die werkinge van die menslike gees (Grobelaar 1995:9). Hoewel daar al 'n tiperegister van die Afrikaanse volksverhaal opgestel is en navorsing gedoen is om die oervorm en wisselvorme van sommige sprokies vas te stel, is daar nog nie in-diepte-navorsing

oor die belewenisvertelling gedoen nie.

### 1.2.6 Navorsing oor die Afrikaanse volksverhaal

Hattingh het in 1943 'n verhandeling met die onderwerp *Sprokiesvorsing* voltooi, wat later gepubliseer is. In 1950 het Schepers 'n studie gemaak van die taal, volksverhale en volksliedjies van delwersgemeenskappe. Die titel daarvan is *'n Kultuurbeeld van die Spoeldiamant-delwersgemeenskappe van Suid-Afrika*. Die volkskundiges Coetzee, Hattingh, Loots en Swart stel 'n tiperegister van Afrikaanse volksverhale saam, gebaseer op die Aarne-Thomson klassifikasie. Dit word in 1967 in die *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* gepubliseer. Na die maanlanding in 1969 het sommige mense geglo die aardbewings in die Suidwes-Kaap het iets met die maanlanding van 1969 te doen gehad. Grobbelaar het verskillende weergawes opgeteken en onder die titel *Die Maanklip* gepubliseer. Dit word beskou as 'n voorbeeld van 'n moderne volksverhaal wat as gevolg van 'n seldsame verskynsel ontstaan het (Loots 1973:7,11). In sy doktorsale proefskrif getitel *Die volksvertelling as kultuuruiting met besondere verwysing na Afrikaans* (1981), bespreek Grobbelaar die tradisionele terminologie, indeling, teorieë en ander opvattinge omtrent die volksvertelling. Hy gee 'n oorsig van belewenisvertellings, sages, mites, legendes en sprokies in die stamlande en lig die bekendste en gewildste temas daarvan in Afrikaans uit. Hy skenk veral aandag aan die sprokie om so 'n volledige beeld as moontlik van hierdie soort volksvertelling in Afrikaans te gee (Grobbelaar 1981:1).

### 1.2.7 Soorte Afrikaanse volksverhale

Hattingh tref onderskeid tussen die sprokie, legende en die mitiese, Christelike en historiese sages (1950:16,17). Coetzee verdeel volksverhale in die sprokies, mitiese, Christelike en historiese sagas, raaisels, rympies en die volksliedjies (1953:60-73). Die tiperegister van die Afrikaanse volksverhaal gedateer 1967, onderskei tussen die sprokie, sage, legende, anekdote, grap en kluitjie (Coetzee 1967:7). Grobbelaar verdeel hedendaagse Afrikaanse volksvertellings in belewenisvertellings, sages, mites, legendes, sprokies en grappe (1981:808-855). Verhale uit die grensoorlog word beskou as belewenisvertellings, maar sommige van hierdie verhale vind tog aansluiting by die Amerikaanse historiese en heroïese eposse, verhale in berymde vorm. Oinas tref onderskeid tussen shamanistiese, heroïese, romantiese en historiese eposse.



Die heroïese epos vertel van buitengewone dapperheid en moed, terwyl die historiese epos van resente gebeurtenisse vertel (1972:101,102,109). Verhale uit die grensoorlog vertel onder andere van heldedade en het te doen met onlangse gebeure wat nog vars in soldate se geheue is.

### **1.2.8 Omskrywing en geskiedenis van 'n belewenisvertelling**

Indien 'n vertelling bloot die feitelike weergawe van 'n gebeurtenis bevat, is dit vir die historikus van belang, maar dit is nog nie 'n volksverhaal nie. Die belewenisvertelling is gebaseer op 'n ware gebeurtenis, en om as volksvertelling te slaag, is die verbeeldingselement belangrik. Die verhaal moet trefkrag hê, óf dit moet die volksmens se verbeelding en emosies aangryp. Die toets vir 'n volksvertelling is of dit oorgelewer word aan tydgenote of volksgenote en sodoende versprei word oor ruimte en tyd (Burden 1993:39, Burden 1996:44). Vertellings uit die grensoorlog is nie slegs feitelike weergawes van ervarings en gebeure nie. By sommige vertellings is 'n sterk verbeeldingselement betrokke, terwyl ander bloot gespreksonderwerpe of staaltjies, maar wel boeiende verhaalstof is. Hoewel dit nie werklike vertellings is nie, gee dit 'n blik in die siel, die invloed van die gebeure op die emosies en gevoelens van soldate. Die gespreksonderwerpe/staaltjies het die potensiaal om in belewenisvertellings te ontwikkel. Die vertellings word aan tyd- en volksgenote oorgedra en sal waarskynlik aan volgende geslagte oorgelewer word. Tot tyd en wyl kan daarna verwys word as neo-folklore, as tendens van eietydse volkskultuur (Van der Merwe 1990:4).

Dwarsdeur die koloniale tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, van Jan van Riebeeck af in 1652 tot met Uniewording in 1910, was daar 'n voortdurende kom en gaan van oorsese personeel: van die kommandeur of goewerneur af tot by die gewone soldaat of klerk. In hul privaatlewe was daar talle geleenthede waar hulle met die gevestigde bevolking in aanraking kon kom en vertellings kon uitruil. Veeboere en jagters het jagverhale langs die kampvuur vertel. Swerwers het nie net volksvertellings versprei nie, maar vertellings is ook dikwels rondom hulle opgebou. By feeste is daar gesellig verkeer en volksverhale waarskynlik oorvertel. Kwajongstreke het ook tot belewenisvertellings aanleiding gegee. Grobbelaar is selfs van mening dat sommige belewenisvertellings wat elders in die wêreld bekend is, onafhanklik in Afrikaans kon ontstaan het (Grobbelaar 1981:214-232).

Volgens Grobbelaar is oorlewerings uit die tydperk 1875-1925, belangrike stof vir groot versamelings belewenisvertellings. As bronne noem hy Abel Coetzee se rubriek *Waar die volk skep*, in *Die Brandwag* (1938-1945), *By die Uitspanning* in *Die Huisgenoot* (1939-1944) en 'n radioreeks *Ons Erfenis* (1970-1974). In sy bespreking van die belewenisvertelling verwys Grobbelaar na verskeie historiese figure soos Adriaan van Jaarsveld, Hans Dons, generaal De Wet en Paul Kruger wat legendaries geword en tot volksvertellings aanleiding gegee het (Grobbelaar 1981:238,239). 'n Legende is 'n vertelling wat verbind word aan 'n bestaande karakter en/of plek, maar waarvan die verhaal self nie deur die volksmens as waar aanvaar word nie. Soos in die geval van 'n belewenisvertelling is dit egter gebaseer op 'n ware gebeurtenis of plek, maar met 'n sterk verbeeldingselement wat bykom. Grobbelaar stel 'n oorsigtelike tiperegister van belewenisvertellings in Afrikaans op, waarin twee voorbeelde van oorlogshumor uit die Anglo-Boereoorlog aangeteken word (1981:246-299).

### 1.2.9 Tydgenootlike belewenisvertellings

Spookstories, humoristiese vertellings, vertellings oor Paul Kruger en die heldeverhaal van Racheltjie de Beer is voorbeelde van tradisionele vertellings wat in een of ander vorm bly voortbestaan het. Ou temas kom ook in nuwe gedaantes voor. Die vertelling van die ou vrou tjie langs die pad kom die eerste keer voor in die Hollandse tydperk. Dit duik weer op teen die einde van die 19de eeu met die ontdekking van diamante by Kimberley. Dit kom weer te voorskyn in die tyd van terroriste en gerugte van terreur. In Suidwes/Namibië laai 'n motoris 'n ou swartvrou met 'n bondeltjie op. Die motoris sien dat die vrou besonder groot voete het. Hy raak agterdogtig, hou stil en vra die passasier om na die agterbande te kyk omdat hy dink dat dit pap is. Die motoris jaag weg en ontdek dat die bondeltjie 'n uitmekaargehaalde outomatiese geweer is. Die ou vrou was 'n terroris. 'n Ander verhaal lui dat 'n blanke vrou 'n ou swartvrou met 'n bondel naby Bloemfontein oplaai. Die bestuurder sien in die truspieël dat die passasier baie sterk manlike gelaatstrekke het. Sy hou stil en vra die passasier om vir haar iets uit die katebak te haal. Die blanke vrou jaag weg en vind dat die bondel wat in die katebak was, 'n klomp gewere en ander wapens is (Grobbelaar 1981:811).

Daar is egter ook nuutskeppinge rondom gebeure en karakters van die eie tyd. Buitengewone gebeurtenisse lei tot nuwe vertellings soos die Bolandse aardbewings van 1969-1970. Koos



Meyer is 'n voorbeeld van 'n eietydse legendariese karakter, hoofsaaklik toe hy student aan die Universiteit van Stellenbosch was. Op 'n dag vertel hy aan 'n groep telefoonwerkers dat 'n groep studente aangetrek soos polisiemanne hulle sal kom verwilder. Aan die polisie sê hy dat studente aangetrek soos telefoonwerkers met die telefoondrade peuter. Dit het natuurlik op 'n moles uitgeloop. Volgens oorlewering het Koos Meyer 'n motor besit wat net uit die bakwerk sonder enjin bestaan het. Hy laat sy makkers help om die motor tot op die pad Strand toe te trek en begin dan kastig daaraan werk. 'n Goedhartige motoris sleep hom tot in die Strand. Daar kuier Koos die heel dag en kom op dieselfe manier terug Stellenbosch toe (Grobelaar 1981:810-811). Net soos vertellings oor die ou vroujie, die Bolandse aarbewings en Koos Meyer, is vertellings en heldeverhale uit die grensoorlog nuutgeskepte tydgenootlike belewenisvertellings.

### **1.2.10 Tydgenootlike stadstories**

Die opmerking word soms gemaak dat die volksverhaal in Afrikaans aan die uitsterf is. Dit word toegeskryf aan die moderne lewenswyse waarin informasie en vermaak geredelik beskikbaar is (Loots 1961:1,2). In sy rubrieke in *Die Huisgenoot* (1939-1944), spreek Coetzee die mening uit dat ekonomiese verwickelinge daartoe bygedra het dat mense die geleentheid ontnem is om smaaklike verhale te vertel. Transportryery en jagtogte bestaan nie meer nie en kinders het nie meer die geleentheid om na bruin en swart mense se verhale te luister nie. Baie Afrikaanssprekendes is dorpenaars of stedelinge (Grobelaar 1994:111). In die Westerse kulture, veral die Engelse wêreld, kom daar egter 'n nuwe genre volksvertelling voor. Daarna word verwys as *modern urban legends* of *contemporary legends*. Dit kan vertaal word met *moderne* of *tydgenootlike stadstories* (Grobelaar 1995:13). 'n Meer gepaste naam is *tydgenootlike stories* aangesien dié verhale nie net in stede en dorpe vertel word nie. Volgens Grobelaar glo hedendaagse of tydgenootlike volkskundiges dat volkskultuur steeds bestaan en hulle poog om die wysigings en mutasies wat volkskultuur as gevolg van industrialisasie en verstedeliking ondergaan het, na te speur (1981:83).

#### **1.2.10.1 Navorsing in Amerika**

In Amerika is heelwat navorsing gedoen oor die eietydse volksvertelling as deel van *folklore*. Dégh identifiseer drie temas waarin eietydse belewenisvertellings voorkom, naamlik *labor*

*reminiscence*, wat met *herinneringe van die werksplek* vertaal kan word, *autobiographical stories* en *emigrant and immigrant epics*. Herinnering van die werkplek het te doen met die wedervaringe van mense in hul beroepe, suksesse, mislukkings en menseverhoudings. Herinneringe van onder andere soldate, val in hierdie kategorie (Dégh 1972:77-79). Brunvand stel dit duidelik dat *urban legends* as hedendaagse legendes beskou moet word aangesien dit geloofwaardig is en te doen het met die onlangse verlede van gewone mense (1981:3). Belewensvertellings uit die grensoorlog sluit aan by Dégh se tema *herinneringe van die werksplek* en toon ook ooreenkomste met die *urban legend* omdat dit geloofwaardig is en te doen het met die onlangse verlede van gewone mense.

### 1.2.10.2 Navorsing oor *urban legends*

In Suid-Afrika het die joernalis Arthur Goldstuck 'n groot bydrae gelewer op die gebied van die eietydse volksvertelling. Hy versamel hoofsaaklik vanuit tydskrifte, koerante en die internet *modern myths and urban legends of South Africa* in drie publikasies: *The Rabbit in the Thorn Tree* (1990), *The Leopard in the Luggage* (1993) en *Ink in the Porridge* (1994). Goldstuck definieer *urban legends* soos volg: *...the modern mythology of the suburban landscape. They are the folklore, fairy stories and cautionary tales of and for our times* (1993:viii). Goldstuck noem tydgenootlike stadstories of *urban legends* die mondelinge kultuur van die gesofistikeerde stadsbewoner. Dit bevat net genoeg geloofwaardigheid om oortuigend te wees, dit wek belangstelling, beïndruk, maak bang en waarsku gelyktydig. Dit verskil egter van tradisionele mondelinge oorleweringe wat deur ouer persone in gemeenskappe oorvertel is. Tydgenootlike stadstories word oorvertel deur drinkers, skinderbekke, draers van riemtelegramme en persone wat aansien geniet (1990:1,3). Die stadstories wat te voorskyn gekom het in aanloop tot die eerste demokratiese verkiesing van Suid-Afrika in April 1994, is gepubliseer in *Ink in the Porridge*. Volgens Goldstuck is hierdie bundel stadstories meer as net waarskuwend - dit bevat moderne mitologie. In die tydperk wat die verkiesing voorafgegaan het, was geen storie té onmoontlik om waar te wees nie (1994:x).

*Urban legends* of tydgenootlike stadstories word ook in Afrikaans vertel. Hoewel Coetzee in sy rubrieke van mening was dat ontwikkeling op die ekonomiese terrein Afrikaanssprekendes laat verstedelik het en hulle die geleentheid ontnem het om smaaklike verhale te vertel,



verklaar hy in 1970 dat hul kultuurgoed bly bloei het in die grootstad. Hy vestig by dié geleentheid die aandag op die stadsage, wat hy omskryf as volksverhaal wat gebou is om 'n kerngedagte van waarheid, en geglo wil wees (1970:3). Dit kan ook soos die *urban legend* bestempel word as mondelinge kultuurgoed van die stadsbewoner. Coetzee noem die "laken" van Tafelberg, Antjie Somers en die spook van Kampsbaai as voorbeelde van Kaapstadse stadsages. Dié verhale het nie hulle oorsprong in die onlangse verlede nie, maar word steeds deur stedeling oorvertel. Volgens Coetzee het daar ook stadsages in Pretoria ontstaan. Die stadsages waarna hy verwys, is egter nie volledige verhale nie. Die kerktoring regoor president Kruger se woonhuis in Kerkstraat, het 'n wyserplaat, maar geen wysers nie. Daar word vertel dat daar wel wysers van pure goud was, maar dat die Engelse dit na die verowering van Pretoria vasgelê het. Verder word vertel dat die presidentswoning onderaards met 'n tunnel verbind was met die kerk sodat die president reguit in die kerk kon instap. Albei stories is versinsels. Die vrouebeeld op die ou Raadsaal het 'n helm op. Daar word vertel dat die beeld oorspronklik nie 'n helm gehad het nie, maar dat die Engelse in 1902 'n helm opgesit het om soos die vrouebeeld op die Engelse geldstuk te lyk (Coetzee 1970:3,4).

Swart vertel in *Rapport* van 1998 van moderne mites of oorvertellings wat gereeld opduik en as die reïne waarheid vertel word. Die verteller sal gewoonlik sweer dat iemand wat hy ken, die ervaring eerstehands beleef het. Dié tipe vertelling het die vermoë om soos 'n grap binne 'n dag oor die hele land te versprei. Swart vertel 'n paar van die verhale as voorbeelde. 'n Inbreker is byna op heterdaad betrap en kruip onder 'n bed weg. Die mense gaan slaap en die inbreker probeer onder die bed uitkruip. Die man hoor die geraas, hou sy hand langs die bed en roep na die hond. Die inbreker lek sy hand en kruip later uit om die huis rot en kaal te steel.

Nog 'n verhaal lui dat 'n vergasser of een of ander toestel ontwerp is waarmee 'n motor honderde kilometer met een liter brandstof of selfs water kan ry. 'n Petrolmaatskappy het die toestel van die uitvinder gekoop en hom miljoene rande betaal om nooit daarvoor te praat nie (Swart 1998:5). Hoewel hierdie moderne mites of stadsages nie gereedelik geglo word nie, gryp dit die gewone mens se verbeelding en emosies aan sodat dit oorvertel word in die verskillende tale wat in stedelike gebiede gebesig word.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat wat genoem word *urban legends*, *contemporary legends*, *modern myths*, moderne volksvertellings, tydgenootlike stadstories, stadsages, moderne mites en nuutgeskepte tydgenootlike belewenisvertellings van die grensoorlog, eietydse volksvertellings of neo-folklore is.

### **1.2.11 Samevatting**

Tydgenootlike belewenisvertellings van die grensoorlog is spontane produkte van die gesproke taal en verhaalkuns van gewone mense. Dit is eietydse vertellings van die moderne mens, openbaar geestelike strewes, gee 'n blik in die siel en die invloed van gebeure op die emosies en gevoelens van soldate, verdien waardering en behoort opgeteken te word.

## **1.3 Oorlogsliteratuur**

Historici het ten doel om die verloop van die grensoorlog feitelik op te teken terwyl skrywers van literêre werke en fiksieverhale die oorlog as agtergrond in hul werk gebruik. By die belewenisvertelling is die gewone mens self aan die woord om van sy ervarings in die oorlog te vertel.

### **1.3.1 Literatuur oor die grensoorlog vanuit 'n historiese perspektief**

Na afloop van die grensoorlog het daar verskeie publikasies verskyn wat verskillende fasette en fases van die oorlog opgeteken het. Vervolgens word 'n paar belangrike publikasies genoem. Steenkamp poog om die verloop van die oorlog breedweg te beskryf met *Suid-Afrika se grensoorlog 1966-1989*. Du Preez en Spies se publikasies *Avontuur in Angola* en *Angola operasie Savannah 1975-1976* handel albei oor 'n konvensionele fase van die oorlog. Steenkamp bestempel sy boek *Borderstrike* as verslaggewend van aard omdat dit handel oor operasies in opvolg van operasie Savannah. In *Dié wat wen* vertel generaal Geldenhuys van sy eie belewenisse van die afgelope dekades, insluitend die grensoorlog. Breytenbach, stigter van 32 Bataljon, se publikasies *Forged in battle* en *They live by the sword*, handel albei oor die ontstaan, groei en optrede van die bataljon. *Fire, flood and ice* is Lord se versameling verhale oor reddingsoperasies deur die Suid-Afrikaanse Lugmag. Reddingsoperasies wat gedurende die grensoorlog uitgevoer is, is hierby ingesluit. Barnard gee 'n historiese oorsig oor die grensoorlog in *Acta Academica*, tydskrif vir geesteswetenskaplike navorsing.



### 1.3.2 Literêre werke en fiksieverhale met die grensoorlog as tema

Gedurende die tydperk wat die oorlog geduur het en daarna, het verskeie Afrikaanse literêre werke en fiksieverhale met die grensoorlog as agtergrond en tema verskyn. Hierin word die gewone mens se belewenisse deur die skrywer van die verhaal vertolk. *Hansie Slim* (1979) is 'n jeugroman wat op die grensbasis Katima Mulilo in die Caprivi afspeel. In die voorwoord sê die skrywer Paul Venter dat die grensbewakers wat hy ontmoet het, so 'n indruk op hom gelaat het, dat hul gewoontes, sêgoed en eienaardighede sy karakters ingekleur het. In teenstelling hiermee is die bron, die gewone mens, self in tydgenootlike belewenisvertellings aan die woord. Fiksieverhale en literêre werke word nie as volksverhale beskou nie. Etlke werke van literêre waarde en fiksieverhale word vervolgens vermeld, maar die lys is geensins volledig nie.

Die bundel *Op pad na die grens* (1976) van Steyn bevat tien vertellings van die Afrikaner, sy geskiedenis en die verlange na 'n ou Afrikaanse wêreld wat besig is om verlore te gaan (Steyn 1976:flapteks). Twee van die verhale het die grensoorlog as agtergrond. Coetzee se bundel kortverhale *Verby die wit brug* (1978) bestaan uit tien kortverhale wat begin met 'n gesprek met 'n soldaat op die vooraand van sy vertrek grens toe en eindig met 'n reünie van ses manne wat daar was. Van die verhale het oorspronklik in *Die Huisgenoot* verskyn. *Liewe Ma, briewe van Kleinjan* (1980) is 'n bundel briewe in ligter trant deur Johan van Pletzen wat in *Uniform*, die koerant van die Suid-Afrikaanse Leër, verskyn het. *'n Wêreld sonder grense* (1984) van Alexander Strachan is 'n bundel aaneenskakelende kortverhale wat die onderdele van 'n oorlogsverhaal uitmaak en handel oor die brutaliteit van die bosoerlog. Dominee Sakkie du Plooy se bundel *Wonderwerke op die grens* (1985) is vanuit 'n godsdienstige oogpunt geskryf. Bertrand Retief se twee bundels grensstories *Tweede prys 'n houtjas*, en *Half boom, half mens* (1986) is gegrond op werklike gebeurtenisse in die taal van die gewone mense. *Ses wenverhale* (1988), 'n bundel grensverhale, is aangewys as die bestes in die verhaalwedstryd wat deur die SA Weermag en *Huisgenoot* gereël is om saam te val met die herdenking van die Weermag se 75ste bestaansjaar in 1987. Retief is die samesteller van 'n bundel humoristiese verhale en insidente uit die SA Weermag, *Humor in SA uniform* (1990). Bydraes is aan Retief gestuur en hy het sommiges herskryf en verkort. Van die verhale handel wel oor die grensoorlog. Die meer resente bundel kortverhale van Izak de Vries, *Kom slag 'n bees* (1998), handel nie

uitsluitlik oor die grensoorlog nie. Die kortverhaal *Ons moet vir jou 'n bees slag* in die bundel, gaan oor die individu se stryd om sy nagmerries uit die grensoorlog te bestry en hy wend hom tot die tradisionele helingskunde van Afrika. 'n Ander kortverhaal uit die bundel *Ons Kubaan* is 'n verwysing na Etienne van Heerden se bundel *My Kubaan* (1983), waarin die Kubaan die mens se gewete na 'n insident in die oorlog verteenwoordig. Die twee kortverhale van De Vries weerspieël die gevoelens oor die oorlog, tien jaar nadat dit beëindig is.

### 1.3.3 Literatuur wat handel oor die Anglo-Boereoorlog

Die Anglo-Boereoorlog en die grensoorlog het die lewens van die gewone mens geraak. Albei oorloë was traumatiese eras in Suid-Afrika se geskiedenis. 'n Honderd jaar na die Anglo-Boereoorlog word die impak van die oorlog op die lewens van Suid-Afrikaners weer eens besef. Sover bekend het daar nog nie 'n publikasie wat uitsluitlik uit belewenisvertellings van dié oorlog bestaan, verskyn nie. Pieter W. Grobbelaar het wel navorsing daarvoor gedoen en 'n referaat getitel *Volksvertellings uit die Anglo-Boereoorlog* gelewer by die nasionale kongres van die SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis in Oktober 1999 in Bloemfontein. Ten einde 'n vergelyking met die grensoorlog te kan tref, word voorbeelde van werke met verhale oor die Anglo-Boereoorlog genoem. Steyn se bundel *Vrolike en verskriklike ondervindings van gewone mense* (1996) bevat stories oor noue ontkomings, vergissings, toevallighede, drome, poetse en verleenthede uit onder andere die Anglo-Boereoorlog. Dit kan beskou word as belewenisvertellings. Die hoofstuk *Op die rug van die haai, en ander oorlogsgeskiedenis* bevat verhale uit die Anglo-Boereoorlog. Hierdie verhale het oorspronklik in *Die Huisgenoot* oor die tydperk 1939-1944 verskyn. Met die 100-jarige herdenking van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1999, het daar reeds heelwat literatuur oor hierdie tydperk verskyn. J.C. Steyn se versameling vertellings handel oor ontsnappings en ander avonture uit die Anglo-Boereoorlog. F. Pretorius se publikasie handel oor kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog. Jeanette Ferreira is die samesteller van die bundel fiksieverhale *Boereoorlogstories, 34 Verhale oor die oorlog van 1899-1902*. Volgens die flapteks van die boek kom baie verhale van oorlewerings en amptelike bronne en sommige bevat familiegeskiedenis. *Kommandeer! Kommandeer! Volksang uit die Anglo-Boereoorlog* van Grobbelaar, bevat oorlogslirieke en musiek van die oorlog en het in 1999 verskyn.



### 1.3.4 Belewensvertellings van die grensoorlog wat reeds opgeteken is

Daar is reeds belewensvertellings uit die grensoorlog opgeteken. Philip Venter wat dienspeligkapelaan gedurende die grensoorlog was, gee in 1995 'n boek uit met die titel: *Ek was daar...* In die voorwoord sê hy die volgende: *Alles wat ek hierna kwytraak is gebaseer op die waarheid. Ek sit waar nodig so 'n bietjie by en vat dikwels iets weg. Baie van die ondervindings is my eie. Ander nie. .... Ek staan nie pa vir 'n ander ou se verhaal nie, maar wie is ek om die geloofwaardigheid van sy lieg storie in twyfel te trek?* (Venter 1995:7).

Gedurende die 23 jaar wat die oorlog geduur het, publiseer *Sarie Marais*, en veral *Die Huisgenoot* belewensvertellings. *Grensmanne verlang ook* verskyn September 1984 in *Sarie Marais*. 'n Offisier vertel daarin: *Tawwe Tienie hou jy jou. Maak gepaste grappies om die spanning te verbreek. Maar vanaand kom die alleenheid en die vrees en jy wens jy was by haar...* (Kotze 1984:163, 174, 176, 180). Gewese SWAPO-soldate, Kokova, 18 jaar oud, Moses, 29 jaar en Leevi, 24 jaar, vertel ook hulle verhale in *Sarie Marais* (Van Niekerk 1987:20-22).

Die meeste vertellings kom in *Die Huisgenoot* voor. Aanvanklik is Koos van der Merwe verantwoordelik vir die bydraes. In 'n reeks van sewe aflewings verskyn *Helde van die grens* vanaf Julie 1974 (Van der Merwe 1974:32). Die reeks word hervat in Desember 1976 en bestaan uit tien verdere aflewings (Van der Merwe 1976). *Ons bring hulde aan 'n jong soldaat* verskyn in 1975 (Van der Merwe 1975:16, 17). 'n Reeks van vier aflewings *Op die grens* en 'n reeks van drie aflewings *Die slag om Brug Veertien* word in 1976 gepubliseer (Van der Merwe 1976).

*Angsnag in die bos* is die persoonlike vertelling van Kobus Terblanche (Terblanche 1977:15-20). *Mossie maar man...* deur Coetzee vertel van dominee Van den Berg, 'n grenspredikant in Angola (1976). Coetzee skryf ook oor die *Boesmansoldate van Suid-Afrika* (Coetzee 1978:28-31). In 'n gedramatiseerde aanbieding van vyf aflewings *Nee, ons is geen helde nie*, verskyn die verhaal van agt soldate na hul terugkeer uit Angola waar hulle vir twee en 'n half jaar as krygsgevangenes aangehou is (Coetzee 1978). Oor die verkenningsoldate word *Recces: rateltaai en vreesloos* gepubliseer (Le Roux 1985:16-19). Daar verskyn verskeie artikels oor

Wynand du Toit wat deur die Angolese magte gevange geneem is. *Wynand, die ware verhaal* is Du Toit se eie vertelling van sy gevangeneeming, ontberings, verlange, eensaamheid en die vertwyfeling wat gedreig het om hom te knak (Viljoen 1987:8-17). 'n Vertelling van Jacques Kok, 20 jaar oud, soos verwoord deur Roos is getitel *As vrees 'n troepie laat knak.... Hoe jong soldate die angs van oorlog ervaar.... en leer verwerk* (Roos 1988:20-21).

Daar is geen ooreenkoms tussen vertellings, verhale of legendariese karakters in bogenoemde publikasies en voorbeelde in hierdie studie gevind nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die grensoorlog drie en twintig jaar geduur het en dat daar baie soldate gedurende hierdie tydperk aan die oorlog deelgeneem het. In teenstelling daarmee het die Anglo-Boereoorlog slegs drie jaar geduur.

### 1.3.5 Slotsom

Daar bestaan reeds 'n groot verskeidenheid oorlogsliteratuur oor die grensoorlog. Verhale waarin soldate self van hul belewenisse en ervarings van die oorlog vertel, is ook reeds gepubliseer. Kultuurhistorici het egter nog nie belewenisvertellings of staaltjies van die grensoorlog opgeteken om te bepaal wat die invloed van die gebeure op soldate was nie. Die doel van hierdie studie is om juis dit te doen.



## HOOFSTUK 2

### OORLOGSHUMOR UIT DIE GRENSOORLOG

#### 2.1 Inleiding

Belewenisvertellings van die grensoorlog is spontane produkte van die gesproke taal en verhaalkuns van soldate wat aan die oorlog deelgeneem het. Die vertellings is gebaseer op ware gebeurtenisse tydens die grensoorlog, maar is nie feitelike weergawes van ervarings en gebeure nie. Daar is 'n verbeeldingselement by betrokke.

Die meerderheid van die informante het verhale met 'n humoristiese strekking vertel. Dit wil egter nie sê dat die oorlog as 'n grap beleef is nie; dit openbaar eerder die geestesingesteldheid van die verteller. Soos die een informant dit gestel het: humor is 'n hanterings- of oorlewingsmeganisme in spanningsvolle situasies. Omdat die doel van belewenisvertellings is om te vermaak, word daar op spottende wyse vertel van die gebrek aan persoonlike higiëne en die geheimhouding van dokumente en operasies. Dit bevat elemente van 'n grap, maar is nie grappe op sigself nie. Vertellings oor die eerste vroulike suster in die operasionele gebied, die tekort aan toiletpapier, die funksie vir burgerlikes, die bestelling van bomverbande, die dronk kriptograaf, die *koffiedrinkery* en die misgissing deur die vyand, het die potensiaal om in grootligverhale te ontwikkel. Die episode met die springhaas toon elemente van 'n spookverhaal, maar daar is 'n eenvoudige verklaring vir die *spook*.

Voorbeelde van oorlogshumor word gegroepeer in verhale wat handel oor persoonlike higiëne, misverstande, kwajongstreke, poetse en ander humoristiese insidente.

#### 2.2 Weermagtaal en -uitdrukkings

*Die vyand klap*: om die vyand aan te val en uit te wis

*drils*: prosedures wat gevolg word

*'n Toer*: die dienstydker wat 'n soldaat in die operasionele gebied deurgebring het

*'n Flossie*: die C130 en C160 vragvliegtuie wat soldate na die operasionele gebied gebring het en hulle ook weer teruggeneem het huis toe

## 2.3 Verhale wat handel oor persoonlike higiëne

Een van die mens se basiese behoeftes is sy persoonlike higiëne en die informante het etlike staaltjies daarvoor vertel. Vlieë en motte was volop, maar water en toiletgeriewe was skaars, sodat daar dikwels geïmproviseer moes word.

### 2.3.1 Die las van motte en vlieë

In die ooste van Angola is daar baie vlieë, letterlik miljoene. Binne die eerste twee weke het 'n mens in die roetine gekom om nie bedags te eet nie, omdat dit nie moontlik was nie. Die liggaam raak gou gekondisioneer. As 'n mens 'n blikkie oopmaak, sit so tussen 400 en 500 vlieë op 'n mens se rug. Gevolglik het die manne snags geëet wanneer die vlieë in die bome sit. Maar hulle kon dit nie waag om in die nag lig te maak nie, want dan was daar pismotte. Dié soort mot is redelik groot met 'n verskriklike harde lyf. As hy skrik of bedreig voel, gee hy 'n vloeistof af wat blase op 'n mens se lyf kan brand. Daar vind een of ander chemiese reaksie plaas wat dit veroorsaak. Daar is 'n hele klomp mense met vlekke op hulle velle as gevolg van dié motte (Ds. J.W. van Niekerk 1997: onderhoud).

### 2.3.2 Om te was en te bad

Om te was of te bad was 'n seldsame gebeurtenis en het groot vreugde verskaf wanneer dit wel kon plaasvind. Water was skaars en na so twee weke met dieselfde skoene, klere en kouse, het 'n man darem 'n kans gekry om hom met 'n bietjie koue water onder 'n tenkwa nat te maak, uit te spring en die volgende ou 'n kans te gee. 'n Man het homself seep gesmeer en dan weer kans gekry om 'n bietjie af te spoel. Dan het hy natuurlik soos 'n koning gevoel as hy sy kouse ook in die water kon trap vir vyf minute (Ds. J.S. Botha 1997: onderhoud).

Na twee maande in Angola het die manne notas op hulle broeke geskryf. Die *browns* het so 'n lagie vuilgoed begin kry, en tydens die ordergroepe is daar met dorings orders op hulle broeke geskryf - dit was die heel dag lank duidelik sigbaar. Eers wanneer die volgende dag se vuilgoed bykom, raak die orders dof. So, die mense het rustig op hulle broeke sit en skryf. By die gemeganiseerde bataljon het elke man 25 liter water elke tweede week gekry vir persoonlike higiëne. Hy het 'n kan water gekry, 'n gat in die grond gemaak en sy grondseil daarin gesit. Dan het hy sy klere uitgetrek en in die gat gegooi. Terwyl hy homself was en die water afloop, het hy sy klere terselfdertyd getrap en gewas. Die manne kon darem gereeld tande borsel met water in die Ratelvoertuig se watertenk (Ds. J.W. van Niekerk



1997:onderhoud).

### **2.3.3 Badtyd op die vlaktes**

Drils, of die prosedures in sekere situasies, is deeglik by soldate ingeprent. *Visgraat* beteken almal moet onmiddellik uitmekaar spat en hul voertuie kamoefleer. Op 'n keer word daar teruggetrek basis toe en die informant vertel hy staan in die toring van 'n Ratel toe daar 'n buitjie reën uitsak. Hy skree: *Visgraat!* Almal reageer outomaties. Onmiddellik het almal die sepies uit, want dit is die eerste keer in weke dat daar gewas kan word. Net so vinnig as wat die reëntjie begin het, hou dit toe op. Dit was 'n probleem om die seep af te kry. Oral is daar toe kaal boude op die vlaktes van Angola. Die bome word geskud vir 'n laaste bietjie water om van die seep ontslae te raak. Dit het nogal gebrand toe die vuil klere weer aangetrek moes word (Mnr. A.L. Strauss 1997:onderhoud).

### **2.3.4 Die mediese personeel se bad**

Samjoor (sersant-majoor) Medlin vertel dat hy sowat sestig troepe op Ongiva gehad het. Elke man het iets spesiaals gehad en syne was 'n bad. Omdat al die mense uit die suide van Angola gevlug het, kon 'n mens somtyds in die leë huise goed kry wat bruikbaar was. So het hy 'n outydse bad gekry met drie pote. 'n Baksteen is gebruik vir die vierde poot. Bo in 'n groot boom het hy 'n donkie met 'n groot drom laat hang. Die verlangde hoeveelheid water is ingegooi en vuur onder die donkie gemaak. So kon 'n mens in warm water bad. Om te *brag* was die bad sommer in die ope lug. Dit was natuurlik om die ander manne te tart. As 'n man uit die bos kom en hy is vuil en 'n hele paar weke of maande weg van geriewe af, en ewe skielik sien hy hier 'n spierwit vel wat besig is om lekker in warm water te bad, dan vloek en skree hy sommer op die ou wat bad (Mnr. R.C. Medlin 1997:onderhoud).

### **2.3.5 Die lugmagpersoneel se toilet**

Die lugmagpersoneel op Ongiva het 'n toilet gehad, 'n regte spoeltoilet en hulle was baie trots op die ding. Bokant die toilet was daar 'n 44 gallon oop drom. 'n Man moes 'n emmer water bo ingooi en sy storie dan binne-in die toilet doen. As hy klaar was het hy die ketting getrek en gekyk hoe alles wegspoel. Dit loop agter uit in 'n *longdrop* of diep sloot. In daardie hitte kon dit partymaal verskriklik stink. So, dié ding was toegemaak met asbesplate. 'n Lagie sand is oor die asbesplate gegooi en iemand het altyd mielies of gras daarop geplant om dit kamstig

te kamoefleer. Niemand het samjoor Medlin se bad gebruik tensy hy (Medlin) voordeel daaruit kon trek nie en niemand het die lugmag se toilet gebruik tensy die lugmag iets daaruit kon maak nie (Mnr. R.C. Medlin 1997:onderhoud).

### **2.3.6 Die luukse van toiletpapier en toiletgebruik**

'n Rol toiletpapier was baie belangrik en baie kosbaar. Dit is beskou as wit goud. As 'n mens iets so alledaags soos 'n rol toiletpapier gehad het, was jy skatryk want sekere tye was dit baie skaars. Verder was dit ook 'n luukse om 'n toilet te kan gebruik. Daar was baie vlieë en hulle het die vermoë gehad om in te kruip by plekke waar 'n mens nie gedink het jy het plekke nie. Dit was niks snaaks om 'n man in die bos te sien verdwyn met 'n swerm vlieë op sy rug nie. 'n Mens kan dink wat was die gevolge as moeder natuur roep (Ds. J.S. Botha 1997:onderhoud).

Op Walvisbaai was daar 'n samjoor Montgomery wat 'n groot snor gehad het. Op 'n stadium was daar 'n tekort aan toiletpapier. Toe sê die bataljonbevelvoerder: *Samjoor, daar is nie papier nie, die troepe moet papier spaarsaam gebruik, sê vir hulle.* Die samjoor sê toe op parade: *Troepe, julle het nou gehoor daar is 'n toiletpapiertekort. U moet gebruik maak van net een stukkie papier. Ons het uitgewerk, daar behoort dan genoeg te wees tot die volgende besending toiletpapier aankom. Die kwartiermeester het weer geslip, maar dié in Pretoria het nog verder geslip, ons kan nie toiletpapier kry nie. Nou, u moet die papier baie spaarsaam gebruik, en die papier is dun. Ek sal vir u wys hoe om dit te gebruik. Ons vat die vierkant papier en ons vou hom só en ons vou hom só, en daar is hy. U sien, nou is hy dik.* Met dié demonstreer hy presies hoe die troepe die papier moet gebruik en verklaar dan: *U sien, dit werk!* (Mnr. W. A. van Deventer 1997:onderhoud).

## **2.4 Ander humoristiese insidente**

Tydens die oorlog was dit noodsaaklik om na gewondes en siekes om te sien. Dit lei tot die eerste vroulike suster se vuurdoop in die operasionele gebied. Daar was ook ligter oomblikke tydens ontspanne geleenthede en tydens militêre operasies.

### **2.4.1 Probleme met die suster**

Die mediese samjoor op Ongiva vertel daar moes 'n voorchirurgiese pos ontplooi word. 'n Voorchirurgiese span het gewoonlik bestaan uit 'n chirurg, narkotiseur, dokter en opgeleide



teaterordonnans. Om een of ander rede is daar besluit om dié betrokke keer nie 'n ordonnans saam te stuur nie, maar 'n suster, 'n vrou. Hy vertel: *As daar 600 manne op die basis is en daar kom nou een vroumens, moet jy weet dit gaan net probleme veroorsaak. Die samjoor moet persoonlik toesien dat dit goed gaan met haar. Met die oggendkonferensie rapporteer ek dat die voorchirurgiese span op pad is en onder hulle is 'n vroumens. Almal se oë rek. Ek vra hulle mooi dat ons die troepe oriënteer om ordentlike broeke te dra en op te hou met vloektaal. Elke tweede of derde dag het ek die boodskap herhaal. Jy kan nou self dink hoe het die manne begin praat. Daar was tot ouens wat weddenskappe geneem het, is sy blond, of is sy 'n rooikop, is sy lig van vel of donker van vel. Daar is net aanvaar sy het die mooiste lyf wat jy kan kry.*

Uiteindelik kom die boodskap dat sy op pad is. Die sowat 600 man het voor die doeanegebou sit en wag dat sy moet aankom. Almal het hul mooiste klere aangetrek. Die wagte, die dominee, die chefs en tot twee ouens wat die vorige dag onder arres geplaas is, was daar. Die Dakota word gehoor. Die aanloopbaan was lieflik, maar die Dakota land op een wiel. Dit was die eerste slegte voorteken. Die vliegtuig wip op en af soos die vlieënier probeer om die wiele op die aanloopbaan te kry. Die troepe roep: *Hoeps boeps, hoeps boeps, hoeps boeps.*

Hy vertel verder: *Uiteindelik stop die Dakota. Albei deure word oopgemaak - dit gebeur net as daar 'n groot wye vrag is. Dit is die tweede slegte voorteken. Almal kyk na die donker deure van die vliegtuig. Die grootste ding kom daar agteruit die trappe af. Die lugbemanning help haar uit die vliegtuig uit. Sy het nou wragtig 'n breë boud gehad! Ek hoor hier agter my: 'O hel! O bliksem!' Toe ek bietjie later omkyk, is daar net so vyf of ses ouens oor, die ander het almal geloop.*

Dit is die eerste keer dat 'n suster amptelik in die operasionele gebied oorkant die grens ontplooi word. Sy het *browns* aan, boshod op die kop, baadjie, hemp, broek, kouse en stewels. Sy het 'n 9mm pistool aan haar heup, 'n R4 oor die skouer en 'n helse mes hier aan haar kuit. Dit was nie 'n geval van *Annie get your gun* nie, maar die meervoud *Annies get your guns!*

Sy wil dadelik die troepe hê om op te lei as teaterordonnans. Maar sy kan hulle nie kry nie want dit is na-ure en daar word nie lig gemaak nie, tensy dit absoluut noodsaaklik is. Sy word

na haar tent geneem. Die tent is spesiaal laat opslaan en het 'n bed uit die offisiërsmenasie en 'n houtkassie vir haar klere. Sy word alles wat in en om die basis gebeur verduidelik. As daar *banke, banke* geskree word, beteken dit daar is 'n grond- of lugaanval en almal moet afgaan na die bunkers toe. Sy moenie self probeer loop nie, sy moet net opstaan en 'n japon of jas aantrek. Een van die seiners sal in haar tent inhardloop, op die samjoor se opdrag, haar by die hand vat en haar na die bunkers lei. As sy self soontoe hardloop, gaan sy val oor allerhande goed. Sy sê sy verstaan, sy weet, sy het basiese opleiding gedoen. Sy het offisiërsoriëntering gedoen, sy weet wat om te doen.

Daar is vir haar 'n stortfasiliteit onder 'n boom geprakseer. Maar sy wil niks daarvan weet dat twee seiners moet waghou om seker te maak dat niemand haar afloer nie. Sy weet wat is 'n donkie, want sy kom van 'n plaas af. Sy weet hoe werk dinge van 'n plaas. Sy het basiese opleiding gedoen, sy het offisiërsoriëntering gedoen, sy weet presies hoe om alles te doen.

Die samjoor het voor die tyd met die Lugmag gaan detente; jy kan mos nou nie 'n suster op die gewone longdrops laat sit nie. Na 'n hengse oorredingspoging stem hulle toe in dat die suster hulle toilet mag gebruik. Samjoor moes vier lugmagoffisiere toestemming gee om in sy bad te bad in ruil vir dié vergunning maar sy troepe moes die donkie stook en die water intap. Hy vat ewenwel die suster na die toilet toe om vir haar te beduie hoe dit werk. Sy sê sy kom van die plaas af, sy weet presies hoe werk hierdie goed, die samjoor moet haar uitlos.

Die volgende oggend is die samjoor vroeg wakker en op sy pos by die kombuis. Hy sien daar gaan die suster, hoed, hemp, baadjie, R4 en 9mm pistool. Sy gaan toilet toe. 'n Rukkie later is die koffie reg en hy stuur een van die troepe na die suster se tent toe om te sê die koffie is reg. Na 'n ruk kom die troep terug en sê die suster wil nie koffie hê nie. Later sien hy haar weer in 'n sivie (siviele) rok, besig om haar *browns* te was in die klein handwasbakkie. Net voor die *brunch*, gaan samjoor na die lugmag om te hoor of daar enige soek- en reddingoperasies beplan word. Hy sien iets is nie lekker nie. Die lugmagouens is baie ongelukkig. Die vorige aand het iemand hulle toilet opgeneuk.

Samjoor roep die suster vir *brunch*, maar sy wil nie eet nie. Hy begin hond se gedagtes kry. Hy gaan self oor en vra of hy kan binnekom. Sy sê eers nee. Hy sê dat hy baie graag met haar



wil gesels. Sy sê hy kan maar inkom. Met die inkom sien hy net pleisters aan haar bene en sê: *Suster, ek dink jy skuld my 'n verduideliking*. Sy erken sy is bietjie in die moeilikheid. Hy vra of dit sy is wat die lugmag se toilet opgeneuk het. Sy sê ja. Sy het met daai sware gewig, en die twee emmers water wat sy gedra het, oor die asbesplaat geloop en dit het padgegee. Sy het gevolglik binne-in die put beland. Hoe sy op haar eie uit die put en tot by haar tent gekom het, weet nugter.

Maar dit is nie die einde van die storie nie. Hoë hoofkwartier wil weet hoe dit gaan. Dit is dag een van die suster se verblyf en samjoor moet 'n situasierapport stuur. Hy moet sê hoe dit gaan. Die rapport lui die suster is beseer, maar niemand weet hoe is sy beseer is nie. Telekse word heen en weer gestuur. Sy het geval. Waar het sy geval? Sy het in die toilet geval. Hoe het sy geval? Sy het geval, hoe kan mens nou sê wat het gebeur? Nou wat is haar beserings? Sy het beenbeserings. Hoe erg is die beserings? Nie so erg nie, net bekommerd oor infeksie. Nou watse infeksie kan jy in die toilet kry? Toe blaker samjoor dit sommer uit. Die suster het in die ... geval. Die oomblik toe hy dit sê, toe weet die hele Angola van die storie (Mnr. R.C. Medlin 1997:onderhoud).

#### **2.4.2 Geheimhouding oor optredes in Suidwes-Afrika en Angola**

Aan die begin van die oorlog was die Suid-Afrikaanse magte daar ontplooi onder uiters geheime omstandighede en alles wat Suid-Afrikaans was, moes verwyder word. So moes die manne nie eers tandepasta wat 'n aanduiding kon gee dat dit van Suid-Afrika af kom, in hul besit gehad het nie. Daar is vir hulle gesê: *Kyk, as mense met julle praat, sê jy liever niks nie, tensy jy iets in Portugees kan sê*. 'n Ou sit eendag so teen die voorwiel van 'n pantserkar en hy eet sy blikkieskos. 'n Koerantman kom om die draai en hy sê: *Goeie môre*. Die troep dink net daaraan dat hy liever moet stilbly tensy hy iets in Portugees kan sê. Hy kyk toe maar anderpad. Die koerantman herhaal: *Good morning*. Die troep bly doodstil. Die koerantman vra van waar in Suid-Afrika die troep kom. Die troep besef hy kan nie langer stilbly nie. Hy moet nou iets in Portugees sê, maar al Portugees wat hy ken, is: *muito obrigado* (Portugees vir baie dankie). Hy sê dit toe maar. Die koerantman verstaan hom egter nie mooi nie. Hy vra of die pantserkarre nie van Suid-Afrika is nie. Die troep sê: *muito obrigado*. Die koerantman vra waar die troep se hoofkwartier is en aan watter eenheid hy behoort. Maar die troep antwoord net weer in sy Portugees. Met 'n tipiese koeranttruuk probeer die koerantman weer en sê hy

gaan die volgende dag Suid-Afrika toe, hy kan 'n brief saamneem of vir die troep se mense 'n lui gee. Die troep dink 'n oomblik na en sê: *Maar my magtig man, ek sê dan, muito obrigado!* Hy kon dit net nie meer hou nie en gee die hele saak weg (Mnr. C.R.J. Thirion 1997:onderhoud).

### 2.4.3 Spottery oor geklassifiseerde dokumente

Die manne het soms van dokumente gesê: *Top secret, burn before you read.* 'n Troep het eendag vir die korporaal gevra, wat beteken die *Beperk* op die dokumentasie wat hy by hom het. Die korporaal het ook nie geweet nie, want hulle ken die *Geheim* en *Uiters Geheim* van geklassifiseerde dokumente, maar wat beteken *Beperk*? Die korporaal kom toe tot die gevolgtrekking dat daar nie genoeg afskrifte van die dokumente is om vir die sivies (siviele persone) ook te gee nie, daarom is die dokumente *Beperk* geklassifiseer (Mnr. C.R.J. Thirion 1997:onderhoud).

### 2.4.4 Mense wat onder dekking gewerk het

Die bekende skrywer en storieverteller Jan Spies het die informant op 'n keer in Windhoek opgespoor en gevra hoe lank hy al in Windhoek is. Die informant sê hy is nou twee dae daar. Jan Spies: *En jy het my nog nie gebel nie. Maar ek moet seker aanvaar jy is weer onder so 'n diep dekking dat jy onder 'n skuilnaam bid.* (Mnr. C.R.J. Thirion 1997:onderhoud).

### 2.4.5 Koffiedrinkery

Kolonel Hills wou nie hê sy manne moet sterk drank gebruik nie. Een middag na werk het samjoor Kitching, ou Kitcha, en 'n paar jong luitenanten 'n ketel en hulle drink koffie. Oom Jan Breytenbach sit ook daar en die ander manne sit maar daar rond en gesels. Maar dit raak al raseriger hier waar hulle *darts* speel. Kort-kort vra ou Kitcha: *Luitenant wil jy nog 'n bietjie koffie hê? Daai koffie is seker nou al koud.* Dan sê die luitenant: *Ja, gooi maar so 'n bietjie.* Dan gooi hulle swart koffie. Later staan kolonel Hills so 'n bietjie nader want dit raak nou al meer suspisiesus. Die manne lawaai en raas darem baie om die koffie. Dit is toe al die tyd *rum* en *coke* wat hulle in die ketel gegooi het. Hulle is stormdronk van die *koffie* wat hulle die heel aand so drink. Die kolonel sê mos hulle mag nie drink nie. Nou sal hulle maar koffie drink (Mnr. A.F. van Niekerk 1997:onderhoud).



#### 2.4.6 Die burgemeester van Rundu

'n Informant vertel hy was op 'n keer die burgemeester van Rundu. Hy het 'n vreeslike bos baard gehad en hulle moes *pose* vir films en foto's. Hy was die lid met die langste toer (dienstydperk) in Rundu, die mees senior en daarom die burgemeester. Min Shaw, eertydse sangeres, het kom besoek aflê. Hulle het haar help afdra van die vliegtuig af en sy moes saam met die burgemeester *pose*. Toe sien sy verloofde die foto en daar is net probleme. Hy kry die verloofring terug, toegedraai in die foto waarop hy en Min Shaw inmekaargevleg staan. Die verloofde is die vrou met wie hy nou reeds 28 jaar getroud is (Mnr. A.L. Strauss 1997:onderhoud).

#### 2.4.7 Drawwery op die Rehoboth pad

Op 'n keer draf die informant en 'n vriend uit op die Rehoboth pad suid van Windhoek. Hy draf voor en Ferdie van Wyk draf agter. Dit is nou om die dag se oefening in te kry. Dit is Vrydagnamiddag en die weekswerkers is op pad Rehoboth toe vir die naweek. Soos hulle verbyry, skree hulle aanmekaar dieselfde ding: *Jou moer jou Boer!* Dit was vir hulle onverstaanbaar dat hulle erken word vir wat hulle is. So tien kilometers buite Windhoek draai die drawwers om, en toe draf Ferdie voor. Agter op Ferdie se T-hemp is daar 'n soldatefiguur met die volgende woorde: *Die Boere is hier om te bly*. Dit is toe die rede waarom die drawwers geskel word (Mnr. C.R.J. Thirion 1997:onderhoud).

#### 2.4.8 'n Funksie vir burgerlikes

Op Walvisbaai besluit kommandant Van Deventer hulle moet darem vir die burgerlikes 'n formele ete aanbied *a la* militêre tradisies en reëls. Kaptein Mielies Vermaak was artilleris en die adjudant. Hulle reël dat die Leërorke Walvisbaai toe kom en maak 'n groot ophef van die geleentheid. Daar was 'n vlagstrykingsparade, 'n skemerkelkie, 'n ete - alles volgens die boek. Daar word uitnodigings uitgestuur en die drag is formeel.

Elke nou en dan bel 'n dame en vra wat is die kleredrag. Dan verduidelik Mielies vir haar: *Mevrou, dit is met hoed, sykouse, handskoene en hoëhakskoene. Dit is 18:00 vir 18:30 en dit beteken jy moet reeds 18:00 daar wees sodat ons vir jou kan wys waar jou sitplek is.* Maar Mielies Vermaak is 'n platjie. Hy is redelik besig, want hy is adjudant vir 'n veggroep, dit is vir die infanterie, pantser, artillerie, die brandstof- en logistieke afdelings. 'n Man moet kophou

vir die pos. Seker vir die twaalfde keer die volgende dag bel 'n dame hom weer. Sy sê: *Ag Kaptein, baie dankie vir die uitnodiging, ek wil graag weet wat moet ons nou alles aantrek, wat bedoel julle nou met formele drag?* Hy sê vir haar: *Mevrou, dit is handskoene, hoed, sykouse, langerige rok, hoëhakskoene, en 'n panty is opsioneel!* Baie dankie. En hy sit die foon neer.

Die dag met die parade kom die mense aan en sommiges vra: *Wie is kaptein Vermaak?* Die vlagstryking is gedoen en almal is daar. Die atmosfeer is gemoedelik. Die een dame beweeg so na kommandant Van Deventer se kant toe. Sy sê sy wil baie graag die adjudant ontmoet. Sal kommandant net sê wie dit is? Die kommandant stel sy adjudant, kaptein Mielies Vermaak voor en sê hy was verantwoordelik vir al die reëlings. Sy sê nee, dit is reg, sy is die burgemeester se vrou. Die burgemeester se vrou was een van die gesiene vroue in Walvisbaai. Sy was 'n redelike dinamiese vrou, en almal begin nader staan om te luister. Sy sê: *Ag kommandant, ek wil net graag vertel van die advies wat u adjudant vir my gegee het. Ek wou net seker maak, want die een vrou sê dit is nie nodig vir 'n hoed nie, die ander sê dit is nie nodig vir handskoene nie. Dit is vir ons iets nuuts en ons wil julle nie teleurstel nie. Die adjudant het my mooi verduidelik. Ek het toe nie my handskoene gebring nie en my hoed het ek reeds gebêre. Ek het nie hoëhakskoene nie, want in hierdie sand van Walvisbaai kan jy nie met hoëhakskoene loop nie. Ek het toe gewone skoene en sykouse aangetrek, en ek het my panty aan, en dié was glo opsioneel gewees!* Toe bars almal uit van die lag (Mnr. W.A. van Deventer 1997:onderhoud).

#### **2.4.9 'n Lid van die vyand in 'n bevelsvoertuig**

Die mees ironiese goed het soms gebeur. Toe die oorlog in 'n konvensionele fase in beweeg, het dinge met tye vinnig gebeur. Die weerstand het padgegee soos die Suid-Afrikaners aangemars het. Daar was die geval toe die agterdeur van die Ratelbevelsvoertuig oop was omdat daar nie onmiddellike gevaar was nie. Hulle ry baie stadig so deur die bosse. Die volgende oomblik spring een van die vyand binne-in die Ratel in met sy geweer en al. Hy soek skuiling, want hy is klaar met hierdie oorlog. In die Ratel is bevelvoerders met hoë range en hier spring sommer een van die vyand met geweer en al binne-in die voertuig in. Hulle vat net daar sy geweer af en neem hom saam as gevangene (Mnr. C.R.J. Thirion 1997:onderhoud).



#### 2.4.10 Tsetsevlieg-beheerpunte

Daar was die geval toe 'n SAW-veggroep by Katima Mulilo oor die grens na Zambië is om 'n SWAPO-basis te gaan *klap* (aanval en vernietig). Die vyand het weggehardloop en daar was gevolglik geen vyand voor die SAW-magte nie. Daar is tsetsevlieg-beheerpunte in Zambië. Terwyl die veggroep ry, kom daar van die voorste pantserkarre 'n berig deur wat sê 'n man met 'n vlieëspuit het hulle gestop. Met die handpompie spuit hy insekdoder. Hy wil nie hê die voertuie moet verder vorentoe beweeg nie, en die voorste pantserkarre wil weet wat moet hulle nou maak. Die groepbevelvoerder ry vorentoe en sien die swartman met die spuit. Hy spuit al in die skadukolle van die voertuie wat op die pad beweeg met insekdoder om die tsetsevlieë te laat vrek. Hy het nie moderne apparaat nie maar wil nie die lang ry Ratels, Buffels en ander voertuie laat deurgaan voordat hulle nie gespuut is nie. Die groepbevelvoerder besluit toe hy sal maar nie die man se dag vir hom moeilik maak nie. Al die voertuie is toe met die hand gespuut. Die arme ou swartman is heel tevrede; hulle is besig om sy land in te val, maar hy doen sy werk (Mnr. J. Breytenbach 1997:onderhoud).

#### 2.4.11 Die dronk kriptograaf

So rondom 1962 was daar net een kriptograaf in Walvisbaai, 'n samjoor, maar dié man het 'n drankprobleem gehad. Wanneer die mense van Pretoria af bel om te sê daar kom 'n dringende berig deur, moet die seinkantoor oopgesluit word. Hannes Cruywagen was nog die seinoffisier. Die nodige goed word aan die gang gekry en nadat die berig ontvang is, moet 'n antwoord teruggestuur word. Die samjoor word gehaal, maar hy was dan gewoonlik so dronk! Hy word swart koffie gevoer om hom aan die gang te kry sodat hy net weer kan regkom en antwoord. As hy so half nugter is en hy kan lees, hou een van die manne sy hand vas dat hy net die morsekode kan stuur. Dan hardloop die berig deur. Die boodskap wat terugkom lui: *Ja, ons kan sien Crynow is weer onder die invloed van drank, maar het die boodskap ontvang.* 'n Persoon kan herken word aan die manier waarop hy die sleutels slaan en die manier waarvolgens hy mors (morsekode stuur). Die plek vanwaar dit gestuur word, kan ook bepaal word. Net soos radar 'n handskrif het wat aandui waar die radarskyf is, kan 'n mens morsekode ook identifiseer. Die vyand kan bepaal of dit misleiding of disinformasie is (Mnr. W.A. van Deventer 1997:onderhoud).

#### 2.4.12 Die inbring van helikopters

Helikopters het 'n belangrike rol gespeel tydens die oorlog. Daar is 'n staaltjie van 'n patrollie wat in die veld was en 'n helikopter moes inbring (navigeer) om te land en hulle op te laai. Die vlieëniers het hul eie manier van praat gehad wanneer hulle oor die radio kommunikeer. Hulle het byvoorbeeld baie Engelse woorde gebruik. Die vlieënier vra die betrokke keer aan die patrolliebevelvoerder: *Have you got me visually?* bedoelende: *Kan jy my sien?* Toe antwoord die man op die grond: *I haven't got you visually, but I can see you* (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).

Dit was nogal 'n redelike kuns om 'n helikopter in te praat in die nag want 'n mens moes fakkels gebruik. Dié spesifieke aand het die maan geskyn. Toe die vlieënier oor die radio vir die patrolliebevelvoerder vra: *Kan jy my al sien?* sê hy: *Ja ek kan jou sien, jy is net daar regs van die maan* (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).

#### 2.4.13 Brugspeel

'n Kapelaan wat die oorlog beleef het, is van mening dat humor 'n hanterings- of oorlewingsmeganisme is tydens spanningsvolle tye. Hy is baie lief vir brugspeel. Op 'n betrokke dag het die kapelaan, die veggroep-bevelvoerder, die adjudant en die tweede in bevel, rondom 'n *ammokis* (ammunisiekis) daar in Angola sit en brug speel. Hy vertel dat vyandelike Mig's (vegvliegtuie) oorgevlieg het, maar dat 'n mens na 'n sekere tyd 'n tolleransie in terme van spanning bereik. Jou onderbewussyn sê vir jou hoe ver of hoe naby die klank is. 'n Mens kry die waarskuwing oor die radio: *Victor victor, lugstand rooi*, dan weet jy daar is vyandelike vliegtuie in die lug. Maar as mens dit dikwels hoor, neem jou onderbewussyn oor en sê vir jou hoe ver of hoe naby die vliegtuie is. Die betrokke dag was daar 'n waarskuwing, maar dit het geklink of die Mig's baie ver is. Die volgende oomblik vlieg die Mig's baie laag oor en bomme val. Die soldate was in 'n oop laer en redelik wyd versprei. Almal was gekamoefleer en elkeen het 'n jakkalsgat gehad om in weg te kruip. Toe die bomme val, hardloop die kolonel na sy bevelsratel, die tweede in bevel na sy Ratel, die adjudant na sy tent en die kapelaan kruip onder 'n Ratel in, elkeen met sy pakkie kaarte. So drie minute later het daar bietjie orde gekom en daar is met behulp van die radio vasgestel dat almal veilig is. Die vier brugspelers is met dieselfde pakkie kaarte terug *brugtafel* toe en die brugspel het voortgegaan. Later toe hulle daaraan teruggedink, was die hele situasie vir hulle baie snaaks (Ds. J.W. van Niekerk



1997:onderhoud).

#### **2.4.14 Die hardekwas Portugees**

Daar was 'n man met 'n Portugeese van; hy was hardekwas of net gewoonweg dom. Hy het altyd een of ander probleem gehad met die korporaaals, en as straf jaag hulle hom dan heen en weer met twee emmers vol sand. Later was dit twee emmers vol water. Die idee met water was om te hardloop sonder dat daar 'n druppeltjie water uitval, anders is hy in groot moeilikheid. Dit was sy straf omdat hy so baie drooggemaak het. Hy het natuurlik sterk geraak van die hardlopery. Eendag het die basissamjoor se jeep aan die brand geslaan. Toe hardloop almal vir die sandemmers. Elke man hardloop met een sandemmer of een wateremmer, behalwe hierdie Portugees. Hy kom aangehardloop met twee emmers sand. Dit was baie snaaks. Dit was seker die mag van die gewoonte (Mnr. G.L van den Berg 1997:onderhoud).

### **2.5 Kommunikasieprobleme en misverstande**

Kommunikasieprobleme en misverstande het dikwels voorgekom tot groot verleentheid van beide vriend en vyand.

#### **2.5.1 Misgissing deur die vyand**

Kolonel Breytenbach vertel hy is aangesien vir 'n Kubaan. By 'n klein dorpie was daar 'n bataljon FAPLA-magte. Die Suid-Afrikaanse magte het langs die dorpie stilgehou. By omtrent al die huise het FAPLA-soldate vir hulle staan en waai. Tydens 'n geveg het niemand rangtekens gedra nie en dié betrokke keer was almal in kamoefleerdrag. Skielik kom twee soldate die dorp uitgestorm na Toon Slabbert se pantserkar toe. Die een skree: *Kameraad, kommedante!*, want hulle sien die Suid-Afrikaners aan vir Kubane. Toon sê: *Ek is nie die kommedante nie, die kommedante is hier agter my*. Kolonel Breytenbach het in sy Land Cruiser agter Slabbert gesit. Die FAPLA-bevelvoerder kom soengroet kolonel Breytenbach op albei wange, want hy het hom aangesien vir 'n Kubaan. Die kolonel wil hom skiet, maar sy wapen weier en hy sê: *Give me your rifle!* Die vyand kom sy fout agter en oorhandig maar sy wapen. Kolonel Breytenbach brand met die vyand se AK 47 los op die soldate by die huise. Om alles te kroon skree die FAPLA-bevelvoerder in Portugees vir sy manne bevele, onbewus daarvan dat die kolonel se drywer hom verstaan en alles vertaal. Dit was 'n fatale misgissing deur die vyand (Mnr. J. Breytenbach 1997:onderhoud).

### **2.5.2 Die onwillige passasier**

Die Flossie het gewoonlik so 'n uur of wat op die aanloopbaan gestaan voordat dit weer opgestyg en teruggevlieg het Suid-Afrika toe. (Daar is gewoonlik na die C 130 Hercules- en C 160 Transallvragvliegtuie verwys as die Flossie. Soldate is ook met die Flossie na die operasionele gebied en terug vervoer). Op 'n keer het daar 'n man langs die vliegveld gestaan en botweg geweier om met die Flossie terug te vlieg Suid-Afrika toe. Uiteindelik het van die manne hom op die Flossie gekry en hy is Suid-Afrika toe. Later sou hulle uitvind dat dit 'n groot misverstand was en dat die man pas daar aangekom het met dieselfde Flossie vir sy drie maande toer (dienstydk). Dit was ironies en lagwekkend dat hy nie uit eie vrye wil terug is huis toe nie, dat die lughawepersoneel hom moes forseer om terug te gaan (Mnr. J.R. Kruger 1997:onderhoud).

### **2.5.3 Kommunikasie met rou Boesmans**

Eendag het rou Boesmans in die hande van die veiligheidsmagte geval. Hulle is deur die mediese personeel op Oshakati ondersoek en een van die vrouens was ver swanger. Die dokter vertel toe hulle weer hul oë uitvee, kraam sy en hulle vang die Boesmanbabatjie. Die dokter se vrou was 'n verpleegkundige en sy het van hul kinders se ou klere vir die nuwe aankomeling gegee. Toe sy die Boesmanvrou wys om die doekspeld vas te steek, vat die Boesmanvrou die speld en druk dit deur haar oor. Sy het dit beskou dit as 'n oorbel en daar was nie 'n manier om haar te laat verstaan wat die doel van 'n doekspeld eintlik is nie. Die kommunikasie met die rou Boesmans was baie moeilik (Dr. R.J. Jansen van Rensburg 1997:onderhoud).

### **2.5.4 Kommunikasie met Portugese kinders**

Sommige Portugese was in die kruisvuur vasgevang. Op 'n keer was daar 'n brand en die Portugese kinders is afgevoer na die naaste hospitaal om behandel te word vir brandwonde. Hulle het vir maande in die siekeboeg gelê en mooi herstel voordat hulle terug is na hul ouers toe. Tipies troepe, het hulle dit geweldig geniet om die kinders Afrikaans en Engels te leer praat. Toe die Geneesheer-Generaal op 'n keer daar aankom, het die kinders regop op die bed gespring, die generaal gesalueer en hom na 'n vreeslike plek gestuur. Die arme kinders het natuurlik glad nie geweet wat hulle sê nie en dit was eintlik skreeusnaaks (Dr. R.J. Jansen van Rensburg 1997:onderhoud).



### 2.5.5 Die kommunikasiegaping oor teaterdoeke

Een van die susters het die afmetings vir teaterdoeke in duime gemeet. Die logistieke stafoffisier wat dit bestel het, het dit in sentimeters bestel. Die dag voordat die operasie sou begin en die kratte groen teaterdoeke aankom, is daar groot konsternasie want die teaterdoeke is sulke klein sakdoekies wat vir niks op die aarde sal help nie. Brigadier Witkop Badenhorst was bevelvoerder op Oshakati. Die dokter vertel hy het oorgehardloop en vir die brigadier se persoonlike assistent en sekretaresse gesê hy moet dadelik met hom praat. Die brigadier moes dadelik sy vrou kry. Hy was in 'n toestand omdat 'n jong majoor, so absoluut *demanding* is. Binne 'n kwessie van minute was mevrou Badenhorst en die logistieke offisier daar. Die dokter soek toe al die blou nuwe lakens in die store. Mevrou Badenhorst het die damesvereniging gemonster om naaimasjiene na die menasie te bring. Hulle het vir 24 uur gesit en lakens so groot soos teaterdoeke gesny en omsoom, want teaterdoeke mag nie fraaiings hê nie. Daar was nie groen doeke vir die chirurge nie, maar bloues. Toevallig het gesofistikeerde hospitale soos Unitas nie groen doeke nie, maar net bloues (Dr. R.J. Jansen van Rensburg 1997:onderhoud).

### 2.5.6 Die groot misverstand

Samjoor Medlin vertel dat die eerste keer toe SAW-magte met UNITA-troepe in aanraking gekom het, daar 'n tekort aan bomverbande was. Elke troep het 'n bomverband saam met hom gedra. As hy gewond is, of sy maat is gewond, kon hy onmiddellik die wond verbind. Die mediese personeel moes bomverbande bestel vir hierdie massa troepe wat sou aankom. In die eerste plek het die personeellid 20,000 bokse bestel en nie 20,000 bomverbande nie. In die tweede plek het hy die verkeerde bestellingnommer gebruik. Toe kom daar 20,000 bokse sanitêre doeke aan. Die goed is uitgereik aan die UNITA-troepe. Party het dit oor die oor gehang en party oor die loop van die geweer. Dit het egter gewerk want dit was net so effektief as 'n bomverband. Dit is onverstaanbaar dat die mense wat die bestelling uitgevoer het, nie gewonder het waarom hulle skielik 20,000 bokse van dié goed in die oorlogsgebied nodig het nie (Mnr. R.C. Medlin 1997:onderhoud).

## 2.6 Poetse en kwajongstreke

Hoewel daar 'n oorlog aan die gang was, het poetse en kwajongstreke nie uitgebrei nie.

### 2.6.1 Poetse op die samjoor

In Walvisbaai is daar begin met konvensionele oefeninge. Daar is baie stories van troepe en korporaals wat stout was. So het hulle byvoorbeeld vir die samjoor gewag om sy draai in die duine te loop om sy besigheid te doen. Wanneer hy die oorpak afgetrek het, moes hy dit mooi vashou, anders was daar 'n groot gemors. As hy sy besigheid soos 'n kat doen, dan vat die troepe van die groot skopgrawe en sit dit onder sy boude in. Sodra die samjoor klaar is, trek die troepe die graaf saggies weg en loop. Die niksvermoedende samjoor trek sy oorpak weer op, maar sodra hy sien daar is niks agter hom nie, maak hy die oorpak vinnig los en trek dit af omdat hy dink alles is besmeer. As hy agterkom hulle het hom 'n poets gebak, skreeu hy: *Julle bliksems, ek weet dit is julle!* (Mnr. W.A. van Deventer 1997:onderhoud).

### 2.6.2 Die episode met die springhaas

Kommandant Van Lille was 'n korterige, klein en kordaat mannetjie. Daar was 'n beplanningsiklus op Omatia, maar omdat hy eintlik op Tsumeb gebly het, het hy tydens die beplanningsiklus in 'n choppertent geslaap. (Helikopters het gewoonlik tente gehad wat die bemanning kon opslaan indien dit sou nodig word. Dit het algemeen bekend gestaan as choppertente). Daar is dwarsdeur die nag gewerk, want die beplanning moes binne 72 uur klaar wees. 'n Klompie van die majore vang een aand 'n springhaas en wag tot laataand. Toe die kommandant gaan slaap, gooi hulle die springhaas in sy tent. Almal staan buite die tent om te luister wat gebeur. Wanneer die kommandant praat, is die springhaas stil. Sodra hy ophou praat, soek die springhaas uitkomplek. Nou weet hy nie wat aangaan nie, hoor net die geritsel binne-in sy tent. Dan vra hy: *Wie is daar?* Dan gaan staan die springhaas stil. As hy wag vir reaksie, begin die springhaas uitkomplek soek. Dan sê hy: *Ek is gewapen, ek gaan skiet!* Toe hy later sy flitslig aanskakel en die springhaas sien, was daar groot chaos (Ds. J.W. van Niekerk 1997:onderhoud).

### 2.6.3 Kwajongstreke

'n Lugmag brigadier vertel hy het na die oorlog eers van die volgende petalje gehoor. Een aand het die vlieëniers op Grootfontein huis toe verlang en besluit net daar: *Vanaand is die aand.* Hulle kom almal van die Kaap af en hulle besluit om 'n draai in die Kaap te gaan maak. Hulle spring in 'n 730 (vliegtuig) en sê vir die beheertoring hulle is op 'n spesiale vlug. Die toring bevraagteken dit nie. In die lug tree hulle deur middel van die radio met hoë frekwensie



telefonies in verbinding met hulle vrouens en sê dié moet hulle kom ontmoet op DF Malan-lughawe. Hulle is na 'n restaurant op Bloubergstrand en het groot partytjie gehou. Party ouens kon toe nie drink nie want hulle moes terugvlieg. Voor daglig was hulle weer terug op Grootfontein (Mnr. C. de Swart 1997:onderhoud).

## 2.7 Evaluering

Omdat daar net 'n klomp mans bymekaar was, is daar nie gekroom om 'n ding by sy naam te noem nie. Daar is vertel van die vroulike suster wat in die ... geval het en die misverstand met bestelling van bomverbande toe sanitêre doekies in die operasionele gebied aangekom het. Die vertelling oor die opsionele dra van 'n *panty* na 'n sosiale geleentheid, is nog 'n voorbeeld van ongeërgdheid.

Die gebrek aan fasiliteite vir persoonlike higiëne het soldate genoodsaak om by omstandighede aan te pas en te improviseer. Uit vermakerigheid was die bad by Ongiva in die ope lug sodat die manne dit kon sien. Manne wat vir 'n ruk lank in die bos was, het dan jaloers gevloek en geskel op die man wat besig was om te bad. Niemand kon die geprakseerde toilet gebruik sonder die lugmapersoneel se toestemming nie. Geriewe is jaloers bewaak. Soldate het ook te kampe gehad met vyandigheid van burgerlikes soos blyk uit die geskellery toe 'n paar gaan draf het. Hulle was nogtans barmhartig en het omgesien na onskuldige slagoffers van die oorlog soos die rou Boesmans en Portugese kinders wat vasgevang was in die kruisvuur.

Die vertelling oor die besoek van die voormalige sangeres Min Shaw, die fantasering oor die eerste vroulike verpleegsuster in die operasionele gebied, die feit dat daar selfs weddenskappe geneem is oor hoe sy lyk, en die teleurstelling toe hulle sien hoe sy regtig lyk, is bewys dat aantreklike vroulike teenwoordigheid vir hulle belangrik was.

Ten spyte van ontberings het soldate egter hul sin vir humor behou. Daar is byvoorbeeld gespot met die geheimhouding waarin die oorlog gehul was. Daar was kameraderie onder die soldate soos blyk uit die poetse wat op mekaar gebak is en die kwajongstreke wat somtyds aangevang is. Die aantal humoristiese verhale is bewys daarvan dat soldate ook die komiese sy van onaangename belewenisse kon raaksien.

## HOOFSTUK 3

### ONAANGENAME WEDERVARINGS

#### 3.1 Inleiding

Oorloë word gekenmerk deur onaangename ondervindings vir almal wat daardeur geraak word. Gedurende die Anglo-Boereoorlog, byvoorbeeld, is die burgers op kommando aan ontberings blootgestel. Die gevegsituasie het 'n diep indruk gemaak en die ervaring van die dood was 'n alomteenwoordige werklikheid. Met die eerste kennismaking met vyandelike bombardement het hulle 'n heilige vrees daarvoor gekoester. 'n Aantal burgers het gereken dat die oordeelsdag só moet wees. Die uitwerking van 'n bom het ook die moreel van die slagoffers beïnvloed. Hoewel die meeste burgers ná hul vuurdoop hul vrees vir die daaglikse bombardement verloor het, het die gevoel van onveiligheid en onsekerheid nooit volkome gewyk nie (Pretorius 1999:141-148).

Belewenisvertellings wat handel oor onaangename wedervarings gedurende die grensoorlog, gryp die volksmens se verbeelding en emosies aan. As volksverhaal openbaar dit die volksgees en in hierdie geval meer spesifiek die gewaarwordinge, emosies en menseverhoudings van die soldate wat aan die oorlog deelgeneem het. Die uitkoms van sommige van die vertellings is selfs tragies.

In sommige van die belewenisvertellings speel diere 'n belangrike rol. In dié opsig toon dit ooreenkomste met die fabel. Die fabel is 'n sprokie wat gewoonlik 'n lewensles oordra, terwyl dit by die belewenisvertelling nie noodwendig die geval is nie. Belewenisvertellings wat handel oor troeteldiere, is 'n aanduiding dat daar by soldate 'n behoefte bestaan het om in die oorlogsituasie uiting te gee aan die behoefte om iets te versorg.

Soldate wat in die noorde van Suidwes en suide van Angola ontplooi is, het dikwels slegte nuus van die huis af ontvang. Hulle is met die dood van makkers en die vyand gekonfronteer. Weens die aard van die landstreek het hulle ook te doen gehad met wilde diere. Huisdiere en makgemaakte wilde diere het 'n belangrike rol in hul lewens gespeel.



Die vertellings in die hoofstuk is volgens temas ingedeel: afsêbriewe en slegte nuus van die huis af, die dood van makkers en die vyand, wederverings met wilde diere en troeteldiere wat aangehou is.

### 3.2 Weermagtaal en -uitdrukkings

*Dear Johnny*: 'n afsêbrief

*Troep*: 'n manskap of soldaat met 'n laer rang

*Burgersaketroepe*: soldate wat hulp verleen het aan die plaaslike bevolking as byvoorbeeld onderwysers of landboukundige raadgevers

*Nafie*: iemand is *nafie* wanneer sy moraal laag is en daar nie veel met hom uitgerig kan word nie

*Body bags*: plastieksakke met afgestorwe soldate se liggeme

*Buffalo*: 'n verwysing na 32 Bataljon, waarskynlik omdat die buffel die bataljonkenteken was

*States*: wanneer iemand na die RSA verwys het, is die woord *States* dikwels gebruik, waarskynlik omdat die Suid-Afrikaners hulle sterk geïdentifiseer het met die Verenigde State van Amerika (die *States*) se betrokkenheid in die oorlog in Viëtnam. Aansluitend hierby is daar na vriende as *buddies* verwys

*Min dae*: 'n man het *min dae* gehad wanneer sy dienstdaer byna voltooi was

### 3.3 Afsêbriewe en slegte nuus van die huis af

Wanneer soldate op die grens ontplooi is, was pos van die huis af baie belangrik. Die pos het egter nie altyd goeie nuus bevat nie. Afsêbriewe, ook bekend as *dear Johnny* briewe, en slegte nuus is traumaties ervaar.

#### 3.3.1 Belangrikheid van pos

Pos is via Grootfontein op Katima Mulilo afgelewer. Dit het somtyds nogal lank geneem, maar dit was darem nuus van die huis af. As die Burgersaketroepe aanmeld en hulle is nie te veel nie, word hulle deur die bevelvoerder ingeroep en uitgevra oor hulle gesinne, waar hulle vandaan kom en of hulle meisies het. As 'n man 'n meisie het, kan hy op twee maniere op die grenservaring reageer. Hy kan homself wil bewys, óf hy verlang hom dood. Die man wat verlang, raak soms *nafie*, dit beteken sy moraal is laag. Pos van die huis af was daarom

belangrik. As 'n man 'n meisie het, dan lewe hy vir iets. 'n Mens het nie altyd geweet wat 'n man se huislike omstandighede was nie. Nadat hy slegte nuus ontvang het, kom soek hy sewe dae pas. Maar dan moes sy bevelvoerder oppas dat so 'n brief met slegte nuus nie geskrywe is deur iemand met wie hy afgespreek het nie. Daarom moes 'n polisiekantoor op sy dorp of sy dominee dit teken en bevestig dat die boodskap waar is (Mnr. D. du Toit 1997:onderhoud).

### 3.3.2 Gevoelens na 'n *dear Johnny* brief

'n Dienspligtige vertel dat hy 'n *dear Johnny* brief ontvang het: *Jy raak van jou kop af, jy skakel net af; jy is soos 'n zombie. Jy loop rond en wonder of dit sin maak om terug te gaan huis toe; jy wil sommer permanent by die weermag aansluit. Jy wil daar bo bly. Jy wil daar bly sodat jy die mense nooit weer in die oë hoeft te kyk nie. Jy voel snaaks, asof dit jou skuld is dat sy die verhouding verbreek het, omdat jy daar bo (op die grens) is. Jy neem jouself kwalik want jy wou nie gaan nie, maar jy moes. As jy daar bo is, is jy verskriklik jaloers ook. Jy verwag sy moenie uitgaan nie. Maar jy besef sy is by die huis en sy kan tog nie net vir jou sit en wag nie* (Mnr. F. Coetzee 1997:onderhoud).

### 3.3.3 Die netjiese korporaal

'n Lid van die Burgermag vertel as pelotonbevelvoerder moes hy baie probleme probeer oplos. Daar was 'n man, sê maar sy naam was Buks, 'n korporaal, 'n netjiese ou. Die pelotonbevelvoerder was baie trots op hom en lief vir hom. Hy moes kaartlees as die peloton patrollie loop. Die wêreld is plat daar bo - daar is nie uitstaande punte nie. Kaartlees het later regtig 'n groot kuns geraak. Buks was baie goed met kaartlees; hy was 'n goeie korporaal en het goed oor die weg gekom met sy mense. Toe, ewe skielik, raak hy slordig, gee nie om vir homself nie, gee nie om oor die troepe se doen en late nie, wil hulle nie motiveer nie, en sy gedagtes is nie by wat hy doen nie. Die groep was gemiddeld so 21, 22 jaar oud en die verantwoordelikheid teenoor mekaar was baie groot. 'n Mens moes vir baie dinge uitkyk. Die pelotonbevelvoerder was aan die begin kwaai met Buks, het hom uitgetrap, mooi gepraat, later lelik gepraat; dit het nie gehelp nie. Buks was baie opstandig. Daar is later dieper gesels oor die saak. Na 'n lang gesukkel het Buks gaan sit en briewe uit sy hemsak gehaal. Sy vrou het in haar laaste brief geskryf dat hy die volgende keer deur die prokureur van haar sal hoor. 'n Ander man het by haar ingetrek en sy wil 'n egskeiding hê. Sy seuntjie was vier maande oud



toe hy van die huis af weg is. Buks was totaal verpletter. Hy moes onttrek word uit die veld en het in die kombuis gaan werk. Die pelotonbevelvoerder was baie jammer vir hom, maar het ook 'n verantwoordelikheid gehad teenoor ten minste tien ander mense (Mnr. G.L. Van den Berg 1997:onderhoud).

### **3.3.4 Kansvatters**

Daar was kansvatters ook. Mense het goeie en slegte nuus van die huis af gekry, maar dit was somtyds 'n bietjie laat, omdat die briewe maar 'n rukkie gevat het om daar bo te kom. Daar was natuurlik die man wat onmiddellik 'n geleentheid gesien het om terug te gaan huis toe. Met groot trane het hy by die dominee kom huil met die verskriklike slegte nuus. Die bevelvoerder kon die nuus opvolg en die werklike situasie bepaal. Dan is daar by voorskrifte gehou om te bepaal of 'n troep mag huis toe gaan of nie. Die man het dan maar daarvoor gekom as sy plan nie gewerk het nie (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).

## **3.4 Die dood van makkers en die vyand**

### **3.4.1 Ontkenning van die dood**

Volgens 'n kapelaan is die belangrikste emosie wat 'n mens in 'n oorlogsituasie beleef, angs. Angs kan beleef word in verskillende grade, afhangende van persoonlikheid en opleiding; angs vir verskillende dinge waarvan die ergste seker die dood is; angs vir verwonding, vir verlies van 'n makker, vir verdwaal of gevangeneeming. 'n Mens begin in jou omstandighede saamleef met die angs totdat daar skielik 'n verlies van een van die mense rondom jou is. Dan gaan 'n mens deur die verskillende fases. Party mense raak heeltemal die kluts kwyt, ander herstel weer gedeeltelik. Reaksies verskil van persoon tot persoon. So was daar die geval van 'n luitenant wat gesterf het in 'n kontak met die vyand en vir ongeveer twee weke lank het sy makkers voortgegaan met die oorlog, maar in skok en amper in 'n dwaal het hulle probeer reageer asof hy nog daar was. Hulle het sy dood heeltemal ontken, van hom gepraat asof hy nog teenwoordig is (Ds. J.S. Botha 1997:onderhoud).

### **3.4.2 Die Portugese pelotonleiers en Robbie Robeiro**

*Jy het dikwels die mense wat doodgeskiet is, geken. Jy voel sleg daarvoor want dit is tog jou mense. Wat jou bekommer, is wat van die familie gaan word. As iemand hier langs jou*

*doodgeskiet word, kan jy nie daaraan dink nie, jy is besig met 'n hewige geveg. Jy het te veel hooi op jou vurk om jou op daardie oomblik te ontstel. Dit ontstel jou later as die body bags terugkom. Die Portugese pelotonleiers is almal binne 'n paar dae dood. Ek noem dit my black week. Omdat hulle so herderloos was, nie meer 'n land gehad het nie, het hulle op my staatgemaak. Ek het 'n spesiale verantwoordelikheid teenoor hulle gehad. Hulle dood laat 'n ou ongelukkig voel. Partykeer raak jy die moer in, veral as dit onnodig was. (Die Portugese pelotonleiers was deel van die leierkomponent van die groep Portugese soldate wat hulle by die Suid-Afrikaanse magte aangesluit het) (Mnr.J. Breytenbach 1997:onderhoud).*

Robbie Robeiro het gewondes afgevoer na die naaste hospitaal. Die paaie in die operasionele gebied was baie stowwerig en hy het van *Buffalo* af gery met 'n Land Rover en vier gewondes agterop. Hulle het die stof van 'n konvooi van voor af sien aankom. 'n Vragmotor wat van voor af in die stof die konvooi probeer verbystek het, ry toe dwarsoor die Land Rover. Al ses mense in die Land Rover is dood. *Hulle is nie dood in 'n kontaksituasie nie, dit is hoekom ek kwaad was. Dit was eintlik manslag* (Mnr. J. Breytenbach 1997:onderhoud).

### **3.4.3 Dood van makkers as gevolg van 'n landmyn**

*Ons het van Grootfontein na Opuwo gery. Naby Opuwo sou ons die grens oorsteek. Die basis is bo-op 'n koppie geleë. Ek het 'n pap wiel gehad en moes dit omruil. Toe ons verder ry, sien ons al die trokke staan stil. 'n Samil 20 trok wat nie gepantser was nie, het 'n landmyn afgetrap en die insittendes is dood. Aan die begin was ons verslae, kon dit nie glo nie. Later het ons bietjie onder mekaar gehuil, was woedend en daarna het ons gemengde gevoelens gehad, gedink volgende keer is dit dalk een van ons se beurt* (Mnr F. Coetzee 1997:onderhoud).

### **3.4.4 Die breker**

Tydens operasie Modulêr was daar 'n troep uit die Kaap, 'n breker, dié belangrike troep in die kompanie. As daar dissiplinêre probleme onder die leiersgroep was, is hy aangesê om die saak reg te stel. Hy was so 'n informele regeerder onder die troepe. Hy was ook 'n Ratelkanonnier. Met dié spesifieke operasie is daar gepoog om die vyand van sy ontsnaproete af te sny. Hierdie troep het agter 'n Ratelkanon gesit en 'n vragmotor vol FAPLA-soldate uitgeskiet. Hy het later vertel hoe hy hulle deur sy visier sien skarrel het en aanhou skiet het. Hy het besef hy is besig



om mense teen 'n verskriklike tempo dood te maak, maar het net meganies aanhou skiet. Na die tyd het dit hom ingehaal. Hy was in trane en kon die feit dat hy soveel mense doodgemaak het, nie verwerk nie. Dit het waarskynlik 'n groot invloed op sy lewe gehad en hy sukkel moontlik vandag nog daarmee (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).

### 3.4.5 Die dood van 'n vriend

As 'n doelwit bereik is met operasie Modulêr, was dit die gewoonte om bymekaar te kom en bietjie nabetraging te hou oor wat gebeur het. As daar ongevalle was, is daar 'n minuut stilte gehandhaaf om te dink aan makkers wat minute tevore nog daar was en nou nie meer teenwoordig is nie. 'n Ratelkanonnier se vriend is in kontak met die vyand dood. Hy het oor die radiokopstukke gehoor sy vriend is dood en het in die Ratel sit en huil. Maar 'n man moes maar aangaan, jy kon nie stilsit en tob nie. 'n Vriend se dood het 'n man meer getref as 'n afsêbrief. 'n Man sien sy vriend doodgaan, hy sien hoe stukkend hy is en besef hy weet dit die eerste, die vriend se ouers weet dit nog nie eers nie. Dood het 'n groot invloed op die manne gehad, dit het hulle baie gedemoraliseer. As 'n bevelvoerder 'n paar troepe aan die dood verloor het, kon hy die res van die manne nie so maklik motiveer nie (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).

### 3.4.6 Die helfte van 'n peloton uitgewis

'n Informant vertel dat 'n kompanie soldate in die veld besig was met patrollie. Die kompaniehoofkwartier was in 'n klein dorpie gesetel. Die betrokke patrollie kon nie op hul eie kompanieradionetwerk met hul kompaniebevelvoerder in verbinding tree nie en maak toe van die bevelsradio gebruik. Toe hulle op die lug kom, kon 'n mens hoor hulle is paniekerig; hulle soek hul kompaniebevelvoerder. Die informant vertel verder: *Hulle kompaniebevelvoerder antwoord nie, en ek vra toe wat die probleem is. Hulle sê vir my waar hulle is en vertel dat daar 'n bom afgegaan het en dat baie mense seergekry het. Ek het presies geweet waar dit is want ek het al troepe daar gaan aflaai. Ek hardloop toe na die hoofkwartier toe om die dokter en ambulans te kry. Die dokter met sy ambulans en ek met my Buffel (voertuig) jaag toe na die plek toe. Daar aangekom, lê daar op 'n ou Portugese kerkstoep, seker maklik sewe, agt troepe, maar dit is net bloed waar jy kyk. Hulle het 'n geweergranaat opgetel, dit het afgegaan en hulle aan flarde geskiet. Daar was vier manne dood. Die dokter moes basies besluit wie is*

*dood en wie lewe en die lewendes probeer help. Die arme pelotonbevelvoerder was heeltemal van sy kop af. Hy kon glad nie die situasie hanteer nie. Ek het hom gehelp om die helikopters in te bring en die lyke en gewondes weg te neem. Sy hele peloton was toe omtrent gehalveer met die een insident. Dit het my lank bygebly. Om troepe so in boedplasse te sien lê en kerm, is glad nie 'n mooi gesig nie. Die hele peloton was ook gedemotiveer. Ons moes hulle onttrek uit die veld en hulle eers kans gee om bietjie te herstel van die skok. Die hele insident was totaal onnodig (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).*

### **3.4.7 Gevoelens oor 'n broer**

'n Informant vertel dat sy broer met een van die operasies 'n helikoptervlieënier was. As inligtingsoffisier het hy die vooraf voorligting gegee en geweet twee helikopters is uit. Dit het bekend geraak dat een helikopter afgeskiet is, maar niemand kon sê wie die vlieënier was nie. Seker 'n halfuur later het die eskaderbevelvoerder opgedaag en die informant sê hy het die gevoel gekry dat sy broer afgeskiet is. *Ek het vreeslik eensaam gevoel. Mens moet self daardeur gaan om dit werklik te verstaan. Dit was gelukkig nie my broer wat afgeskiet is nie, maar net die gedagte...*(Mnr. J.R. Kruger 1997:onderhoud).

### **3.4.8 Die laaste eerbetoon**

Wanneer 'n troep in die veld dood is en sy liggaam word afgevoer na die naaste basis, hetsy per helikopter of per voertuig, het sy onmiddellike seksie of peloton erewag gestaan. Hulle het hom gesalueer en die laaste eer betoon daar op die plek. Dit was 'n geleentheid om afskeid te neem. Baie manne het nooit die geleentheid gehad om af te kom *States* toe om die begrafnis by te woon nie. Daar in die veld het 'n mens onmiddellik die geleentheid gehad om vir jou makker te sê: *Ek groet jou*. Dit was 'n stukkie deurwerk van die trauma. Die manne het sommer in die veld by 'n Ratel bymekaar gekom en 'n biduur of dankseggingsdiens gehou vir diegene wat oorleef het en 'n roudiens vir die manne wat dit nie gemaak het nie (Ds. J.W. van Niekerk 1997:onderhoud).

## **3.5 Wedervarings met wilde diere**

### **3.5.1 Die honger leeus**

'n Informant vertel die grap van 'n swart troep in 'n tydelike basis. Wanneer troepe op patrollie



is, slaap hulle die aand in 'n kring om hulself te beskerm. Dit word 'n tydelike basis genoem. Die betrokke swart troep het opgestaan om 'n draai te gaan loop buite die tydelike basis. Hy hou kop en vat 'n radio saam. Hy loop hom toe vas teen 'n klomp leeus. Uitasem kry hy darem iets oor die radio gesê: *Hallo, hallo, hallo!* Die pelotonbevelvoerder antwoord: *Ja, wasit?* Hy sê: *Hier's lous!* Die pelotonbevelvoerder vra vir hom: *Wat maak die leeus?* Hy antwoord: *Nee, hulle kyk vir my.* Die volgende vraag: *Wat doen jy?* Die antwoord: *Ek kyk vir hulle.* Om uit te vind of die leeus aggressief is vra die pelotonbevelvoerder: *Nou hoe lyk die leeus?* Hy antwoord: *Hulle lyk hóónger!* (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).

### 3.5.2 Leeus in die Etoshapan

Die volgende ondervinding met leeus was nie 'n grap nie. 'n Kompanie het in die Etoshapan patrollie geloop. Die pan was redelik vol wild. Die manne het die aand in 'n tydelike basis in 'n kring geslaap. Die leeus het rondom hulle gebrul en hulle was skrikkerig. Een troep skrik die nag wakker van die brullende leeus en sit regop. Op dieselfde oomblik sit sy vriend oorkant hom ook regop. Die troep sien die beweging en dit lyk vir hom soos 'n leeu wat hom van voor af bespring. Hy skiet sy vriend morsdood in sy slaapsak (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).

### 3.5.3 Vasgekeer tussen twee gevare

'n Informant vertel dat 'n verkenningsgroep van sowat 15 man in 'n moerasgebied was en moes stil lê omdat die Voete in die omgewing was. (Lede van die ANC is soms saam met die FAPLA-magte ontplooi en hulle het na Koevoetlede van die SAP verwys as die Voete). Daar is nie eens tent opgeslaan nie. Hulle het tussen die riete gelê en baie naby aan hulle was 'n groot trop leeus. 'n Leeuwelpie van so twee maande het aan een van die mans se gesig kom lek en wou met hom speel. Die manne se hare het omtrent regop gestaan. As hulle sou gedwing word om op die leeus te skiet om hulself te beskerm, sou hulle hul posisie weggee en die vyand sou presies weet waar hulle is. Hulle was vasgekeer tussen twee ewe groot gevare (Mnr. D.M.S. Watson 1998:onderhoud).

### 3.5.4 Ondervindings met olifante

Troepe kom een aand laat by die bevelvoerende offisier en vertel dat een van hulle 'n Samil 20 voertuig gesteel en in 'n olifant vasgery het. Die offisier aanvaar dat dit 'n olifanttenk moet

wees. Hoe meer hy probeer uitvind wat gebeur het, hoe meer vertel die troepe die olifant het oor die pad geloop en die bestuurder van die Samil het hom nie gesien nie. Maar 'n olifanttenk is 'n groot ding wat raas, hoe kon die troep hom nie gesien het nie? Uiteindelik het hy besef dat dit werklik 'n olifant was waarin die Samil vasgery het en nie 'n olifanttenk nie (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).

'n Informant het as jong helikoptervlieënier baie in Angola rondgevlieg. Olifanttroepe in Angola was groot. Soms het helikoptervlieëniers bokant die olifante gehang om hulle van nader te bekyk. Op 'n keer het een van die olifante sy ore oopgemaak, sy slurp in die lug geswaai en die helikopterwiel gestamp. Dit was 'n gevaarlike situasie. Die bemanning het gedink die olifant gaan die helikopter aftrek grond toe. Die informant het opgemerk dat 'n mens maklik in die moeilikheid kan kom as jy jouself so oorskakel (Mnr. J. Janse van Rensburg 1997:onderhoud).

### **3.5.5 'n Ondervinding met 'n slang**

Gewoonlik het soldate eers opleiding by Oshivelo in die noorde van Suidwes ontvang voordat hulle ontplooi is. By geleentheid was die basis egter gesluit as gevolg van die uitbreek van geelsug wat baie aansteeklik is, en 'n nuwe basis moes gestig word. Die informant vertel dat daar die een oomblik net grasvlaktes was en die volgende oomblik hou daar Samils stil en laai tente en troepe af. Dit was rof en ru en die manne het die beste van 'n slegte saak probeer maak. Die tente was net mooi opgeslaan en die troepe het begin rustig raak, toe is dit donker. Die manne was darem in 'n tent. Met die slaapsak op die gras kon 'n man darem slaap. Die volgende oggend is daar 'n vreeslike lawaai. 'n Pofadder het die nag by 'n man se slaapsak ingeseil tot onder by sy voete en daar lê en slaap. Toe die man wakker skrik en homself uitrek, pik die slang hom omtrent drie keer aan die voorkant van sy been voordat hy uit die slaapsak kon kom. Dit was nie die grap nie. Die grap was die ander manne - hulle was te bang om uit hulle slaapsakke te klim. Party het gelyk soos kangaroes wat in alle rigtings spring. Die manne wou weet waar is die slang, is hy nog in die omgewing? Nodeloos om te sê die aand was die gras mooi netjies afgesny en rondom en binne-in die tente was dit mooi skoon. Die man wat gepik is, kon nie sy toer voltooi nie. Hy het 'n kalmeermiddel ontvang en die dokter het sy bloeddruk en hartklop gemonitor. Die serum is gereed gehou. Later het daar gate in sy been



geval en hy moes veloorplantings kry. Die pik was blykbaar nie so seer nie, maar die eintlike pyn het later gekom (Mnr. G.L. Van den Berg 1997:onderhoud).

### **3.6 Troeteldiere wat aangehou is**

Alle wederverarings met diere was nie onaangenaam nie. 'n Informant vertel: *Diere is ook aangehou vir die cuddle. Jy het wel jou vriende of buddies gehad op die grens. Jy wou nogtans saans iemand hê wat hier teen jou lê. Jou vriend kon tog seker nie teen jou lê nie. As jy alleen voel, dan praat jy met die dier. As jy met jou buddies of iemand praat, dan lag hulle vir jou. Gelukkig kan troeteldiere nie terugpraat nie* (Mnr. F. Coetzee 1997:onderhoud).

'n Kapelaan vertel mense het geheg geraak aan diere, omdat dit 'n stuk normaliteit in 'n abnormale lewe ingebring het. Dit is abnormaal om 24 uur per dag, 7 dae per week, net manspersone bymekaar te wees en in tente te bly. In 'n hoogspanningtydperk en abnormale omstandighede, soek soldate 'n stukkie normaliteit. Hulle vind dié stukkie normaliteit in troeteldiere. 'n Man wys nie sommer sy emosies nie, hy is nou op die grens, hy maak oorlog, daar is nie regtig ruimte vir emosies nie. Hy kan net sy emosies uitstort op 'n troeteldier. Daarom hierdie band, die gehegtheid aan troeteldiere. As die troeteldier iets oorgekom het, was dit asof daar dood in die familie was (Ds. J.W. van Niekerk 1997:onderhoud).

#### **3.6.1 Die arend**

'n Informant vertel dat hy eendag per ongeluk 'n arend raakgery het. Hy was op pad na Opuwa. Die arend se regtervlerk was gebreek en hy het dit gespalk. Dit het wonderbaarlik herstel. Hy het die arend kos gegee en die voël het lief geraak vir hom. Die arend het van voor af leer vlieg, maar altyd by sy bed gesit en nooit weggevlieg nie (Mnr. F. Coetzee 1997:onderhoud).

#### **3.6.2 Die honde van Katima Mulilo**

Oom Dirk van Katima Mulilo in die Caprivi het op 'n keer gekla dat sy Burgersaketroepe die mindae gevoel het, omdat hy sukkel om werk uit hulle te kry. Hy sê: *As ek my rug draai, sit hulle lang been in die skaduwee en wonder wat word van hulle se honne as hulle moet teruggaan States toe.* Die meeste troepe het iewers 'n hond opgetel en hulle was maar bekommerd oor wat van dié honde sou word as hulle teruggaan Republiek toe. Wanneer 'n

troep afgelos is, het 'n ander ou gewoonlik sy hond oorgeneem. Elke hond moes 'n baas hê. As 'n hond in die basis rondloop het sonder 'n baas, moes hy van kant gemaak word (Mnr. C.R.J. Thirion 1997:onderhoud).

Oom Dirk het self twee honde gehad, Gamat en Boef. Na Gamat se dood het mense uit Pretoria vir hom 'n hondjie gestuur. Hy het egter nie in die hond belanggestel nie en sit hom toe op 'n boot in die rivier. Een van die luitenantte het die hond hoor tjank. Oom Dirk se kommentaar was dat die hond *climatise* en dat die luitenant hom daar moet los. Op die ou end het hy lief geraak vir die hond. 'n Kind wat saam met sy pa basis toe gekom het kon nie vir die hond sê *woef* nie, maar wel *boef*. Die troepe het die hond die naam Boef gegee. Boef is egter later deur 'n boelterrier doodgebyt. Gamat en Boef is na hul dood op Katima Mulilo gevries en later op Dwarskersbos, waar oom Dirk gaan aftree het, begrawe (Mnr. D. du Toit 1997:onderhoud).

### 3.6.3 Aasvoël

Dit was so teen die einde van 1987 by Omathia dat een van die voertuie teen 'n boom stamp en 'n klein aasvoëltjie uit die boom val. Hy het nog nie regtig vere gehad nie en was so lelik soos die nag. Die troepe het hom met die hand grootgemaak, stukkies rou vleis gevoer en Aasvoël het regtig mak geword. Hy het in die transportpark gebly en die troepe was sy ma en pa want hulle het hom gevoer. Dit het te kordaat gelyk as die troepe dril want Aasvoël is met so 'n snaakse hop galop al agter hulle aan. Later kon hy vlieg en sy grootste pret was om van agter af op 'n troep se skouer te kom sit. Omdat hy nou al groter was en die troep dit nie verwag het nie, slaan die troep agteroor met aasvoël en al. Dié jaar was Aasvoël eregas by die Kersefees. Hy het almal se hoenderbeentjies en oorskiet gekry.

Maar Aasvoël het soms verveeld geraak as die troepe nie aandag aan hom gee nie. Dan begin hy al die rubber by die Rateldeure uitkou. Baie van die Ratels kon later nie meer dig toemaak nie want die rubber was uitgekou. Toe die troepe Oshivelo toe is vir opleiding, het Aasvoël op Omathia agtergebly. Hy raak toe alleen en begin vlieg. By Oshivelo moes hy van bo af iemand bekend raakgesien het en wou gaan kuier. Hy gaan land toe by die troepe, maar omdat sy vlerkspan so wyd is, raak hy met albei vlerke aan die hoogspanningsdrade. Hy was op die



plek dood. Daar was 'n morbiditeit onder die troepe sodat dit gevoel het asof daar sterfte in die familie is (Ds. J.W. van Niekerk 1997:onderhoud).

#### **3.6.4 Jolinda en Castro**

'n Informant wat saam met FAPLA ontplooi was, vertel dat hulle 'n bok gehad het met die naam Jolinda en 'n bobbejaan met die naam Castro. Castro het vroeg in die oggend van tent tot tent gespring. Die manne het dit gehaat as hulle lê en slaap en die ding spring hier op hulle. Dit was nogtans vermaaklik vir baie van die soldate. Castro het selfs 'n uniform gehad. Hy is uiteindelik dood nadat bye hom gestee het. Dit was asof 'n mens dood is en dit was 'n paar weke stil in die kamp (Mnr. D.M.S. Watson 1998:onderhoud).

### **3.6 Evaluering**

Soos in die geval van die Anglo-Boereoorlog, is soldate in die grensoorlog ook aan ontberings blootgestel. Buiten die gebrek aan geriewe, was hulle ver verwyderd van hulle familie en vriende. Slegte nuus van die huis af het 'n demoraliserende uitwerking gehad. Net soos die burgers op kommando, is hulle deurentyd met die dood van die vyand en makkers gekonfronteer. Angs was deurentyd in hulle onderbewussyn teenwoordig, en elkeen moes dit op sy eie manier verwerk. Die gevoel van onsekerheid en onveiligheid was altyd teenwoordig, en troeteldiere het die geleentheid geskep om uiting te gee aan hulle emosies.

Slegte nuus is oor die algemeen traumaties ervaar. As 'n jong man 'n meisie gehad het, het hy baie verlang, óf daar was by hom 'n dringende behoefte om homself te bewys en somtyds was hy verskriklik jaloers omdat hy bang was dat hy die meisie kon verloor terwyl hy in die bos is. Wanneer 'n getroude man se vrou hom verlaat het, was die impak wat dit op sy lewe gemaak het baie groter. Dit kon hom verpletter; hy kon 'n drastiese karakterverandering ondergaan; 'n netjiese en verantwoordelike man het slordig en onverantwoordelik geraak. Dit het ook sy menseverhoudings benadeel sodat hy heeltemal van verantwoordelikhede onthef moes word.

Die dood van makkers het gevoelens van eensaamheid, skok, verdwasing, verslaenheid, hartseer, lae moraal, woede en soms selfs ontkenning van die dood tot gevolg gehad. Die dood

van die vyand kon selfs nog intenser ervaar word indien die soldaat beseft het dat hy self 'n mens doodgemaak het. Dit kon die taaiste man laat knak. Op uitsonderings na, was soldate per slot van sake nie verantwoordelik vir die dood van makkers nie, maar direk verantwoordelik vir die dood van die vyand. Wanneer 'n soldaat dood is, was dit gebruiklik dat sy makkers die laaste eer betoon, óf deur 'n minuut stilte te handhaaf, óf deur erewag te staan om hom te salueer wanneer sy liggaam afgevoer word. Dit het gehelp om die trauma te verwerk.

Hoewel ondervindings met wilde diere soms tragiese gevolge gehad het soos die geval toe die soldaat sy makker vir 'n leeu aangesien het en hom gevolglik geskiet het, was daar ook ligter oomblikke ten spyte van die gevaar. 'n Groep soldate was byvoorbeeld vasgekeer tussen die vyand en 'n trop leeus. Dit is komies dat 'n leeuwelpie juis in hierdie gespanne situasie aan een van die soldate se gesig kom lek. Soms was daar waaghalsigheid en byna uittarting van die dood deur met 'n helikopter laag oor 'n trop olifante te vlieg.

Troeteldiere het aan soldate die geleentheid gegee om uiting te gee aan hulle gevoelens en emosies. Dit was onaanvaarbaar om emosie te toon in die teenwoordigheid van ander mans. Dit sou as teken van swakheid beskou word. Soos een informant dit treffend stel: troeteldiere was 'n stuk normaliteit in onnatuurlike omstandighede. Soldate kon op dié wyse uiting gee aan hulle verlange, behoefte om te vertroetel en die behoefte om iets of iemand in hulle vertrouete neem.



## HOOFSUK 4

### IN KONTAK MET DIE VYAND

#### 4.1 Inleiding

Wanneer burgers in kontak was met die vyand gedurende die Anglo-Boereoorlog, het spanning aan die senuwees geknaag. Sommiges het hulle lewensloop oordink en hulle kinderjare in herinnering gebring. Party was oortuig dat hul saak voor God geregverdig was. Terwyl die vyand aangemars het, het een burger erken dat hy soos 'n riet gebewe het en sweet op sy voorkop uitgeslaan het. Britse artillerievuur wat die gevegte ingelui het, het vrees veel groter as die daaglikse geskutvuur by die burgers gewek, dit was asof die dood helder oordag rondgeloop het. Een burger het opgemerk dat hy in 'n geveg die beklemmende gevoel gekry het asof die vyandelike kleingeweervuur spesiaal vir hom bedoel was. 'n Ander vertel hoe hy kalm op die vyand kon aanlê en skiet. Burgers vertel ook hoe hulle soms op berekende wyse op die vyand losgebrand het terwyl hulle ander kere huiwerig was om op 'n medemens te skiet (Pretorius 1999:150-155).

Belewenisvertellings wat handel oor soldate se ervarings tydens kontak met die vyand gedurende die grensoorlog, gryp ook soos in die geval van burgers se ervarings in die Anglo-Boereoorlog, 'n mens se verbeelding en emosies aan en verleen insig in die werking van die menslike gees. Die vertellings word gegroepeer in heldedade, noue ontkomings, die beleving van gevaarlike situasies en gevoelens wanneer kontak gemaak is met die vyand.

'n Epos is 'n soort volksvertelling of heldeverhaal in berymde vorm. Heroïese eposse vertel van buitengewone dapperheid en moed, terwyl historiese eposse vertel van heldedade (Oinas 1972:101,102,109). Verhale van dapperheid, moed en deursettingvermoë gedurende die grensoorlog, het te doen met onlangse gebeure nog vars in die geheue van soldate, maar verskil van die epos daarin dat dit nie in berymde vorm oorgedra word nie.

#### 4.2 Weermagtaal en -uitdrukkings

*Spes Magte*: die verkorte naam vir spesiale magte

*Tracers*: ligspoorboekies

*LMG*: 'n ligte masjiengeweer

*RV*: rendezvous of bymeekaarkomplek

*Choppers*: helikopters

*Gunships*: helikopters waarop wapens gemonteer is

*Parabats*: die naam wat gebruik word vir valskermsoldate, word algemeen gebruik in weermagte en is moontlik 'n kontaminasie van *parachute battalion* of *parachute bats*

*Lugskreeu- en grondskreeu-apparaat*: gebruik om onder gunstige omstandighede baie ver met mense te praat, vanaf die grond of vanuit die lug

*Stalinorrel*: 'n meerpyllanseerder deur die Russe in Angola gebruik. Die vuurpyle het mense waarskynlik aan orrelpype laat dink. Die Suid-Afrikaanse weergawe is somtyds die Vorsterfluit genoem, 'n moontlike verwysing na meneer B.J. Vorster, voormalige Eerste Minister van Suid-Afrika.

*OP*: 'n observasiepos

*Afte gaan in rus*: om te rus, byvoorbeeld wanneer infanteriste vir 'n lang tyd in die veld was

*Om 'n voertuig of wapentuig uit te skiet*: 'n voertuig of wapentuig is vernietig of onbruikbaar gemaak

*'n Teiken uithaal*: om 'n teiken te vernietig of skadeloos te stel

*Om uit te trek oor die teiken*: sodra die bom gelos is oor 'n teiken

*Ingaan om te land*: gereedmaak vir landing

*'n Vliegtuig verloor*: wanneer 'n vlieënier beheer oor die vliegtuig verloor of dit vernietig is

### **4.3 Helledade**

Gedurende die grensoorlog was daar heldedade wat nie noodwendig met die toekenning van medaljes erken is nie.

#### **4.3.1 'n Vyandelike tenk uitgeskiet deur 'n Ratel**

Gedurende operasie Modulêr het die Suid-Afrikaanse magte slaags geraak met 'n baie mobiele vyand. Dinge het eintlik verkeerd geloop want die presiese posisie van die vyand was onbekend en die Suid-Afrikaners het in die rigting gery waar die vyand moontlik kon wees. Weens die digte plantegroei het die infanterie te voet vooruit geloop en die kompaniebevelvoerder was in sy Ratel agter sy troepe. Hulle het maklik 10 tot 20 kilometers



deur die bos geloop en was moeg. Hulle het afgegaan in rus. Skote het skielik begin klap. Die vyand het hulle moontlik sien aankom en nie geweet wat hulle doen toe hulle afgaan om te rus nie. Die Ratel is met die infanterie op die grond geïntegreer om hulle vuur te versterk. Daar is besluit om nie vorentoe te beweeg totdat hul eie tenks by hulle aansluit nie. Vir tyd en wyl het hulle gemaak soos hulle geleer is; geskiet en teruggetrek, geskiet en teruggetrek, om te verhoed dat hulle stilstaande teikens word vir die vyandelike tenks.

In die Ratel 20 was net die drywer en die kanonnier, en hulle moes mekaar ondersteun. Dit is nie so maklik om met 'n Ratel teen 'n tenk te baklei nie. Op die Ratel 20 word pantserbreekammunisie gebruik. Op vol-outomaties skiet die kanonnier 'n skoot en stabiliseer, skiet 'n skoot en stabiliseer. Hy het dus die vermoë om baie gekonsentreerd te skiet. Dié twee manne het daarin geslaag om die tenk uit te skiet deur 'n klomp skote op die tenk te skiet totdat dit begin rook het. Dit was 'n besondere prestasie. Ongelukkig is hulle daarna deur 'n vyandelike tenk wat van agter af gekom het, uitgeskiet. Die kanonnier, Marius Mutton, is eers 'n hele klompie dae daarna in 1 Militêre hospitaal dood nadat hy vertel het wat gebeur het (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).

#### **4.3.2 Vyandelike tenks uitgeskiet deur pantserkarre**

'n Kapelaan vertel dat teen die einde van operasie Modulêr 'n aanval geloods is teen die vyandelike magte. Vir elkeen van die Suid-Afrikaanse troepe was daar drie van die vyand. Adrian Hind was 'n troepbevelvoerder van die pantserkareskadron. Hy was so 19, 20 jaar oud en sy pa was 'n Metodiste predikant. Teen die aand van 2 Oktober was die beplanning vir die aanval op die vyand afgehandel. Adrian het sy gebed die aand in sy dagboek neergeskryf. Hy het gevra om nie in 'n situasie te kom waartydens hy die vyand sal moet doodmaak nie.

Die volgende dag was die pantserkareskadron die enigste wapen teen die vyandelike tenks. Albei magte was mobiel en beweeglik. Dit was nie maklik om vas te stel presies waar die vyand is nie. Dit het gemiddeld tussen drie en vyf skote geneem om 'n tenk uit te skiet. Adrian het koel en berekend bevele gegee en sy troepe, die drie pantserkarre, het dié dag drie vyandelike tenks uitgeskiet of onskadelik gestel. Adrian se pantserkar is later die dag uitgeskiet en hy is omtrent twee uur later dood. Die kapelaan het ongeveer 'n maand later die troepe wat

dood is, se ouers besoek en hul persoonlike besittings oorhandig. Dit is toe dat hy Adrian se gebed in sy dagboek gelees het. Adrian het moontlik die vorige aand iets vermoed. Ten spyte van sy gebed het hy tog gesien hoe hy mense doodmaak. Adrian se pa was stukkend; Adrian was sy oudste kind. Die kapelaan het besef dat 'n dominee ook maar 'n mens is (Ds. J.W. van Niekerk 1997:onderhoud).

#### **4.3.3 'n Aanval op 'n voorbereide vyand**

By geleentheid het spes magte 'n aanval vanaf Eenhana op 'n SWAPO-basis geloods. Die lugmag het so 'n bietjie gefouteer en die mense nie op die presiese plek afgelaai waar hulle veronderstel was om te wees nie. Hulle is ongeveer 15 kilometer vanwaar hulle moes wees, afgelaai en moes daarna hulle pad terugkry deur die bosse. Volgens beplanning moes die SWAPO-basis om 10:00 aangeval word maar hulle kom toe eers om 16:00 by die doelwit aan. Teen dié tyd het SWAPO geweet hulle is op pad en was voorbereid. Spes magte het vyf mense verloor, moontlik die meeste wat hulle nog in kontak met die vyand verloor het, maar hulle het uiteindelik deur die doelwit beweeg en dit opgeruim. Die lugmag het hulle die aand opgelaai. Om teen 16:00 'n aanval op 'n vyandelike basis te loods en voor donker suksesvol af te handel, was 'n uitstaande prestasie (Mnr. C. de Swart 1997:onderhoud).

#### **4.3.4 'n Lugaanval op Cuvelai**

Gedurende operasie Askari is 'n aanval geloods op die dorp Cuvelai in die suide van Angola. FAPLA, onder wie se beskerming SWAPO inbeweeg het, het Cuvelai verdedig. Die lugmag moes die vyandelike teiken sag maak voordat die grondmagte 'n aanval loods. Die Canberras het die lugaanval gelei, gevolg deur Impalas. Elke vliegtuig het 'n spesifieke teiken gehad. Die leier van die Impalas, kaptein Joe van den Berg, se teiken was 'n lugafweerstelling. Hy het die bom laat val en toe hy uittrek oor die teiken, skree een van die vlieëniers in die formasie: *Missiele!* Die vyand het geleide missiele afgevuur. Joe het teruggekyk en 'n missiel gesien, maar terselfdertyd tref 'n ander grond-tot-lug missiel sy horisontale stertvlerk aan die regterkant. Die vliegtuig het begin tol reg bokant die teiken wat hy pas gebombardeer het. Met goeie vliegvernuif het hy daarin geslaag om die vliegtuig uit die tol te kry, maar het besef as hy vinniger as 150 knope vlieg, sou hy weer begin tol. Indien hy stadiger as 130 knope sou vlieg, sou hy gevaar loop dat die vliegtuig stol en neerstort. Hy het dus 'n nou spoedbaan gehad



waarin hy die vliegtuig kon beheer. Hy het teruggevlieg basis toe, maar sy vliegtuig was besig om hoogte te verloor en hy het bereken dat hy nie die basis gaan haal nie. Gevolglik het hy *Mayday* oor die radio geroep. Hy is aangesê om na Ongiva se vliegveld, wat nader was, uit te wyk. Twee Puma helikopters by Xangongo is aangesê om hom op te pik indien hy op pad na Ongiva moes uitspring. Twee Pumas van Ondangwa is na Ongiva gestuur om hom te kry as hy daar sou land. Met goeie vliegvernuif het Joe daarin geslaag om op Ongiva te land.

Terwyl hy al hierdie probleme ondervind het, was hy steeds verantwoordelik vir nege ander jong vlieëniers wat saam met hom in die formasie was. Die heldedaad lê daarin dat hy te midde van sy eie ernstige probleme, sy mense geadviseer het en leiding gegee het sodat hulle veilig kon land by hul eie basis. Hy het nie net aan homself gedink nie, maar gesorg vir die ander vlieëniers in die formasie (Mnr. R.S. Lord 1997:onderhoud).

#### **4.3.5 Heroïese chirurgie**

Op 'n keer is 'n tydelike teater opgerig buite 'n hospitaal in die operasionele gebied. 'n Pasiënt met 'n skietwond in die bors is ingebring. Daar is X-strale geneem en alles het reg gelyk. Toe die chirurg egter die borskas oopmaak, gee hy 'n gil. Die hartsak was opgeswel. Die drukking binne-in die hartsak was so erg dat die hart nie meer kon saamtrek nie en die drukking moes verlig word. Die chirurg het 'n gaatjie in die hartsak gedruk en die bloed het tot teen die dak gespuit. 'n Stuk skrapnel het binne-in die linker hartkamer gesit. Indien so 'n operasie in 'n hoogs gesofistikeerde omgewing gedoen word, sou daar ten minste 'n hartlongmasjien beskikbaar wees. Die chirurg het dié dag met genade van Bo, die pinset by die gaatjie in die hart ingedruk, die skrapnel raakgevat, uitgehaal en die hart toegewerk. Dit is die tipe chirurgie waaroor daar nooit in boeke geskryf is nie. Dit is opspraakwekkend in die mediese wêreld, maar nie perssensasie nie. 'n Dag of twee later is die pasiënt afgevoer Republiek toe. So vier weke later kon hy vlugbal speel by die rehabilitasiesentrum. Dit was 'n wonderwerk (Dr. J.R. Jansen van Rensburg 1997:onderhoud).

Daar was 'n pasiënt wat 'n mortier omtrent dwarsdeur sy lyf gehad het, sodat net die stertvinne uitgesteek het. Die mortier was klaar geaktiveer, maar het net nie afgegaan nie. Die pasiënt is afgevoer na die hospitaal by Rundu. Die dokters moes mooi beplan voordat hulle die mortier

kon verwyder. Hulle kon dit nie net uittrek nie - hulle moes sny om dit los te kry. Hulle het toe sandsakke om die pasiënt gepak. 'n Katrol is aan die dak vasgemaak. 'n Vislyn het bo-oor die katrol geloop en die hoek aan die een punt van die vislyn is aan die stertvin van die mortier gehaak. Aan die een kant van die vertrek is 'n spieël opgehang. Die dokter het die operasie van agter die sandsakke uitgevoer deur in die spieël te kyk. Die mortier is uitgekatrool en die operasie voltooi. Die pasiënt het heeltemal herstel. Dit was ook 'n wonderwerk (Mnr.C.R.J. Thirion 1997:onderhoud).

#### **4.4 Nuwe ontkomings**

In kontak met die vyand, het soldate somtyds ter nouernood aan die dood ontkom. Hulle vertel hoe hulle dit ervaar het.

##### **4.4.1 'n Ratel byna uitgeskiet**

'n Kompaniebevelvoerder vertel van 'n nuwe ontkoming gedurende operasie Modulêr: *Daar was twee Ratels so 10 na 20 treë skuins voor my. My taak as kompaniebevelvoerder was om die manne uit te kry, in 'n veilige gebied in, en dan kon ekself onttrek. 'n Vyandelike tenk skiet toe 'n skoot en die projektiel val so 'n meter agter my Ratel sodat ek toe is onder die stof en rook. Ek het die vlam van die projektiel na my toe sien aankom, en die skokgolf gevoel wat my teruggeslaan het in die Rateltoring in. In 'n kwessie van dele van sekondes het ek beseef hier is nou chaos. Gelukkig het ek niks oorgekom nie. Dit het my egter jare bygebly en ek kan dit steeds nie vergeet nie. As die vyandelike tenk 'n meter regs geskiet het, het hy my uitgeskiet, as hy 'n meter links geskiet het, het hy een van die ander Ratels uitgeskiet. Gelukkig het hy sleg gemik en tussen die twee Ratels deur geskiet. Dit was 'n nare gevoel. Mens beseef dan hoe naby aan die dood jy was* (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).

##### **4.4.2 'n Hewige morteraanval**

Daar was 'n kompanie van sowat eenhonderd manne in die veld. So teen skemer begin SWAPO op hulle skiet. Hulle het die skote getel - daar was omtrent 67 mortierskote. 'n Mens kan 'n mortierskoot hoor, maar jy weet nie waar die projektiel gaan val nie. Toe die aanval begin, is daar vir die troepe geskree om in die rigting te hardloop vanwaar die mortier afgeskiet word, want dit is die veiligste. As 'n mens 'n skoot hoor *koep* (klanknabootsing van die skoot



wat afgaan), hardloop jy vir 'n paar tellings want jy weet min of meer hoe lank 'n mortier in die lug is. Dan moes die manne platval op die grond. So het die aanval vir 'n halfuur in die donker aangehou.

Twee lede van SWAPO het in bome gesit en met AK 47-gewere groen *tracers* in die rigting waarin hulle die vyandelike troepe hoor hardloop het, geskiet. 'n Honderd troepe wat in die bos hardloop, klink omtrent soos 'n trop olifante. 'n Ander SWAPO-lid op die grond het dan eenvoudig in die rigting van sy makker se *tracer* geskiet. SWAPO het presies geweet in watter rigting hulle vyand elke keer hardloop en het onophoudelik op hulle geskiet. In die deurmekaarspul kon die Suid-Afrikaanse troepe egter nie skiet nie uit vrees dat hulle op mekaar kan skiet. Van die swart troepe het verstaan wat die SWAPO-lede vir mekaar skree. Hulle het onder andere geskree: *Ons moet ophou, ons moet teruggaan, die Boere kom vir ons!* Toe alles bedaar en SWAPO onttrek het, kon die manne bynaarkom en koppe getel word. Dit was donker en twintig man was weg. Om alles te kroon, het hulle ook nie 'n radio by hulle gehad nie. Daar is besluit om nie te beweeg nie want die vermistes kan dink dit is die vyand en 'n mens kon in jou eie troepe se hinderlaag in loop.

Die informant vertel verder: *Die volgende oggend stap 'n peloton SWAPO's op ons af, hulle soek ons. Hulle was so tien treë van ons af toe ons hulle gewaar. Ons wys tekens vir mekaar en maak almal wakker want hier gaan nou 'n scrap plaasvind wat vir niks skrik nie. Een stupid siel span toe sy LMG. Toe hardloop hulle. Ons het agter hulle aangehardloop, sekondes later is hulle die bos in en weg. (SWAPO se taktiek was om vir 'n kort rukkie in 'n rigting te hardloop, uitmekaar te spat soos 'n paddastoel, om dan gewoonlik by 'n nood RV bymekaar te kom.) Die manne wat weggeraak het, is met behulp van helikopters opgespoor. Hulle was asvaal geskrik, moeg geroei (figuurlik) en het die heel nag wakker gebly (Mnr. A.F. van Niekerk 1997:onderhoud).*

#### **4.4.3 'n Alouette met min brandstof**

'n Swart soldaat het 'n kopwond opgedoen en moes met 'n Alouette helikopter afgevoer word na die naaste siekeboeg. Albei helikopters wat lugsteun verleen het, was reeds laag op brandstof. Die Alouette wat die gewonde moes oplaai, kon nie land nie want daar was

mieliebronke op die grond en die vlieënier wou nie die antennes onder die helikopter beskuldig nie. Hy gaan toe in 'n stilhangvlug in om die die gewonde op te laai terwyl die Suid-Afrikaanse magte en die vyand oor en weer op mekaar skiet. Die vlieënier kies toe koers na die basis met die brandstofvlak nog laer as tevore. Hy kon sy formasieleier nie sien nie, net hoor oor die radio. Sy rigting was nog reg maar albei helikopters vlieg toe in 'n donderstorm in. Op die paneel het die rooi liggie aangegaan om aan te dui dat daar nog net tien minute se brandstof oor is. Die pasiënt het geglimlag omdat hy veilig voel, onbewus van die nood waarin die boordtegnikus en vlieënier hulle bevind het. Hulle was bekommerd en het gebid. Gelukkig het die donderwolk na so sewe minute gebreek, maar daar was nêrens landingsplek indien die brandstof sou opraak nie. Daar was net bosse. Na nege en 'n halwe minuut kom die basis in sig. Toe die vlieënier die helikopter neersit en die brandstoftoevoel wil afsny, gaan staan die enjin vanself. Dit was die Here se genade. Die pasiënt was baie gelukkig om by die basis te wees, maar hy het nie geweet hoe amper hulle dit nie gemaak het nie (Mnr. L.H. Hartley 1997:onderhoud).

#### **4.4.4 Die Puma wat uitgebrand het**

'n Vlieënier vertel van die keer naby Cahama in die suide van Angola toe 'n Puma uitgebrand het. Die Puma het voorrade gaan aflaai vir die troepe wat in die oorlog betrokke was. Hy was die medevlieënier en net toe die bemanning van drie ingaan om op 'n teerpad te land, breek die sterrotor se dryfas. Die helikopter het omgeslaan en aan die brand geraak. Twee van die bemanningslede het vinnig uitgekom, maar die medevlieënier het gesukkel om los te kom. Hy vertel dat daar baie goed deur sy gedagtes gegaan het en hy het vir homself gesê hy moet net uitkom, of hy brand dood. Teen dié tyd het die Puma goed gebrand en daar was baie rook. Toe hy uiteindelik loskom, vat hy die teerpad en hardloop, maar kom toe by die bordjie waarop staan Cahama. Hy het besef hy is in die verkeerde rigting op pad, en het toe teruggedraai, weg van die pad af en deur die Mopanies gehardloop in die rigting vanwaar hy gekom het. Gelukkig het 'n ander helikopter op die pad geland en hy het daarin gespring (Mnr. L.H. Hartley 1997:onderhoud).



#### 4.4.5 'n Landing op Mpacha

Een van die benoudste oomblikke wat 'n informant beleef het, was tydens 'n Flossie se landing op Mpacha. In die Caprivi het vliegtuie laag gevlieg want dit het die gevaar dat missiele hulle kon tref, verminder. Naby Mpacha het die vliegtuie opgewip na iets soos 3,000 meter en het dan bokant Mpacha begin afsirkel ondertoe. Dié betrokke keer was die vliegtuig vol en die informant en nog twee man het in die sitplekke net agter die bemanning in die kajuit gesit. Die hulpvlieënier het die vliegtuig ingebring vir die landing. Die informant vertel hy kon die horison, die blou lug en die aarde sien vanwaar hy agter die vlieënier en medevlieënier vorentoe gekyk het. Op 'n stadium raak die blou lug weg en daar is net grond, en grond, en grond. Toe begin die grond tol. Die medevlieënier het die vliegtuig *verloor* (beheer verloor) want dit het heeltemal begin tol. Die Engelssprekende kaptein skree toe vir hom: *Leave it, leave it!* Hy het die stang gegryp, begin skop en stoei en skakelaars druk. Hy het vir die vluginjener geskree en dié het vir hom teruggeskree. Op 'n stadium het hy die kopstukke afgegooi. Die troepe agter in die vliegtuig het opgegooi. Die kol voor die informant se oë het stadiger begin draai. Hy het later net die grond gesien en gevoel hoe sy kieu aftrek ondertoe terwyl die vlieënier die vliegtuig uit die val uit trek. Die motore het geskree, die vlieënier het weer skakelaars begin druk en alles het teruggekeer na normaal. Die vliegtuig het begin wentel, maar hierdie keer onder beheer. Dit was benoude oomblikke (Mnr.G.L. van den Berg 1997:onderhoud).

#### 4.4.6 Teikenfiksasie

'n Vlieënier vertel wat gebeur met teikenfiksasie: *'n Mens vlieg baie laag met choppers. Ek het 'n teiken aangeval in Suid-Angola met 'n gewone 303 Browning geweer in die chopper gemonteer. Ek het die chopper laat opwip na sowat 800 voet, dit op sy sy gedraai en die teiken begin soek en soek. Die chopper het gedraai en gesak, en die boordtegnikus moes begin skiet. Skielik was die grond voor my. Ek sien hoe die bome se toppe wegraak bokant die chopper. Ek slaan die chopper se stok terug in my maag in want ek wou uit hierdie panieksituasie uitkom. Ek het dit gelukkig net gemaak en die chopper het bokant die bome uitgekom. Ek het besef dit was nou baie naby. Ek dink 'n paar mense het dit al beleef, veral wanneer jy choppers vlieg en veronderstel is om op die vlieg te konsentreer en die teiken vir die boordtegnikus te los. Jy wil die teiken raakskiet, dit is vir jou van primêre belang en dan vergeet jy amper van*

*die vlieg* (Mnr. J. van Rensburg 1997:onderhoud).

#### **4.4.7 Die penarie van valskermssoldate**

Gedurende die reënseisoen is FAPLA-valskermssoldate naby Jamba, UNITA se hoofkwartier, neergelaat. Al die valskermssoldate het veilig op die grond geland, alles was goed beplan, maar UNITA was bewus van hulle teenwoordigheid. Een van die valskermssoldate het ongelukkig vasgehaak aan die drade wat deur UNITA gespan is. Die ergste was dat hy die radio by hom gehad het. Dit was donker, sy makkers kon nie sy voetspore sien nie en kon nie lig maak nie. Hulle het geweet hy is iewers want hulle kon hom hoor sukkel om uit die drade los te kom. Een van sy makkers het besluit om hom te gaan help, al het die moontlikheid bestaan dat die vyand hom kon doodskiet. Die uniform van die *parabats* is soos seil - dit skeur nie maklik nie, as dit vashaak, dan haak dit. 'n Mens moet dit liever nie probeer los kry nie. Die man wat gaan help het, weet self nie hoe hy sy makker uit die drade los gekry het nie, maar hy het. Die volgende namiddag het hulle by hulle makkers aangesluit, doodhonger, dors en vol muskietbyte (Mnr. D.M.S. Watson 1998:onderhoud).

### **4.5 Ander situasies in kontak met die vyand**

#### **4.5.1 Die aanval op Katima Mulilo**

Die aanval op Katima Mulilo gedurende Augustus 1978 het 'n aanloop gehad. Die Suid-Afrikaanse magte het 'n lid van SWAPO gevange geneem. Hy het gesê SWAPO kom hulle aanval oor twee dae en twee nagte. Dit het beteken SWAPO kan oor die kaplyn in Ovambo kom, of in 'n wegstaanbestoking Ruacana aanval, of Rundu of Katima Mulilo aanval. Katima Mulilo het valskermssoldate as versterkings gekry en noodprosedures is ingeoefen. Daar is van lugskreeu- en grondskreeu-apparaat gebruik gemaak. Tydig en ontydig is die alarms aangeskakel. Die kasernevensters moes saans oop staan, ten spyte van die muskiete. Met 'n aanval kon die manne dan vinnig by die vensters uitklim en sou onmiddellik agter 'n betonfondament wees (Mnr. D. du Toit 1997:onderhoud).

Maar die twee dae en twee weke het toe naderhand twee maande geword. Die valskermstroep is onttrek om elders aangewend te word. Skielik een middag, onderskep die inligtingsmense 'n berig: *either tonight, tomorrow, or tomorrow night*. Hulle afleiding was dat die aanval



dieselfde nag gaan plaasvind. Die aanval was toe die nag omtrent so twintig minute oor een. Die vrouens was in die bomskuilings. SWAPO en lede van die Zambian National Defence Force was verantwoordelik vir die aanval. 'n Mens kon die missiele sien aankom. Die rooi oog wat 'n missiel maak, lyk net soos 'n motor se ligte wat deur die mis aankom. Een van die eerstes het die kaserne van die pantsertroepe getref. 'n Mens kan hoeveel keer so iets inoefen, maar as dit so skielik gebeur, neem paniek oor. Die pantsertroepe het die Sondag aangekom en die aanval was vroeg die Woensdagoggend. Dié manne was nog te kort daar. Tien van hulle is dood in die aanval. Voor eerste lig die volgende oggend is die Suid-Afrikaanse magte oor die grens vir 'n opvolgoperasie (Mnr. D. du Toit 1997:onderhoud).

#### **4.5.2 Die parate lugmag**

Dit was in ongeveer 1977 toe die kleurlingbataljon ontplooi is in die operasionele gebied. Die manne was op patrollie en daar het drie of vier Buffels op 'n grondpad gery. Hulle trap skielik 'n landmyn af. Toevallig was daar 'n op daardie stadium 'n Puma helikopter reg bokant hulle. Die helikopterbemanning het gesien wat op die grond gebeur en draai dadelik terug om te kom help. 'n Kleurlingtroep het vertel dat terwyl hulle nog so uit die stof opgestaan het om te kyk wat die skade is, toe is die lugmag al daar. Hy het geweet hulle is vinnig, maar nie gedink hulle is só vinnig nie (Mnr. C. de Swart 1997:onderhoud).

#### **4.5.3 Die disko**

Op die pad tussen Ondangwa en Oshikango was daar 'n watertoring wat bekend gestaan het as die Alfa Bravo Charlie toring. 'n Kleurlingkompanie het die toring opgepas. SWAPO het dikwels torings aangeval. In tipiese Kaapse taal het die kleurlinge na 'n aanval op die toring verwys as 'n aand by die disko. Hulle het hulle regtig so ingeleef in hierdie soort terminologie dat daar chaos uitbreek het toe die vyand wel die toring aanval. Die kompaniebevelvoerder moes oor die radio vir die pelotonbevelvoerder op die toring vertel wat hy moet doen. Dit het soos volg geklink: *Looi hulle met die nuutste nommers*, bedoelende, hulle moet die vyand regsien. Hulle het hulle ingeleef in die situasie asof dit 'n disko was waar die vyand gelooi moes word met die nuutste diskonommers, hulle wapentuig (Mnr. H Boshoff 1997:onderhoud).

#### 4.5.4 Die watertoring by Ongiva

Met operasie Protea het die leër die dorpe Xangongo en Ongiva in Angola aangeval met taakgroep Alfa. Xangongo is suksesvol verower terwyl Ongiva teenstand gebied het. Dit was die laaste houpunt van die vyand tydens die operasie. Die vyand het geweet as hulle Ongiva verloor, is dit verby vir hulle in die suide van Angola. Hulle het vasgestaan met tenks en 'n Stalinorrel. Na die lugaanval van die oggend het die vyand die Suid-Afrikaanse magte hewig gebombardeer. Kolonel Joep Joubert was van mening dat sy magte van iewers af dopgehou word. Lugfoto's van die gebied het gewys dat daar 'n watertoring op Ongiva is. Die afleiding is gemaak dat die vyand die watertoring as OP gebruik en dat vuur daarvandaan gelewer word. 'n Mirage en Ratels is ingestuur en die watertoring is uitgehaal (onskadelik gestel). Ongiva is daarna met min weerstand ingeneem. Die informant het later 'n Suiderkruismedalje ontvang vir sy aandeel in die uitskakeling van die watertoring (Mnr. J. Janse van Rensburg 1997:onderhoud).

#### 4.5.5 Jakkalsoperasies

Die doel met jakkalsoperasies was om terroriste te fnuik. 'n Chopper sou byvoorbeeld baie hoog in 'n gebied, waar daar vermoedelik terroriste was, vlieg. Die Suid-Afrikaanse magte sou dan na hulle eie helikopter skiet maar nie met die doel om raak te skiet nie. In koördinerings met die grond, het die helikopter 'n rookgranaat afgevuur sodat dit gelyk het of dit raakgeskiet is. Dit het dan grond toe gevlieg in die rigting waar sy eie grondtroepe is. Wanneer dit naby die grond was, is 'n donderbuis afgevuur om 'n ontploffing te simuleer en 'n voertuigband, deurweek met brandstof, is aan die brand gesteek. Daar was gevolglik baie rook en die helikopter het onder dekking van die rook, baie laag teruggevlieg na sy basis toe. Die terroriste het dikwels na die helikopter wat *geval* het kom soek, want dit het aan hulle aansien verleen indien 'n vyandelike helikopter afgeskiet is. 'n Hele paar terroriste is op dié manier geflous en gevange geneem (Mnr. J. Janse van Rensburg 1997:onderhoud).

### 4.6 Gevoelens tydens kontak situasies

#### 4.6.1 Gevoelens in die loopgrawe

Daar word vertel van kleurlingsoldate se eerste kennismaking met die oorlog. 'n Groep van hulle het by Eenhana aangekom, binne trefafstand van mortieraanvalle vanaf Angola. Hulle



is die basisuitleg, hulle tente, die onderskeie seksies se slaapplekke en die loopgrawe vir dekking gewys. Nie lank na hulle aankoms by die basis nie, beleef hulle 'n mortieraanval. Hulle het na die loopgrawe gestorm. Na die aanval toe die stof weer gaan lê het en die manne uitgeklim het, sien die sersant een ou steeds opgekrimp in die loopgraaf. Hy vra: *Nou wat sit en dink jy daar?* Die troep antwoord hom: *Ek dink ek sal meneer-hulle nog net uithelp tot die einde van die maand toe.* Hy het 'n heeltemal ander idee gehad van wat kon gebeur tydens 'n vyandelike aanval (Mnr.C.R.J. Thirion 1997:onderhoud).

Daar was ook 'n ander storie van manne wat in die loopgrawe induik, maar sommer half bo-oor mekaar sodat hulle op party plekke twee en drie lae op mekaar lê. Toe die aanval verby is en die geraas nie meer so erg nie, hoor hulle een van die ouens wat onder in die loopgraaf lê, bid: *Here ons is hier in gróót moeilikheid. U moet ons help. Maar U moet self kom, U moet nie U seun stuur nie* (Mnr. C.R.J. Thirion 1997:onderhoud).

#### 4.6.2 Belewings van tyd in 'n kontaksituasie

'n Informant vertel hoe hy tydsverloop gedurende kontak met die vyand beleef het: *Daar is nie tyd gedurende kontaksituasies nie. 'n Mens kan nie glo hoe vinnig tyd kan verbygaan nie. Ek onthou een spesifieke geval toe ons 'n hinderlaag vir die vyand wou opstel. Die son het net uitgeklim, ons het nog die son gebruik om te bepaal waar oos is. Ons wou die hinderlaag van noord na suid opstel. Die vyand was voor ons waar ons hulle nie verwag het nie. Die skote het geklap, ons het heen en weer geskiet en bomme het geval. Ons moes ons flanke swaai sodat hulle nie kon verbykom nie. Dit het gevoel soos minute wat verbygaan, maar alles was eers teen laatmiddag verby. 'n Mens het die hele dag aan 'n geveg deelgeneem en was nie bewus van tyd wat verbygaan nie. 'n Mens was te besig om te probeer oorleef, dinge te doen wat jy moet doen* (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).

#### 4.6.3 Gewaarwordings wanneer vliegtuie gehoor word

Die geraas van vliegtuie was oor die algemeen 'n welkome geluid. 'n Informant vertel: *Dit het een van die lekkerste gevoelens tot gevolg gehad wanneer jy in die veld was en jy hoor die gunships wat inkom om te kom ondersteun met vuurkrag. Wanneer 'n mens die Mirages, Canberras en Buccaneers hoor as hulle ingeroep is om 'n teiken aan te val, het 'n mens*

*hoedervleis gekry; dit was ons manne daai. 'n Mens het baie eensaam gevoel wanneer die Puma jou aflaai daar in die middel van nêrens, opstyg en jou agterlaat. 'n Mens kon hulle hoor totdat hulle baie ver weg was, daarna was dit baie stil. Jy het geweet die vyand is daar voor en daar word geskiet. Wanneer die choppers jou kom haal, sal alles verby wees...* (Mnr. J.R. Kruger 1997:onderhoud).

#### **4.6.4 'n Gekwelde vraag**

By geleentheid was die bombardement van vyandelike vliegtuie verantwoordelik vir die dood van soldate. In die rolprentagtige milieu waarin mense rondhardloop terwyl die bos brand, was die vraag: *Waarom, wat maak ons hier?* Die jonger soldate, die dienspligtiges, het die oorlog beter verwerk as die ouer ervare mans wat getroud was en verantwoordelikhede gehad het. Dienspligtiges het gou weer teruggekeer na normaal, hulle het sommer gesit en gesels oor alledaagse dingetjies soos wanneer hulle huis toe gaan, terwyl die ouer manne baie meer filosofies was (Ds. J.S. Botha 1997:onderhoud).

#### **4.6.5 Vrees vir verdwaal**

'n Kapelaan vertel die vrees vir verdwaal het 'n belangrike rol gespeel. Die voertuie het baie enkel rondbeweeg en die padaanwysings was maar swak. Die mense het so verdwaal dat hulle maklik in die vyand kon vasloop. Die kapelaan self was in 'n vragmotor wat verdwaal het. Hulle was ook sonder radio. Na baie smeking en gebede het hulle teen ligdag die volgende dag eers weer koers gekry en hulle mense ontmoet (Ds. J.S. Botha 1997:onderhoud).

#### **4.6.6 Stilte in die bos**

'n Informant vertel hoe hy stilte in die bos ervaar het: *As jy vir my vra om stilte te definieer, dan is stilte vir my so: 'n Mens sit in die helikopter, 'n Puma. Die deur is afgehaal. Die vlugsersant kom op 'n stadium na jou toe. Jy slaan jou kaart oop. Hy wys vir jou 'n plek op die kaart en jy merk dit want netnou gaan die vlieënier jou aflaai in 'n ander land, dan moet jy weet waar jy is. Daar is eers die lawaai, die aksie, die adrenalin, baie dinge wat rondom jou gebeur, bevele wat gegee word. Dan gooi jy jou kit uit en spring agterna. Jy is uit en die helikopter is vinnig weg. Hy is baie kwesbaar as hy mense aflaai, want hy hang heeltemal stil. Dan is daar stilte rondom jou. Daar is niks, net totale stilte, moeilik om te beskryf. Daar is nie*



*'n ander plek op aarde waar 'n mens daardie stilte beleef nie. In 'n klankdigplek sal jou ore suis. Daar in die bos is daar vir my totale stilte. Dit is ook die één keer wanneer 'n mens bewus raak van baie dinge rondom jou wat jy normaalweg nie opmerk nie. Jy is ewe skielik bedag op wat rondom jou gebeur, of wat snaaks is. Jy wonder hoekom het 'n voël gefladder, hoekom het hy nie net geroep nie, hoekom het hy opgespring en gevlieg? As daardie stilte weg is, kry jy jouself weer bymekaar. Miskien, hang af waar jy is, hoor jy daar kom 'n visarend terug, hier begin een van die muisvoëls skree. Dan begin die voëls en die natuur lewe kry. Die radio krap, iemand praat langs jou. Alles begin na jou toe terugkom. Dit is amper of jy jouself check, is alles hier? Is dit reg, werk dit so? Onbewustelik evalueer jy of alles normaal is. Nou moet jy vinnig kom waar jy behoort te wees, want jy is deel van 'n span. Julle moet op 'n sekere tyd op 'n gegewe plek bymekaarkom. Jy moet nou jou hakke begin roer en in die regte rigting beweeg. Jy moet sorg dat alles reg is, vasstel of Koekemoer en kie nie straks iets laat lê het of sy been gebreek het daar waar hy uitgespring het nie. Ek dink dit was vir my die bostydperk, die ander gedeeltes het ek uit my uitgesny (Mnr G.L. van den Berg 1997:onderhoud).*

#### **4.7 Evaluering**

Tydens die grensoorlog is daar van baie meer gevorderde wapentuig en voertuie gebruik gemaak as gedurende die Anglo-Boereoorlog. Tog verskil die gevoelens wat gedurende albei die oorloë belewe is, weinig. In alle oorloë is daar heldedade en noue ontkomings. Daar is die besef van die eie nietigheid, die afhanklikheid van God en die gevoel dat die dood oral teenwoordig is. Daar is ook die huiwering om op 'n ander mens te skiet.

Uit die belewenisvertellings van die grensoorlog blyk dit dat daar volharding en dapperheid in die aangesig van die dood en 'n voorbereide vyand was. Ten spyte van die byna hopelose situasie het soldate kalm gebly en heldedade verrig. Daar was die worsteling met die feit dat daar op die medemens geskiet en 'n mens se lewe geneem word. Ten spyte van die benarde posisie waarin soldate somtyds verkeer het, het hulle nie net aan hulle eie veiligheid gedink nie, maar het steeds verantwoordelikheid aanvaar vir makkers. Mediese personeel het 'n belangrike rol gespeel. Hulle het mense se lewens gered ten spyte daarvan dat hul eie lewens in gevaar was.

Daar was vele noue ontkomings waarin angst beleef is en die nabyheid van die dood besef is. Gedurende nagaanvalle was daar vrees, verwarring, skrik, benoudheid en uitputting wanneer die geveg verby was. Helikoptervlieëners was onverskrokke en het dikwels hul eie paniek en bekommernis vir die soldate wat hulle moes vervoer, weggesteek. Daar was die paniekbevange gevoel toe een van die vlieëners gesukkel het om uit 'n brandende helikopter te kom en die vrees van die passasiers en vlieëners toe 'n vliegtuig en helikopter byna neergestort het.

Die aanval op Katima Mulilo het paniek veroorsaak. Die missiele wat op die basis afgevuur het, het spookagtig gelyk en was vreesaanjaend. Daar was tog ook humor te midde van die gevaarsituasie. Soldate het heeltemal meegevoel geraak en die hele aanval soos 'n disko beleef. In die loopgrawe was daar ook kinderlike afhanklikheid van God. Tydens 'n hewige aanval het dit gevoel asof die tyd stilgestaan het omdat soldate in 'n stryd om lewe en dood gewikkel was.

Die welkome geluid van 'n helikopter het 'n gevoel van verligting meegebring. Dit het beteken dat die helikopter hulle kom haal het, of kom vuursteun lewer het. Die geluid van kragtige vliegtuie het die gevoel van trots en oorwinning aangewakker. Wanneer 'n helikopter soldate in die veld afgelaai het, het daar 'n gevoel van eensaamheid gevolg. Die stilte is intens beleef, waarskynlik omdat die soldate bewus geraak het van hulle eie kwesbaarheid en nietigheid.



## HOOFSTUK 5

### GROOTLIEGVERHALE EN LEGENDARIESE KARAKTERS

#### 5.1 Inleiding

Volgens Grobbelaar bring die leuenvertelling vir die volksmens 'n ontsnapping mee na 'n wêreld waar hy die meester is en nie die kneg nie, waar almal voor sy vindingrykheid buig, waar hy die toon aangee en die held is wat alles kan vermag (Grobbelaar 1981:455). Hoewel dit moontlik is dat daar heelwat grootspog- of grootliegverhale gedurende en na die grensoorlog vertel is (aangesien een informant vertel dat hy self 'n medalje vir grootliegverhale geprakseer het), het slegs een informant van so 'n grootliegkarakter vertel. Individue gee verskillende weergawes van 'n geveg wat gedurende die grensoorlog plaasgevind het, omdat elkeen op sy eie manier in 'n oorlewingstryd gewikkel was. Soos een informant dit stel: alle verhale oor gevegte kan as legendes beskou word omdat dit elemente van waarheid sowel as nie-waarhede bevat.

'n Legende is 'n vertelling wat verbind word aan 'n bestaande karakter en/of plek, maar waarvan die verhaaldeelte nie waar is nie. Dit is egter gebaseer op 'n ware gebeurtenis of plek en bevat 'n sterk verbeeldingselement. Sover bekend bestaan daar nie legendes uit die grensoorlog nie, maar daar is van 'n hele paar legendariese karakters vertel. In Afrikaans bestaan daar reeds legendariese karakters soos Adriaan van Jaarsveld uit die dae van die oosgrens in die Kaapkolonie, Hans de Lange of Hans Dons uit die Groot Trek en generaal De Wet uit die Anglo-Boereoorlog. Koos Meyer is 'n voorbeeld van 'n eietydse legendariese karakter hoofsaaklik uit die tyd toe hy 'n student aan die Universiteit van Stellenbosch was. Informante het van Jan Breytenbach, Constand Viljoen, die Baron, Tant Poppie en Grootvoet uit die grensoorlog vertel. Vanweë hulle onverskrokkenheid en vernuf, kan verhale oor helikoptervlieëniërs en spoorsnyers met verloop van tyd legendes en legendariese karakters oplewer.

#### 5.2 Weermagtaal

*Bosbokke*: ligte vliegtuie wat gedurende die grensoorlog gebruik is

## **5.3 Grootliegverhale**

### **5.3.1 Rambo**

Daar was 'n inligtingsoffisier met die bynaam van Rambo. Tydens die voorligting elke oggend moes hy aan die lugbemanning die vyandelike situasie verduidelik. Dié inligtingsoffisier het nooit sy eie voorligtings geskryf nie, sy ondergeskiktes het dit gedoen. Die lugbemanning het ook nie sy inligting as geloofwaardig beskou nie. Op 'n keer was daar 'n foonoproep vir Rambo en hy moes na die operasiekamer gaan. Een van die vlieëniers het besluit om hom 'n poets te bak. Hy trek toe 'n rooi kring op die kaart, skryf *Rambo* daarby en voeg ekstra notas by sy aantekeninge. Toe Rambo terugkom, vra die vlieëniers hom na die spesifieke kring op die kaart. Rambo lees toe vinnig die aantekeninge en vertel vir sy hoorders van die groot groep terroriste in die omgewing en las sommer nog inligting by (Mnr. J.R. Kruger 1997:onderhoud).

### **5.3.2 'n Medalje vir grootliegstories**

'n Informant vertel dat hy na sy dienstydkamp in die bosoerlog aangestel is as seremoniële sersant-majoor van die militêre geneeskundige dienste. Hy het geïnteresseerd geraak in toekennings van die Suid-Afrikaanse regering aan lede van die polisie, weermag, gevangeniswese en nasionale intelligensie, en het medaljelinte begin versamel. Hy het elke medaljelint voorsien van die betrokke sitaat. Ingesluit by die versameling grensmedaljelinte, was daar 'n spesiale een wat die informant self gemaak het van weermagkruisbande. Volgens die sitaat wat hy self opgestel het, is dié medalje toegeken aan persone wat teruggekeer het van grensdiens en vertel het van hulle eie heldedade en hoe hulle in lewensgevaar verkeer het. Wanneer mense na sy versameling kom kyk het, was hulle seker dat hulle dié betrokke medalje ken en het eers hulle fout besef wanneer hulle die sitaat lees (Mnr. R.C. Medlin 1997: onderhoud).

### **5.3.3 'n Moontlike verklaring vir grootspog- en grootliegverhale**

Een van die informante is van mening dat 'n man na 'n geveg 'n storie kan vertel wat jou laat wonder of jy self deel van die geveg was. Elke man het sy eie persepsie van die verloop van die geveg. Vir hom is dit 'n geveg om lewe en dood tussen hom en die vyand en dit moet noodwendig 'n indruk op hom maak. Daar waar hy is, is die geveg volgens hom op sy hewigste, en is die ander manne besig om laag te lê en niks te doen nie. Hy baklei die geveg



op sy eie. Die informant meen dit is verstaanbaar aangesien dit iets persoonliks is wanneer daar op 'n mens geskiet word, jou vertelling is nie noodwendig aangedik nie. Die informant is van mening dat om 'n ware weergawe van die geveg te kry, 'n mens na al die stories moet luister en dit met 'n sak sout moet opeet (Mnr. J. Breytenbach 1997:onderhoud).

## 5.4 Legendariese karakters

### 5.4.1 Jan Breytenbach

Kolonel Jan Breytenbach was 'n besonder kleurryke karakter en daar is baie stories oor hom vertel. Hy sê self dat hy stories oor homself gehoor het wat hy nie eers kan plaas nie en dat mense stories aangelas het. So sou hy op 'n keer twee rye skote in die grond geskiet het sodat troepe daartussen moes staan wanneer hulle in die Flossie klim (Mnr. J. Breytenbach 1997:onderhoud).

Kolonel Breytenbach het moontlik 'n legendariese karakter geword weens sy slagveldsuksesse en sy vermoë om mense te motiveer. Hy het sy sê reguit gesê, ongeag met wie hy gepraat het. Baie mense het respek gehad vir sy gevegskuns. Hy was bekend as bossoldaat en was nie ingestel op die stafdienskorrektheid van sy optrede nie. Hy was van mening dat die oorlog baklei moes word om klaar te kry (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).

Voor 'n nagoperasie diep in Angola, gee kolonel Breytenbach op 'n keer die laaste bevele rondom die kampvuur. Die Engelsmannne sit aan die een kant, die Boertjies aan die ander kant. Kolonel Breytenbach wissel die orders in Engels en Afrikaans af. Die laaste ding wat hy sê is: *En as jy nie presies doen soos ek vir jou sê nie, dan los ek jou daar met een koeël, om jou self te skiet!* Die manne het hom geglo en nie kansse gevat nie. *Hy het sulke staalblou oë en as hy na jou kyk, dit lyk of hy deur jou kyk, in jou karakter in kyk* (Mnr. F. van Niekerk 1997:onderhoud).

Na operasie Protea moes ammunisie en wapens vanaf Ongiva in konvooi weggevoer word. Daar kom toe 'n buitgemaakte FAPLA-jeep aangery. Die man wat uit die jeep klim se gesig was pikswart, sy lyf was gebrand, sy broek was flenters, dit het gelyk soos 'n kortbroek met repe. Dit is toe Jan Breytenbach. Hy het 'n landmyn afgetrap met 'n vyandelike jeep wat buitgemaak

is. Dit was 'n komiekklike gesig, maar niemand het dit gewaag om te lag nie want hy was amper dood. Hy het tien beskermengele gehad en almal het oortyd gewerk om hom te beskerm (Mnr. F. van Niekerk 1997:onderhoud).

#### **5.4.2 Constand Viljoen**

Generaal Constand Viljoen se bynaam was Stofstrepie. Hy het vinnig geloop en hy is kort. 'n Mens het net so 'n stofstrepie gesien as hy aankom of wegstap. Met die aanval op Kassinga het hy saam met die eerste valskermtroepe ingevlieg. Die informant vertel dat toe hy weer sien, stap die generaal op die doelwit rond terwyl die geveg nog aan die gang is. Dit was baie gevaarlik, want hy kon doodgeskiet word of deur FAPLA gevange geneem word en in Luanda *uitgestal* word. Dit sou 'n groot skok vir Suid-Afrika gewees het as die Hoof van die Leër in Luanda beland het. Maar die generaal was bekend daarvoor dat hy tussen sy troepe beweeg het, al was dit gevaarlik. In dié opsig was hy 'n legende (Mnr. J. Breytenbach 1997:onderhoud).

#### **5.3.3 Die Baron**

Volgens vertellings was die Baron 'n Suidwester wat terroriste met granate vanuit sy vliegtuig bestook het as hy oor hulle vlieg (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud). Volgens 'n ander informant was hy 'n Duitser met die naam Kessler. Hy was 'n burgermaglid en het selfs sy eie vliegtuig met kamoefleerleure gevef. Hy het Suidwes soos die palm van sy hand geken en het baie vir die lugmag beteken, maar is dood in 'n vliegongeluk (Mnr J. Janse van Rensburg 1997:onderhoud).

Kessler het ook bekend gestaan as die mal Duitser omdat hy waaghalsig was. Op 'n stadium was daar 'n aandklokkeël en niemand was veronderstel om buite te beweeg nie. Bosbokke het saans groot lugfakkels uit die lug gegooi. Die lugfakkels het aan valskerms gehang om vyandelike bewegings sigbaar te maak. Dié valskerms was van sy gemaak en die Baron wou een van die valskerms hê vir sy dogter se trourok. Hy het onwettig geland en die informant was verplig om die valskerm wat hulle opgemerk het, te gaan haal (Mnr. J.R. Kruger 1997:onderhoud).



#### 5.4.4 Tant Poppie

Tant Poppie was 'n boervrou en lid van die Tsumebkommando. Sy het die operasiekamer beman en het die vermoë gehad om koel en kalm te bly in kritieke situasies en almal reg te help oor die radio. Sy het krisisse hanteer soos hulle kom en was 'n legende in die gebied suid van Oshivello. Haar man was 'n gids in 'n Ratel wat deur 'n vyandelike vuurpyl uitgeskiet is. Toe die berig deurkom dat haar man in kontak met die vyand dood is, het tant Poppie self die radio beman. Sy het besef dat haar man dood is, maar het nie haar pos verlaat nie (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).

Dit is bekend dat 'n vrou se stem beter dra oor 'n radio as 'n manstem, veral as kommunikasie swak is. Wanneer die manne ver weg was en kommunikasie swak, kon hulle duidelik hoor as tant Poppie praat. Dit was vir hulle kosbaar, veral omdat dit 'n vrou se stem was. Omdat hulle ver weg was van die huis en dan onverwags 'n vrouestem hoor, het dit geklink soos 'n ma se stem. Wanneer een van hulle rapporteer, dan sê tant Poppie: *Ai boetie, moenie moed opgee nie, hou net moed*. So het sy by geleentheid in die operasiekamer gesit en hulle bemoedig terwyl die manne geweet het haar man is net die vorige dag dood in kontak met die vyand (Mnr F. van Niekerk 1997:onderhoud).

#### 5.4.5 Helikoptervlieëners

Albei opponerende magte van die oorlog het groot waardering gehad vir die rol wat helikoptervlieëners gespeel het.

Helikopters was van die beste vervoermiddels vir die Suid-Afrikaanse magte. Hulle is in noodsituasies aangewend en het ook as troepedraers gedien. Helikoptervlieëners was vir 'n tydperk van agt tot twaalf maande in die bos ontplooi. Hulle was baie gesout en het die omgewing goed leer ken. Die vlug van Ondangwa na Eenhana het ongeveer 25 minute geduur. Dit was baie moeilik om in die bos te navigeer en hulle het baie laag gevlieg. Hulle het die kleinste koppietjie, wat 'n mens nie noodwendig op die grond raakgesien het nie, geken. Hulle was 'n uitsonderlike groep mense en was een van die mees gedekoreerde groepe in die lugmag weens hulle onverskrokkenheid (Mnr. C. de Swart 1997:onderhoud).

Hози was een van die helikoptervlieëners aan FAPLA kant. Hy was nie bang om in gevaarlike situasies te vlieg nie. As manne dringend gehaal moes word, was hulle seker dat dit Hози sou wees wat hulle kom haal. Die ander vlieëners van die eskader in Ovambo wou in 'n groep vlieg, maar Hози het nie gehuiwer om die manne te gaan uithaal nie. Ongelukkig het hy na die oorlog net verdwyn en niemand weet meer iets van hom af nie (Mnr. D.M.S. Watson 1998:onderhoud).

#### **5.4.6 Grootvoet**

Daar is jare lank na die terroris Grootvoet gesoek. Hy het sy naam te danke aan sy groot voete. Hy het in die hele Vamboland rondgeloop. Die plaaslike bevolking was baie bang vir hom. Hy kon vir myle loop en is kort-kort iewers opgemerk. So sou sy spoor in die weste van Vamboland opgemerk word, en net die volgende dag merk spoorsnyers weer sy spoor in die ooste van Vamboland op. Hy was bekend daarvoor dat hy vinnig kon beweeg - onnatuurlik vinnig vir iemand wat slegs te voet beweeg (Mnr. J. Janse van Rensburg 1997:onderhoud).

Grootvoet was ook aan FAPLA kant bekend. Hy het 'n skoenmaker in Tanzanië gevra om vir hom stewels van voertuigbande te maak. Die stewels was egter te groot en hy het die tone en hakke van die stewels afgesny. Dié soort stewel het bekend geraak as Grootvoet, byna soos die handelsnaam Adidas. Grootvoet was ook bekend as Dagtokkelossie. Hy kon verdwyn in beboste gebied en in die woestyn. Hy kon nie lees of skryf nie en het 'n sakkie maroelapitte by hom gedra om met die pitte aan te dui hoeveel voertuie daar in die omgewing was. Met sy kaal voete het hy die spore van voertuie nagemaak. Uit die skets wat hy in die sand gemaak het, kon mense die tipe voertuig uitmaak. Dit is nie bekend wat ná die oorlog van Grootvoet geword het nie (Mnr. D.M.S. Watson 1998:onderhoud).

#### **5.5 Spoorsnyers**

Spoorsnyers het 'n belangrike rol in die bosoerlog gespeel omdat hulle die vyand se spoor kon volg en uiteindelik vasstel presies waar die vyand hom bevind. Daar was Boesman-, swart en wit spoorsnyers. Hulle vernuf is toegeskryf aan blootstelling aan die natuur en ondervinding. In die berge en kliprante kon 'n spoorsnyer ook vasstel dat daar iemand geloop het, want hy het 'n paar treë voor hom 'n klippie sien lê met die grondkant bo. Die kuns was om die hele tyd



'n paar treë vorentoe te soek, want as spoorsnyers vlak voor hulle fokus, verloor hulle maklik die spoor (Mnr. F. van Niekerk 1997:onderhoud).

'n Informant vertel dat hy agter die spoorsnyer se rug geslaap het as dit koud was. Net die noodsaaklikste toerusting is saamgedra. Bedags was dit warm, maar snags kon dit baie koud word. So het Johannes, die spoorsnyer, gewoonlik voor of agter hom in 'n klein kringetjie gelê gedurende die koue nagte. As hy Johannes vandag sou raakloop, sou hy hom soos eregas behandel (Mnr. G.L. Van den Berg 1997:onderhoud).

### **5.5.1 Dewald de Beer**

Dewald de Beer het in die veld grootgeword en was bekend vir sy spoorsny-, oorlewing- en waarnemingsvermoë. Vroeg in die sewentigerjare is daar by geleentheid kontak gemaak met SWAPO by watergate in Angola. Daar is besluit om die SWAPO-spoor te volg om sodoende by die hoofgroep uit te kom. Dewald het op die modderskerm van die Land Rover gesit terwyl hulle al met die paadjie op SWAPO se spoor gery het. Hy het skielik sy hand gelig vir die voertuig om te stop, na die sand gewys en gesê dat die spoor presies tien sekondes oud is en dat hulle in die doodsakker van 'n hinderlaag gestaan het. Die omgewing was bebos en SWAPO was omtrent vyftien treë vorentoe. Daar is besluit om die spoor te volg en dit het in 'n halfsirkel weer bo-oor hulle eie voertuigspoor gehardloop. Die spoor is toe te voet opgevolg en hoewel daar nie spore op die grond was nie, kon Dewald steeds die spoor volg omdat hy die effense terugbuig van die boomtakke kon raaksien. Die SWAPO-lede is uiteindelik vasgekeer (Mnr. J. Breytenbach 1997:onderhoud).

### **5.5.2 Die reuk van vrees**

Met vee-operasies is die troepe drie-drie in 'n halfsirkel ontplooi. Valkermssoldate is 'n ent vorentoe afgelaai om spoor te sny en die terroriste in die rigting van die halfsirkel te dwing. Die drie lede van elke groepie moes mekaar aflos sodat die terroriste nie deur die halfsirkel breek nie. Vee-operasies het dikwels in die nag plaasgevind en sigbaarheid was baie beperk. Een man was van die platteland afkomstig en nie heeltemal oortuig van die erns van die situasie nie. Terwyl hy moes wagstaan, het drie terroriste by hom verbygekom sonder dat hy hulle opgemerk het. Die Boemanspoorsnyer wat die spoor gevolg het, was baie ongelukkig toe

hy beseft wat gebeur het. Volgens die spore het die terroriste reg op die drie afgeloop, hulle opgemerk omdat die een wat wag gestaan het besig was om te rook, en hulle gevolglik ontwyk. Verder het die spoor daarop gedui dat een van die terroriste omgedraai en teruggeloop het, die wagte vir omtrent 'n halfuur dopgehou het en toe padgegee het. Die spoorsnyer het vir die wagte gesê hy het omgedraai om hulle kele te kom afsny, waarna hulle angsbevangen was. Die volgende nag was die troepe baie paraat en die informant vertel dat hy letterlik die vrees kon ruik toe hy die droogmaker van die vorige nag besoek het. Hy was vreeslik op sy senuwees en het op 'n stadium sommer begin skiet. Van die ander troepe het toe ook begin skiet en die hele operasie moes gevolglik afgelas word (Mnr. G.L. Van den Berg 1997:onderhoud).

### **5.5.3 Vambovernuf**

Die informant, saam met Joep Joubert en Sterkhans Dreyer het op 'n keer oor 'n Koevoetspan wat besig was met 'n opvolgoperasie teen terroriste, gevlieg. Nadat die helikopter geland het, vertel die Koevoetbevelvoerder dat hulle die terroriste se spoor gevolg het. By 'n kraal van die plaaslike bevolking het die terroriste hulle stewels uitgetrek en kaalvoet verder geloop sodat hulle spore nie van die plaaslike bevolking s'n onderskei kon word nie. 'n Vambospoorsnyer wys egter 'n terroris se spoor uit. Die drie van hulle staan toe op hulle knieë om die buitelyne van die voetspoor te probeer uitmaak. Die spoorsnyer wys toe vir hulle dat 'n voet wat in 'n stewel was, se tone naby mekaar is, terwyl die plaaslike bevolking se tone ver uit mekaar is omdat hulle altyd kaalvoet loop (Mnr. R.S. Lord 1997:onderhoud).

### **5.6 Evaluering**

In ooreenstemming met Grobbelaar se definisie van 'n leuenvertelling, dik die inligtingsoffisier waarskynlik sy informasie aan om hom belangrik en in die beheer is van die situasie te laat voel. Hy ontsnap sodoende van die werklikheid. Die verskillende weergawes van gevegte is nie noodwendig leuenvertellings of grootliegverhale nie, maar eerder 'n bewys daarvan dat individue gevaarsituasies verskillend beleef omdat hulle intens daarvan bewus is dat hulle lewe in gevaar verkeer.

Soos Koos Meyer is legendariese karakters uit die grensoorlog eietyds. Die karakters het wel bestaan en die inhoud van die verhale is in die meeste gevalle geloofwaardig. In dié opsig is



karakters uit die grensoorlog nog nie volwaardig legendaries nie. Met verloop van tyd kan daar baie verhale rondom dié karakters gewef word wat van hulle volwaardige legendariese karakters kan maak.

Eienskappe wat by al die geïdentifiseerde karakters na vore kom, is bo-die-normale, byna bomenslike en uitsonderlike eienskappe. Jan Breytenbach kon mense motiveer en hy het respek afgedwing. Hy het die gewone soldaat verteenwoordig omdat hy nie gehuiwer het om sy saak selfs aan 'n generaal reguit te stel nie. Soldate het hom gerespekteer en bewonder vir sy onverskrokkenheid; hulle het hom moontlik selfs geïdealiseer. Hy het gewaag om dinge te doen waarvoor hulle self weggeskram het. Terselfdertyd was hulle ook skrikkerig vir hom en hy was byna geheimsinnig omdat dit gelyk het asof sy blou oë dwarsdeur 'n mens kyk. Hulle het dit ook nie gewaag om vir hom te lag in 'n komiese situasie nie. Die uitlating dat hy tien beskermengele gehad het wat almal oortyd gewerk het om hom te beskerm, is tipies van die oordrywing in verhale rondom legendariese karakters.

Generaal Constand Viljoen het respek afgedwing omdat hy onverskrokke was en saam met sy soldate was wanneer hulle in gevaar verkeer het. Die Baron was waaghalsig en daar was iets romanties in die feit dat hy in 'n oorlogsituasie die symateriaal van 'n valskerm vir sy dogter se trourok wou hê. Dit kan dui op 'n soort ontvlugting in die onnatuurlike oorlogsituasie.

Tant Poppie is gerespekteer vir haar kalmte ten spyte van moeilike omstandighede. Sy was die verpersoonliking van die sagtheid van 'n vrou waaraan daar 'n algehele gebrek in die oorlogsituasie was. Die klank van haar stem was kosbaar vir die geharde soldaat. Sy het gestalte gegee aan hulle verlange na die vrouens in hulle lewens.

Daar was waardering en respek vir helikoptervlieëners wat onselfsugtig soldate in gevaarlike situasies opgelaai en na veiligheid gebring het. Aan spoorsnyers is buitengewone vernuf toegedig, somtyds gegrond, in ander gevalle moontlik minder geloofwaardig. Spoorsnyers kon die verskil tussen dood en lewe beteken en daar was in sommige gevalle 'n hegte band tussen spoorsnyers en soldate. By geleentheid het 'n spoorsnyer egter wraak geneem toe hy van mening was dat 'n soldaat sy plig versuim en sy werk ongedaan gemaak het.





## HOOFTUK 6

### KAPELANE EN GODSDIENS

#### 6.1 Inleiding

Mites is verhale wat uit die volksgeloof spruit en waarin God of gode 'n rol speel. Vertellings bloot op werklike gebeurtenisse gegrond, is belewenisvertellings en nie mites nie (Grobbelaar 1981:406). Verhale wat handel oor kapelane en godsdiens in die bosoerlog is dus nie mites nie maar belewenisvertellings met 'n godsdienstige strekking.

Sakkie du Plooy het 'n bundel vertellings *Wonderwerke op die grens* uitgegee. Daarin vertel hy van die gevare waaraan die manne blootgestel was en die bewarende hand van die Here in lewensgevaarlike situasies. Buiten Du Plooy se werk, kon daar geen verwysing gevind word na die rol van godsdiens in die lewe van soldate in die grensoerlog nie. Dat godsdiens wel 'n belangrike rol speel in die lewens van mense tydens 'n oorlog, blyk uit Pretorius se navorsing oor die Anglo-Boereerlog. Daar is talle verwysings na Bybeltekste in Boeredagboeke en offisierstelegramme. Die Boere is ook gereeld op kommando deur predikante besoek (Pretorius 1998:43 en 44).

Gedurende die grensoerlog is kapelane van verskillende kerke saam met soldate ontplooi. 'n Informant vertel dat hy ondervind het dat bevelvoerders 'n behoefte gehad het om met 'n kapelaan te praat voor 'n belangrike geveg, sowel as daarna, veral as daar 'n noue ontkoming was. Dit was daarom belangrik dat 'n kapelaan beskikbaar moes wees (Mnr. R.S. Lord 1997:onderhoud).

Omdat daar 'n goeie verhouding tussen kapelane en die soldate bestaan het, is daar humoristiese verhale oor kapelane vertel. Daar is ook vertellings oor die bewarende Hoër Hand en die belewenis van Kersfees op die grens. Die kapelaan het soms ook 'n lewensles by die gewone soldaat geleer.

## 6.2 Weermagtaal

*RPG-7V*: 'n tenkafweer-vuurpyllanseerder ook gebruik as vuursteunwapen

*'n Jakkalsgat*: 'n skuilplek gebruik tydens vyandelike aanvalle

*Fles vat*: om te veel alkoholiese drank te gebruik

## 6.3 Vertellings oor kapelane en godsdien

### 6.3.1 Die nuwe stad

By geleentheid het die Kapelaan-Generaal en 'n groep kapelane die grensgebied besoek. Met een van hulle onderlinge byeenkomste het hulle 'n gedeelte uit Openbaring, wat handel oor die nuwe stad, behandel. Een van die kapelane het ongelukkig die vorige aand fles gevat en saam met die manne gekuier. Hy het met 'n swaar kop gesit en nie aan die bespreking deelgeneem nie. Toe die Kapelaan-Generaal vir hom om sy opinie vra, was sy lakoniese antwoord: *Generaal, ek is mos nie eintlik 'n stadsmens nie* (Mnr. C.R.J. Thirion 1997:onderhoud).

### 6.3.2 Die dominee en sy whisky

Baie kapelane was in voeling met die manne en hulle het die vrymoedigheid gehad om probleme met dié kapelane te bespreek. Sommiges sou saam met die manne staan en bier drink en gesels. Dit was bekend dat die lugmag vir sy mense gesorg het wanneer hulle in die veld ontplooi was vir 'n operasie. Wanneer 'n Puma helikopter voorrade bring, was daar gewoonlik ook ys vir die manne. Een spesifieke kapelaan het dan gesorg dat hy by die lugmagmanne se kroeg kom sodat hy sy whisky en soda met ys kon geniet (Mnr. J.R. Kruger 1997:onderhoud).

### 6.3.3 Die kortste preek

Op 'n sekere dag in die bos het die kapelaan die mense nader geroep vir 'n diens. Terwyl die manne van hulle jakkalsgate af stap na die bevelsvoertuig in die oopte, het die lug skielik begin dreun. Almal het so vinnig hulle kon, na die naaste jakkalsgat gehardloop omdat hulle gedink het die dreuning was afkomstig van 'n vyandelike vliegtuig. Daar was tot vier manne in 'n jakkalsgat wat vir een man bedoel was. Die diens het later wel begin met 'n op en wakker gemeente maar 'n baie onrustige dominee. Skielik het bomme aan die linkerkant en toe weer aan die regterkant van die groep geval, maar die bevelvoerder het gesê die dominee moet voortgaan om paniek te voorkom. Die dominee het besluit om die diens vinnig te beëindig met



die volgende woorde: *Manne, julle moet ophou vloek. Here, help ons asseblief. Amen. Baie dankie manne, julle kan julle poste gaan beman* (Ds J.S Botha 1997:onderhoud).

#### **6.3.4 'n Ongelowige kom tot bekering**

'n Patrollie het in 'n SWAPO-hinderlaag ingeloop. Sewe RPG-skote en duisende masjiengeweer rondtes is op die manne geskiet. Die boomtakke is in 'n radius van omtrent 40 tot 50 treë afgeskiet. Dit het gelyk asof daar 'n haelstorm was. Net een van die manne is deur die kuit geskiet en hy was 'n ongelowige. Hulp het opgedaag en 'n opvolgoperasie het plaasgevind. 'n Kapelaan het drie-uur die middag 'n diens gehou nadat alles stil en rustig geraak het. Die boodskap het gehandel oor die verhaal van Daniël in die leeu kuil. Al die manne het gehuil, want dit was 'n wonderwerk dat daar geen ongevallen was nie en slegs een gewonde. Dié man het daardie dag tot bekering gekom (Mnr W.A. van Deventer 1997:onderhoud).

#### **6.3.5 Die Hoër Hand**

'n Informant vertel dat hy altyd 'n goeie verhouding met die kapelaan probeer handhaaf het, omdat die manne makliker met 'n kapelaan gepraat het en die kapelaan dus vir die bevelvoerder kon inlig oor die moraal van sy troepe. Een aand na ete het hulle gepraat oor 'n mens se sekerheid dat die Here hom wel bystaan in moeilike tye. Die vraag was of dit nie maar 'n geval was van goeie opleiding en beter gevegskuns as die vyand nie. Die kapelaan se antwoord was dat 'n mens dit miskien nie tydens die geveg besef nie, maar wanneer jy na die geveg terugkyk, besef jy dat die Hoër Hand jou tydens die geveg beskerm het. Volgens die informant is dit presies hoe hy dit later beleef het (Mnr.H. Boshoff 1997:onderhoud).

#### **6.3.6 Kersfees in die bos**

Een van die mooiste ervarings wat 'n soldaat tydens die oorlog gehad het, was 'n Kersfees in die bos. Sy vrou en kinders was by hom dié betrokke Kersfees. Daar is 'n Kerssangdiens vir Oukersaand gereël. 'n Stukkie is uit die Bybel voorgelees en daarna is Kersliedere gesing. Die ongeveer eenduisend man het die aand kersliedere gesing dat 'n mens hoendervleis gekry het. Die massa mansstemme het almal weemoedig gemaak en laat huis toe verlang. Hoe meer die manne huis toe verlang het, hoe harder het hulle gesing. Dit was 'n unieke gebeurtenis en dit

was moeilik om die gevoelens later te beskryf (Mnr. H. Boshoff 1997:onderhoud).

Aan FAPLA-kant het die manne oor die Kerstyd minder grappe vertel want dan het hulle huis toe verlang. Hulle het gepraat van gebakte hoender en gewonder wat hulle mense by die huis doen. Die vrouens van Luanda en Havana het gewoonlik Kerspakkies bestaande uit sjokolade, koekies en blikkies koeldrank voorberei vir die manne wat diens gedoen het (Mnr. D.M.S. Watson 1997:onderhoud).

### 6.3.7 'n Lewensles

Tydens 'n kontaksituasie moes 'n korporaal wat in 'n Ratel gesit het, omruil met die man wat in die Rateltoring sit. Om dit te kan doen, moes die Ratel stilhou sodat die omruiling buite die voertuig kan plaasvind. Die betrokke korporaal was sowat 20 jaar oud, fris gebou en het vir Noord-Transvaal rugby slot gespeel. Met die omruiling ontplof 'n skoot langs hom en hy verloor sy been onderkant die knie. Hy word afgevoer na 1 Militêre Hospitaal waar die kapelaan hom besoek. Die kapelaan vertel dat hy langs die korporaal se bed gaan sit het en met sy hand op sy arm vir hom gesê het hy het nie woorde nie. Die korporaal antwoord hom toe: *Doom, ek het nie twee voete nodig om spore in die lewe te trap nie*. Die kapelaan vertel dat hy daar weggestap het met 'n knop in die keel en dat dié boodskap hom lewenslank bybly (Ds. J.W.van Niekerk 1997:onderhoud).

### 6.4 Evaluering

Net soos die soldate, was die kapelane onderhewig aan die spanning, vrees en ongerief van die oorlog. Daar was waarskynlik ekstra druk op hulle vanweë die feit dat daar van hulle verwag is om in alle omstandighede, hoe moeilik ook al, te bemoedig en geestelike leiding te gee. Dit blyk dat kapelane ook hul sin vir humor kon behou tydens benoude oomblikke soos die geval toe die kapelaan se boodskap slegs uit twee sinne bestaan het; 'n vermaning om op te hou vloek en 'n gebed om hulp. Deur saam met die manne te kuier, het kapelane meer van hulle probleme te hore gekom, maar terselfdertyd van hulle eie spanning ontslae geraak. Die feit dat soldate goedig met kapelane spot, is bewys van die goeie verhouding wat daar wel tussen hulle bestaan het. Kapelane het somtyds ook iets by die gewone soldaat geleer. Een van die treffendste vertellings is dié van die jong soldaat wat sy been verloor het, maar vasberade was



om steeds voort te gaan met sy lewe omdat hy nie twee voete nodig het om spore in die lewe te trap nie.

Dit kom voor asof soldate deurentyd diep bewus was van die teenwoordigheid en beskikking van 'n Hoër Hand, hoewel hulle somtyds daaraan getwyfel het. Die boodskap van Daniël in die leeu kuil het hulle diep ontroer omdat hulle waarskynlik verskeie kere hulself in 'n soortgelyke situasie bevind het en hulself met Daniël kon identifiseer. Die feit dat daar dié betrokke keer slegs een gewonde was, het hierdie gevoel versterk.

Kersfees in die bos was, soos by soldate se naasbestandes by die huis, 'n belangrike geleentheid. Hoewel hulle oor afstand ver was van hulle geliefdes, het hulle die geleentheid gevier en was in die gees saam met hul geliefdes. Die oorgawe waarmee hulle Kersliedere gesing het, was 'n manier om die verlanse na familie en vriende te besweer. Die samehoringheidsgevoel het moontlik ook die verlanse ligter gemaak.

## HOOFSTUK 7

### EVALUERING

#### 7.1 Hipotese

Daar is by die aanvang van die studie uitgegaan van die hipotese dat ervarings uit die grensoorlog in die geheue van soldate vasgelê is en in die vorm van vertellings na vore kom. In die studie is daar bevind dat daar oor elke moontlike aspek van die oorlog en die daaglikse lewe van soldate vertellings ontstaan het. Daar bestaan dus 'n verband tussen belewenisvertellings uit die grensoorlog en die invloed wat die oorlog op die lewens van soldate gehad het. Dit blyk dat vrees vir die dood, die drang om te oorleef, verlange na naasbestaandes en eensaamheid van die belangrikste faktore was wat soldate, ongeag rang, kultuur of ras gedurende die grensoorlog saamgebind het. Verskeie belangrike individue, godsdiens, die gebrek aan vroulike teenwoordigheid, troeteldiere, konfrontasie met die dood en humor het die lewens van soldate beïnvloed.

#### 7.2 Die rol van kapelane en godsdiens

Weens die drang om te oorleef het godsdiens 'n baie belangrike rol in die lewens van soldate gespeel. Dit is dan ook die rede waarom kapelane saam met soldate in die operasionele gebied ontplooi is. Daar het 'n goeie verhouding tussen soldate en kapelane bestaan. Soldate het kapelane makliker in hul vertrouwe geneem as hul bevelvoerders, onder andere omdat die sin van die oorlog soms bevraagteken is en persoonlike probleme veel eerder met 'n kapelaan bespreek is. Die verantwoordelikheid wat daar op die skouers van kapelane gerus het, was dus groot, aangesien dit uit die vertellings blyk dat sommige kapelane aan dieselfde gevare en ongerief as gewone soldate blootgestel was. Daar was ook by soldate 'n kinderlike vertrouwe in 'n Hoër Hand soos onder andere blyk uit die wedervaring in die loopgrawe en aandoening na die boodskap van Daniël in die leeuuil, waarskynlik omdat hulle hulself by geleentheid met Daniël kon identifiseer.



### **7.3 Belangrike persone in die lewens van soldate**

Leiersfigure, spoorsnyers en helikoptervlieëners is geïdentifiseer as belangrike persone in soldate se oorlewingsstryd. Leiers soos generaal Constand Viljoen en kolonel Jan Breytenbach is legendariese karakters weens hulle onverskrokkenheid en omdat hulle vertrouwe ingeboesem het. Daarenteen kon Grootvoet, wat 'n bedreiging vir hulle lewens ingehou het, bo-menslik vinnig beweeg vir iemand wat te voet was. By albei die opponerende magte was daar groot waardering vir helikoptervlieëners, aangesien hulle onverskrokke en onselfsugtig was wanneer vuursteun gelewer moes word en soldate in lewensgevaar verkeer het en opgelaaï moes word. Spoorsnyers se vernuf kon die verskil tussen lewe en dood beteken, daarom was soldate lojaal aan spoorsnyers en het hulle lewens aan spoorsnyers toevertrou. Weens die onverskrokkenheid van helikoptervlieëners en spoorsnyers kan verhale oor hulle in die toekoms legendes word indien dit onder die breë volkslaag bekend word en daarna van geslag tot geslag oorgedra word.

### **7.4 Die gebrek aan vroulike teenwoordigheid**

Uit vertellings is dit duidelik dat daar 'n groot behoefte aan vroulike geselskap was. 'n Voorbeeld hiervan is die ophef wat van die sangeres Min Shaw gemaak is met haar besoek aan die operasionele gebied. Daar is ook vooraf gefantaseer oor die eerste vroulike suster wat in die operasionele gebied ontplooi is. Die teleurstelling was daarom groot toe sy nie aan al hulle fantasieë voldoen het nie. Daar kom 'n ongeërgdheid, blatantheid en onverskilligheid na vore wanneer daar vertel word van haar onaangename ervaring en die misverstand toe sanitêre doekies in plaas van bomverbande in die operasionele gebied aangekom het. Die werklike onderliggende behoefte aan vroulike teenwoordigheid kom te voorskyn in die vertelling oor tant Poppie. Sy is gerespekteer vir haar kalmte ten spyte van moeilike omstandighede; die klank van haar stem was vir hulle kosbaar en sy het gestalte gegee aan hulle verlange na die vrouens in hulle lewens. Soldate het daarom ook gedemoraliseer geraak en byna 'n karakterverandering ondergaan wanneer hulle slegte nuus van die huis af ontvang het, hetsy wanneer meisies hulle afgesê het of hulle vrouens hulle verlaat het.

### **7.5 Die rol van troeteldiere**

Aangesien soldate dit as 'n teken van swakheid beskou het om uiting te gee aan gevoelens van

hartseer en verlange, het troeteldiere as uitlaatklep gedien om uiting te gee aan hierdie emosies. Onder die omstandighede was gevoelens vir troeteldiere as aanvaarbaar beskou. Troeteldiere was 'n stuk normaliteit in onnatuurlike omstandighede en daar het 'n besondere hegte band bestaan tussen troeteldiere en hul eienaars. Dit was daarom soos dood in die familie as 'n troeteldier dood is.

### **7.6 Konfrontasie met die vyand en die dood**

Wanneer soldate met die dood en die vyand gekonfronteer is, het elkeen dit op sy eie unieke manier beleef aangesien dit 'n aanslag op sy lewe was en hy die lewe ten alle koste wou behou. Daarom is daar verskillende weergawes van dieselfde geveg en kan dit nie as doelbewuste leuvertellings beskou word nie. Uit die vertellings van heldedade en noue ontkomings, blyk die besef van eie nietigheid, die afhanklikheid van God en die gevoel dat die dood oral teenwoordig is. Daar is verhale van dapperheid en volharding en vasberadenheid in die aangesig van die dood en die vermoë om kalm te bly in byna hopelose situasies. In gevaarlike situasies het soldate nie net aan hulle eie veiligheid gedink nie, maar ook aan die veiligheid van hulle makkers. In dié opsig het mediese personeel ook 'n belangrike rol gespeel om lewens te red terwyl hulle eie lewens in gevaar was.

Die dood van makkers het gevoelens van eensaamheid, skok, verdwasing, verslaenheid, hartseer, lae moreel, woede en soms selfs ontkenning van die dood tot gevolg gehad. Om die trauma wat die dood van 'n makker meebring te help verwerk, was dit gebruikelik om op een of ander wyse die laaste eer aan die ontslapene te betoon. Wanneer 'n soldaat verantwoordelik was vir die dood van die vyand, het hy na die geveg intense skuldgevoelens ervaar omdat hy besef het dat hy verantwoordelik was vir die dood van 'n medemens.

### **7.7 Die rol van humor**

Uit die aard van die oorlog was daar baie ontberings en het soldate onder primitiewe omstandighede geleef. Die gebrek aan persoonlike higiëne is met vindingrykheid oorkom en het selfs tot etlike humoristiese vertellings aanleiding gegee. Hoewel die meerderheid informante humoristiese verhale vertel het, wil dit nie sê dat die oorlog as 'n grap beleef is nie. Die humoristiese vertellings wat tydens die oorlog vertel is, moet beskou word as 'n manier



om die onaangename ervarings te hanteer en te verwerk; humor was dus 'n oorlewingsmeganisme. Humoristiese vertellings oor die grensoorlog wat na die tyd vertel word, kan ook toegeskryf word aan die feit dat 'n mens eerder die aangename as die onaangename ondervindings onthou. Uit die vertellings blyk dit dat daar ten spyte van die angste en eensaamheid wat die oorlog meegebring het, 'n nostalgiese terugverlang na die grensoorlog is en dit openbaar in 'n groot mate die invloed van ervarings op die lewens van soldate. Die ervarings is in die geheue vasgelê en sal waarskynlik in die vorm van vertellings vir die res van hulle lewens saamgeneem word. Daar kan aanvaar word dat die ervarings uit die oorlog 'n vormende invloed op hulle lewens gehad het en dat die herinneringe daaraan hulle die res van die lewe sal bybly.

**BRONNELYS**

- Barnard, S.L. 1991 'n Historiese oorsig van die gewapende konflik aan die noordgrens van SWA/Namibië 1966-1989 (*Acta Academica*, 23(1), Maart).
- Boshoff, S.P.E. 1936 *Beskouinge en feite*, Nasionale Pers: Kaapstad.
- Breytenbach, J. 1986 *Forged in battle*, Saayman en Weber: Kaapstad.
- Breytenbach, J. 1990 *They live by the sword*, Lemur: Alberton.
- Brunvand, J.H. 1981 *The vanishing hitchhiker, American urban legends and their meanings*, Norton and Company: New York.
- Burden, M 1993 Die volkstaal en volkswoordkunde van die Grasvelders (*Die Kultuurhistorikus*, 8(1), Junie).
- Burden, M. 1996 *Yzerfontein - Weskuswonder*, US Drukkery: Stellenbosch.
- Coetzee, A. 1949 *Ons volkslewe*, J.L. van Schaik: Pretoria.
- Coetzee, A. 1953 *Die Afrikaanse volkskultuur*, Balkema: Kaapstad
- Coetzee, A. (red.) 1967 Inleidende opmerkings oor die volksverhaal en volksverhaalvorsing (*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 23(3-4), Julie-Oktober).
- Coetzee, A. 1970 Grootstadkultuur (*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, April 1970).
- Coetzee, J. 1978 *Verby die wit brug*, Human en Rousseau: Kaapstad.
- Coetzee, J. 1976 Mossie maar man... (*Die Huisgenoot*, 9 Julie 1976).
- Coetzee, J. 1978 Die Boesmansoldate van Suid-Afrika (*Die Huisgenoot*, 14 April 1978).
- Coetzee, J. 1978 Nee, ons is geen helde nie (*Die Huisgenoot*, 21 September 1978).



- De Vries, I. 1998 *Kom slag 'n bees*, Tafelberg-uitgewers: Kaapstad.
- Dégh, L. 1972 Oral folklore, Folk narrative (in R.M. Dorson: *Folklore and folklife*, University of Chicago Press: Chicago).
- Du Plooy, S. 1985 *Wonderdade op die grens*, Lux Verbi: Kaapstad.
- Du Preez, S. 1989 *Avontuur in Angola*, J.L. Van Schaik: Pretoria.
- Ferreira, J. 1998 *Boereoorlogstories, 34 Verhale oor die oorlog van 1899-1902*, J.L. van Schaik: Pretoria.
- Geldenhuys, J. 1993 *Dié wat wen*, J.L. van Shaik, Pretoria.
- Goldstuck, A. 1990 *The rabbit in the thorn tree, Modern myths and urban legends in South Africa*, Penguin Books: Londen.
- Goldstuck, A. 1993 *The leopard in the luggage, Urban legends from Southern Africa*, Penguin Books: Londen.
- Goldstuck, A. 1994 *Ink in the porridge, Urban Legends of the South African elections*, Penguin Books: Londen.
- Grobbelaar, P.W. 1974 *Volkslewe van die Afrikaner*, Tafelberg-uitgewers: Kaapstad.
- Grobbelaar, P.W. 1981 *Die volksvertelling as kultuuruiting met besondere verwysing na Afrikaans*, (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch).
- Grobbelaar, P.W. (red.) 1994 *Abel Coetsee se rubriek: Waar die volk skep*, Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde: Stellenbosch.
- Grobbelaar, P.W. 1995 Gedagtes rondom 'n vakgebied (*Die Kultuurhistorikus*, 10(1), Junie).
- Hattingh, S.G. 1950 *Sprokiesvorsing*, Witwatersrandse Universiteitspers: Johannesburg.

- Hattingh, S.G. 1964 Hans Dons - legendariese figuur (*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 20(2), April).
- Kotze, A. 1984 Grensmanne verlang ook (*Sarie Marais*, 26 September 1984).
- Le Roux, A. 1985 Recces rateltaai en vreesloos (*Die Huisgenoot*, 6 Junie 1985).
- Loots, W.J.G. 1961 *Die herkoms, ontwikkeling en verspreiding van die reisiesverhale* (Ondepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit Witwatersrand).
- Loots, W.J.G. 1973 Afrikaans folklore in South Africa (*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 29(4), Oktober).
- Lord, D. 1998 *Fire, flood and ice*, Covos Books: Roodepoort.
- Maartens, M. e.a. 1988 *Ses wenverhale*, Human en Rousseau: Kaapstad.
- Oberholster, A.G. 1985 Geesteshouding en naamgewing: 'n streeks-historiese perspektief (*Logos*, 5(1/2)).
- Oberholster, A.G. 1987 Raakpunte tussen streeksgeskiedenis en pleknaamkunde (*Nomina Africana*, 1(2), November).
- Oinas, F.J. 1972 Folk Epic (in R.M. Dorson: *Folklore and Folklife*, University of Chicago Press: Chicago).
- Pretorius, F. 1998 *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, Struik: Kaapstad.
- Pretorius, F. 1999 *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, Human en Rousseau, Kaapstad.
- Retief, B. 1986 *Half boom, half mens*, J.L. van Schaik: Pretoria.
- Retief, B. 1990 *Humor in S A uniform*, Perskor: Johannesburg.
- Roos, M. 1988 As vrees 'n troepie laat knak... (*Die Huisgenoot*, 25 Augustus 1988).



- Spies, F.J.Du T. 1989 *Operasie Savannah Angola 1975-1976*, Perskor: Pretoria.
- Steenkamp, W. 1983 *Borderstrike*, Butterworth Publishers: Durban.
- Steenkamp, W. 1990 *Suid-Afrika se grensoorlog 1966-1989*, Ashanti Publishing: Rivonia.
- Steyn, J.C. 1976 *Op pad na die grens*, Tafelberg-uitgewers: Kaapstad.
- Steyn, J.C. 1996 *Vrolike en verskriklike ondervindings van gewone mense*, Tafelberg-uitgewers: Kaapstad.
- Steyn, J.C. 1999 *Veg en vlug, manne en vroue vertel hul ware verhale uit die Anglo-Boereoorlog*, Tafelberg-uitgewers: Kaapstad
- Strachan, A. 1984 *'n Wêreld sonder grense*, Tafelberg-uitgewers: Kaapstad.
- Swart, P. 1998 Mites as reine waarheid (*Rapport*, 20 Desember 1998).
- Terblanche, K. 1977 Angsnag in die bos (*Die Huisgenoot*, 25 Februarie 1977).
- Van der Merwe, H. 1990 Eietydse volkskulturele tendense in 'n verstedelike samelewing, (Ongepubliseerde referaat, Kongres van Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis, Pretoria).
- Van der Merwe, K. 1974 Helde van die grens (*Die Huisgenoot*, 26 Julie 1974).
- Van der Merwe, K. 1975 Ons hulde aan 'n jong soldaat (*Die Huisgenoot*, 26 Desember 1975).
- Van der Merwe, K. 1976 Helde aan die grens (*Die Huisgenoot*, 3 Desember 1976).
- Van der Merwe, K. 1976 Op die grens (*Die Huisgenoot*, 5 Maart 1976).

- Van der Merwe, K. 1976 Die slag om brug veertien (*Die Huisgenoot*, 7 Mei 1976).
- Van Heerden, E. 1983 *My Kubaan*, Tafelberg-uitgewers: Kaapstad.
- Van Niekerk, A. 1987 Jou dienspligtige se eweknie (*Sarie Marais*, 16 Desember 1987).
- Van Pletzen, J. 1980 *Liewe Ma, Briewe van Kleinjan*, J.P. van der Walt: Pretoria.
- Venter, P. 1995 *Ek was daar...*, Hamba Straight-uitgewers: Vishoek.
- Venter, P.C. 1979 *Hansie Slim*, Perskor: Johannesburg.
- Viljoen, J. 1987 Wynand: die ware verhaal (*Die Huisgenoot*, 24 September 1987).

#### **TYDSKRIFTE EN KOERANTE**

- Acta Academica* 23 (1) Maart 1991.
- Die Huisgenoot* 24 Julie 1974 - 21 September 1978, 6 Junie 1985, 24 September 1987, 25 Augustus 1988.
- Die Kultuurhistorikus* 8 (1) Junie 1993, 10 (1) Junie 1995.
- Logos* 5 (1/2) 1985.
- Nomina Africana* 1 (2) November 1987.
- Rapport* 20 Desember 1998.
- Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 20 (2) April 1964, 23 (3-4) Julie-Oktober 1967, April 1970, 29 (4) Oktober 1973.
- Sarie Marais* 26 September 1984, 16 Desember 1987.

#### **MONDELINGE BRONNE**

- Boshoff, H. mnr. 1997 Erfthoewe, Ingogo, Newcastle, infanteris. Geboortedatum: 15/5/1957.



- Botha, J.S. mnr. 1997 Koos van Zylsingel 6, Voortrekkerhoogte, kapelaan. Geboortedatum: 23/12/1952.
- Breytenbach, J. mnr. 1997 Luonstraat 84, Monumentpark, Pretoria, valskermsoldaat. Geboortedatum: 14/7/1932.
- Coetzee, F. mnr. 1997 Krigestraat 86, Peeriespark, Kraaifontein, landbounavorsingstegnikus. Geboortedatum: 23/2/1963.
- De Swart, C. 1997 Turkooislaan 122, Lyttelton Manor, lugmagbevelvoerder. Geboortedatum: 9/7/1936.
- Du Toit, D. mnr. 1997 Irisstraat, Dwarskersbos, afgetree. Geboortedatum: 19/3/1925.
- Hartley, L.H. mnr. 1997 Duvernoy 162, Constantiapark, vlieënier. Geboortedatum: 12/11/1944.
- Janse van Rensburg, J. mnr. 1997 Louisstraat 196, Doringkloof, Centurion, vlieënier. Geboortedatum: 16/5/1954.
- Jansen van Rensburg, R.J. mnr. 1997 Penguinsingel 355, Wierdapark, medikus. Geboortedatum: 7/1/1952.
- Kruger, J.R. mnr. 1997 Magnusweg 37, Valhalla, inligtingsbeampte. Geboortedatum: 23/6/1954.
- Lord, R.S. mnr. 1997 Ninastraat 1028, Eldoraigne, vlieënier. Geboortedatum: 20/6/1936.
- Medlin, R.C. mnr. 1997 Huisnommer 2, 1 Militêre Hospitaal, Voortrekkerhoogte, krygspraktisyn. Geboortedatum: 25/1/1943.
- Strauss, A.L. mnr. 1997 Mulders' Mile 36, Eldoraigne, inligtingsbeampte. Geboortedatum: 12/9/1947.
- Thirion, C.R.J. mnr. 1997 Die Werf, Olympusrylaan, Pretoria-oos, inligtingsbeampte. Geboortedatum: 29/3/1939.
- Van den Berg, G.L. mnr. 1997 Barzoustraat 635, Garsfontein, Pretoria, sakeman. Geboortedatum: 27/7/1952.

- Van Deventer, W.A. mnr. 1997 Bassonstraat 286, Erasmia, inligtingsbeampte.  
Geboortedatum: 1/9/1943.
- Van Niekerk, A.F. mnr. 1997 Brairfossweg 16, Valhalla, valskermssoldaat.  
Geboortedatum: 24/4/1958.
- Van Niekerk, J.W. mnr. 1997 Jacobus Oppermanweg 40, Voortrekkerhoogte,  
kapelaan. Geboortedatum: 21/9/1957.
- Watson, D.M.S. mnr. 1998 Linkinstraat 10, Pierre van Ryneveld,  
inligtingsbeampte. Geboortedatum: 24/4/1959.